GRAAN SA/GRAIN SA


GRAAN SA GRAIN


GRAIN SA GRAAN SA

# NAMPO

## OESDAG/HARVEST DAY

APRIL 2015 BYLAE SUPPLEMENT





## 12 - 15 Mei/May 2015

### Landbou-vertoonvenster/Agricultural showcase







NAMPO toep/app
Kry joune/Get your's
App Store Google play

Graan SA/Grain SA Radio 99.2 FM
www.nampo.co.za • www.grainsa.co.za
www.nampo.mobi • www.ticketpro.co.za.

ticketpro



The Bulk Grain Storage **Revolution!**

**A complete and cost effective system for your grain storage.**

**Silo Bag®**

**www.silobags.com**



Baggers



De-Baggers



Sweepers



Silo Bags



Fertilizer Carts



Grain Carts



Forage Baggers



Silo Seala - *Exclusive to Silo Bag*

Wilhelm Grütter
Tel: +27(83) 457-9372
wg@silobags.com

Jan Dreyer
Tel: +27(83) 279-3211
jd@silobags.com

Fax: +27(58) 303-9600
37 Naude Street, Bethlehem, 9700
PO Box 2319, Bethlehem, 9700

# Voorwoord



**Estie de Villiers**
redakteur*: SA Graan/Grain*

GRAAN SA
GRAIN SA
SA GRAAN SA GRAIN

ISSN 1814-1676

**EIENAAR/UITGEWER**
**GRAAN SA, POSBUS 88, BOTHAVILLE 9660**
**BESTURENDE REDAKTEUR:** Johan Loxton
Tel: 08600 47246 • Faks: 086 509 7276
• E-pos: *johan@grainsa.co.za*

**REDAKSIE**
**REDAKTEUR:** Estie de Villiers
Tel: 013 752 5731 • Sel: 083 490 9449
Faks: 086 275 4157
• E-pos: *estiedv@mweb.co.za*

**ADVERTENSIEVERKOPE**
**KOLBE ADVERTISING** – Kaapstad
Jurgen van Onselen
Tel/Faks: 021 976 4482 • Sel: 082 417 3874
• E-pos: *jurgenvo@iburst.co.za*

## 'n Groot probleem...

**Ons** oudste dogtertjie lê nou een aand met slapenstyd in haar bed en sê ewe skielik uit die bloute, baie benoud: "Mamma, ek het 'n groot probleem."

Effens verskrik en bekommerd (soos enige mamma seker) vra ek haar wat die groot probleem is.

"Ek weet nie of ek eendag moet gaan boer of wilde diere moet gaan mak maak nie..."

Ek kon nie anders as om te glimlag vir dié sewejarige se groot dilemma nie. Die liefde vir die natuur en boerdery loop dik in haar are. Gelukkig lê daar nog 'n hele klompie jare voor waartydens sy kan tob oor die "groot probleem".

As jy dalk ook 'n "groot probleem" het oor watter kultivar jy volgende seisoen moet plant; watter werktuig jy moet aankoop; watter 4x4 die beste op jou plaas gaan werk; of watter bees- of skaapras jy moet oorweeg om in jou boerdery in te bring; maak dan beslis 'n draai by vanjaar se Graan SA NAMPO Oesdag – die vertoonvenster van landbou.

By die NAMPO Oesdag kan jy die nuutste werktuie, implemente en toerusting en nog vele meer op een terrein; op een dag (jy gaan sukkel, want NAMPO Park is baie groot, maar dit is moontlik); met mekaar vergelyk en produkkennis opdoen om 'n ingeligte besluit te neem oor wat vir jou boerdery gaan werk. Hier kan jy ook die nuutste landboutegnologie besigtig en al die vrae vra waaroor jy wonder.

Hierdie spesiale Graan SA NAMPO Oesdag-uitgawe bied 'n goeie oorsig van wat jy by NAMPO kan verwag en wat die uitstallers by hulle standplase en stalletjies aanbied.

Die uitstallers (wat bevestig het en korrek was met die ter perse gaan van dié tydskrif) is in afdelings in dié spesiale NAMPO-fokusuitgawe ingedeel en almal wat by die Oesdag uitstal plus hul standplaas/stalletjie word op die eerste bladsy van 'n spesifieke afdeling gelys. Ons adverteerders word ook spesiaal op dié bladsye uitgelig. Doen asseblief moeite en gaan maak 'n draai by hulle – sonder hulle sou hierdie fokusuitgawe nie moontlik gewees het nie.

### Waar jy wil wees

Die NAMPO Oesdag is natuurlik ook 'n ideale geleentheid om saam met vriende en familie van regoor die land te kuier – dit is niks vreemd om oud en jonk in die skaduwee van 'n boom te sien sit en gesels en iets te ete geniet nie.

'n Mens kan nie anders as om met 'n glimlag by die Oesdag rond te loop nie – hier voel 'n mens tuis – dit is jou "dam se eende". Dit is waar jy wil wees.

Sien jou by NAMPO!

Estie





# Inhoud










Maak 'n draai by die nuwe uitstallers in die SAMPI-saal wat spesifiek op die behoeftes van die dames fokus.

## AKTUEEL/RELEVANT


4 NAMPO Oesdag dra beeld van graanprodusente uit
5 Hierdie wenresep is op pad na 'n halfeeuviering
7 Agter die NAMPO Oesdag-skerm
8 Terreinkaart van NAMPO Park
15 Oesdag-inligting op jou vingerpunte
16 Pote, hoewe en hare: Die diere neem NAMPO op horings – dit raak net wilder en wilder!
19 NAMPO gaan elektronies
21 Vat die pad na NAMPO Park...
22 Kom geniet Graan SA-gasvryheid met 'n hoofletter G
26 Jou sintuie gaan feesvier
33 In die knyp? Hulle staan reg om in te gryp
41 Akkommodasie om van te kies en te keur tydens NAMPO Oesdag
43 Saadproewe – kom draai by hiérdie nuutjie!
49 Volg dié gesprek
54 Het jy geweet?
72 Dames mag maar te koop loop met hul Oesdag-inkopies
75 Raak stil by "muur van trane"
84 Damesprogram: Aanbieders maak plek vir inkopies
102 NAMPO Oesdag – wees daar!
116 Kom kyk hoe draai die wiele!
118 Ploegkompetisie beloof weer eens baie opwinding en aksie
119 Boerepatente bly 'n wenner
120 Boerepatente-inskrywingsvorm

9 BEMESTING/FERTILISER
10 Profert is besig om die sirkel te voltooi met ProGro

11 DIERE/ANIMALS
15 Opwindende NAMPO-promosies by Zoetis vanjaar

17 GEÏNTEGREERDE PLAAGBEHEER/INTEGRATED PEST CONTROL
19 'n Eerste vir Syngenta en NAMPO

25 GELDSAKE EN FINANSIËLE DIENSTE/ MONEY MATTERS AND FINANCIAL SERVICES
25 Vrystaat Mielies: Steeds innoverend

29 LANDBOU-ALGEMEEN/AGRI-GENERAL
33 Visit the Agritechnica stand in the NAMPO Hall
34 Tegnologie verseker gehalte heinings
37 Jou dinamiese vennoot in veranderende tye

## 39 NATUURLIKE HULPBRONNE EN ENERGIE/ NATURAL RESOURCES AND ENERGY

## 43 SAAD/SEED

42 Plant jou sukses
45 Wye produkreeks beskikbaar by NAMPO
47 DuPont Pioneer: Saad van sukses by NAMPO plant vinniger – oes meer

## 51 VOERTUIE EN TOEBEHORE/ VEHICLES AND EQUIPMENT

53 Ford wys sy spiere in die landboumark
54 Talk to us about your 4x4
57 New FUSO Canter LIFT set to revolutionise the South African light truck industry
58 GWM launches intensified attack on South African bakkie market

## 61 WERKTUIE, IMPLEMENTE EN TOERUSTING/ MACHINERY, IMPLEMENTS AND EQUIPMENT

65 Eqstra set to showcase at NAMPO
66 Verhoog effektiwiteit en winsgewendheid met AgriVaria-produkte – moet dit nie misloop by NAMPO nie!
68 New Husqvarna tillers offer versatility and high performance
76 Horsch – innoverende plantbewerkingstelsels
78 Monosem 12 and 16 row models with new features
81 Join the Stihl team as they showcase Stihl's premier range of power tools and equipment
83 Kom gesels met Rovic Leers oor jou unieke meganisasiebeplanning
86 Fast, efficient, economic and strong
87 Kubota – betroubaar, veelsydig en bekostigbaar
89 Kom besigtig die nuwe implemente wat Lemken ingebring het
90 Argo stel nuwe Landini 7- en McCormick X7-reeks bekend
92 Radium Engineering vier 50 jaar in die landboubedryf
94 BKT Flotasie-reeks vir uitmuntende prestasie op enige terrein
96 Sparex – your first choice
96 Kom gesels hier oor boorgatsilinders
97 Om te monitor is 'n moet
99 Topcon precision agriculture – designed to increase efficiency
100 Nuwe XXL-rusperbandkoning en meer
104 ZF presents their efficiency package for agricultural machinery
106 Verhoog doeltreffendheid, produktiwiteit met Sunflower
109 Case IH verower ses groot industrietoekennings – Magnum 380 CVT aangewys as Trekker van die Jaar
110 The Donaldson history continues...
111 TeeJet Matrix 430 provides simple, easy-to-use guidance
112 'n Eenstop vir meganisasie-oplossings
114 Kollig op New Holland boord- en wingerdtrekkers














*Onthou om te gaan loer na die slim patente by die Boerepatentekompetisie.*

## Medewerkers vir hierdie uitgawe:

**Ashley Erasmus en Jesseme Ross (uitlegkunstenaars), Elmien Bosch, Louise Kunz, Elmarie Helberg, Johan Smit en Adri Theron**

# NAMPO Oesdag dra beeld van graanprodusente uit

**Adri Theron, *SA Graan/Grain* medewerker**

**Dit** is net graanprodusente wat tussen beurtkrag en "beurtkos" staan. As ons nie graanprodusente het wat die risiko's aanvat wat die graanbedryf inhou nie, gaan ons dieselfde situasie met kos as met elektrisiteit hê – te min kos vir Suid-Afrika. Volgens mnr Jannie de Villiers, uitvoerende hoofbestuurder van Graan SA, is die uitdaging om die gaping tussen beurtkrag en "beurtkos" te vul daarin geleë dat mense 'n eenheidsgevoel het oor landbou. Die emosie om die groep mense wat sorg dat daar driemaal 'n dag kos op jou tafel is, te beskerm, moet ontstaan.

"Graan SA se NAMPO Oesdag is daarom vir ons 'n belangrike beeldbougeleentheid om daardie eenheid oor landbou te kan skep. Dit moet so ver gaan dat 'n onderwyseres byvoorbeeld vir haar leerlinge vertel dat die broodjie wat hulle vandag eet, die produk is van die koring wat 'n produsent geplant het," gesels De Villiers entoesiasties. Hierdie tyd van die jaar is almal by Graan SA druk besig met voorbereidings vir die Oesdag. *SA Graan/Grain* was gelukkig om hom so tussendeur 'n oomblik te laat stilstaan om 'n paar vrae oor die komende Oesdag te beantwoord:

## HOEKOM WORD DIE NAMPO OESDAG AANGEBIED?

Daar is verskeie redes waarom NAMPO gehou word, waarvan die belangrikste oorkoepelende doel verseker is om graanprodusente te ondersteun om hulle produktiwiteit en winsgewendheid te verhoog ten einde volhoubare voedselsekerheid vir ons land in die hand te werk. Die ander belangrike redes is:

- Om graanprodusente die geleentheid te gee om te sien wat die mark bied – wat is nuut op die mark en hoe vergelyk die verskillende produkte met mekaar as jy hulle saam op een terrein sien. Hulle kan ook die verskeidenheid evalueer – van die grootste tot die kleinste en die goedkoopste tot die duurste en ook watter funksies die verskillende produkte bied. Daar is iets van alles sodat die produsent behoorlike vergelykings kan tref.
- Die tweede doel behels netwerkgeleenthede. Die hele waardeketting se verteenwoordigers kom NAMPO toe, want hulle kan met mekaar kommunikeer en bande versterk. Omdat daar nie geskeduleerde programme is nie, is daar ruim geleentheid om rond te beweeg en met verskaffers te kommunikeer oor produkte en dienste waarvan hulle meer inligting benodig. Vir alle produsente, maar veral ook vir ons opkomende produsente, is dit 'n goeie geleentheid om by mentors of verskaffers aan te doen om te leer hoe sekere produkte of dienste werk. Graan SA gebruik ook die geleentheid om politici en beleidmakers te nooi om landbou en sy mense eerstehands te kom ervaar.
- Derdens is dit 'n geleentheid vir beeldbou. Ons doen moeite om die media uit te nooi en te ontvang, want mense wat NAMPO nie ken nie, kry 'n heel ander indruk van ons as hulle eerstehands met die nuutste tegnologie en produkte kennis maak – veral satelliettegnologie en presisieboerdery. Die beeld wat ons wil uitdra, is dat boerdery 'n wetenskaplike besigheid is.
- Vir ons as organisasie is dit ook 'n geleentheid om 'n inkomste te genereer. Ons moet dus verseker dat dit 'n winsgewende besigheid is, waaruit ons weer vir produsente dienste kan lewer.

## HOEVEEL UITSTALLERS IS DAAR EN NA WATTER NUWIGHEDE KAN BESOEKERS UITSIEN?

Ons verwag hierdie jaar ongeveer 650 uitstallers, waarvan 60 internasionale uitstallers gaan wees. Dit sluit lande soos Italië, Frankryk, Argentinië, die Verenigde State van Amerika (VSA) en Israel in. Daar is 'n hele aantal nuwighede waarna besoekers kan uitsien:

- 'n Opwindende toevoeging is die saadproefpersele. Agt saadmaatskappye het hierdie jaar saadproewe op die terrein aangeplant. Die uitdagings is groot met die droogte vroeër in die jaar en omdat sekere gewasse al teen die Oesdagweek ryp gaan wees, maar dit hou die voordeel in dat elke saadmaatskappy sy eie produkte in werklike omstandighede kan vertoon.
- Met die uitbreiding van die terrein het 'n besoek aan NAMPO 'n "ver stap"-geleentheid geword en om dit aan te spreek, is 'n interne vervoerstelsel ingebring met 'n paar sleepwaens wat sekere roetes op die terrein diens. Só kan besoekers opklim en na die ander kant van die terrein of die uitgaande roete ry – dit is vinniger en nie so vermoeiend nie. Dit is 'n nuwe diens aan Oesdaggangers wat ons hoop suksesvol sal wees.
- Die nuwe elektroniese kaartjiestelsel maak dit vir besoekers moontlik om hul kaartjies oor die internet te koop. Hopelik gaan dit meewerk dat mense uit die stad kaartjies moeitevry in die hande kan kry en dat dit die toegangsvloei sal verhoog. Om besoekers aan te spoor om hul kaartjies vooraf te koop, gaan die elektroniese kaartjies R10 goedkoper wees as by die hekke.
- Graan SA gaan vanjaar 'n tenthotel beskikbaar maak – soos wat dit by groot geleenthede soos die Argus gedoen word. Die instansie wat dit bedryf, gaan eenhonderd tweemantente en ablusiegeriewe oprig. Besoekers kan vooraf bespreek by www.harambeehotel.com en die tarief sluit ontbyt in. Ons wil dit net



Die NAMPO Oesdag is 'n geleentheid vir beeldbou en die organisasie doen moeite om die media uit te nooi en te ontvang. Hierdie was een van die onderhoude wat verlede jaar met Jannie de Villiers gevoer is.

buite die parkeerarea, aan die karavaanpark se kant van NAMPO Park, opslaan. Dit skep die geleentheid vir besoekers om nader aan die terrein oor te bly. Op hierdie manier poog ons om ons geriewe te verbeter en meer slaapplek te voorsien.

- Nog 'n nuutjie is die nuwe NAMPO toep (*app*) wat ons vanjaar bekendstel. Dié toep maak dit vir besoekers makliker om toegang tot inligting te kry sonder om met handevol brosjures rond te loop. Nadat die toep afgelaai is, kan die QR-kode van 'n deelnemende uitstaller geskandeer word. Die uitstaller se inligting of dié van sy produk sal dan elektronies na jou toe gestuur word en die uitstaller sal jou kontakbesonderhede ontvang. Dit is 'n toegevoegde waarde waardeur ons vir die uitstallers beter toegang tot die besoekers verleen en ook vir besoekers 'n beter diens lewer. Die beplanning is om die toep verder te ontwikkel vir meer gebruike en verdere waardetoevoeging.
- Dit lyk asof al meer produsente hulle in 'n mate tot wild as opsie begin wend. Meer uitstallers wat die behoefte aan wildboerdery aanspreek, word daarom betrek.
- Die laaste toevoeging is nou wel nie iets nuuts nie, maar met die omvang van beurtkrag wat ons die afgelope jaar ervaar, voorsien ons dat daar baie meer navrae gaan wees oor alternatiewe maniere om krag op te wek – veral sonkrag – en poog ons om ook in daardie behoefte te voldoen.

### IS DAAR SPESIALE VOORDELE VIR GRAAN SA-LEDE?

Graan SA se eerste prioriteit is in alle opsigte sy lede. Daarom is daar altyd 'n hele paar spesiale reëlings wat getref word om hierdie geleentheid nommer een op hul kalender te maak:

- Alle lede kry gratis toegang tot NAMPO. Hulle kan by die ledehek inkom en kry gratis parkering naby die ledelokaal asook vervoer met 'n gholfkarretjie tot by die ledelokaal waar ons hulle ontvang en waar hulle gesellig kan verkeer en ontspan.
- Hulle kry die geleentheid om op hoogte te kom en te bly met die nuutste produkte en dienste.
- Die wins wat uit die NAMPO Oesdag gegenereer word, word aangewend om beter dienste aan ons lede te lewer hetsy dit markinligting, navorsing, beeldbou of onderhandeling met die regering oor temas soos grondsake behels.

Dit is die direkte voordele vir lede. Die organisasie behoort aan sy lede – die lede is die aandeelhouers in Graan SA. Dit moet vir Graan SA-lede aangenaam wees om deel te wees van die terrein, fasiliteite en so 'n geleentheid.

### WAT IS JOU VISIE VIR NAMPO?

Ons poog om al hoe meer rolspelers by NAMPO te betrek. Daar is altyd nuwe ontwikkelinge en veranderings in die graanbedryf en ons sal graag op die voorpunt daarvan wil bly om seker te maak ons spreek die heel nuutste tendense aan. Ons sal ook nog meer rolspelers wil betrek om vir produsente te illustreer watter ander waardetoevoegingsgeleenthede daar is. Ons ken die bedryf soos hy nou daar uitsien, maar sal graag ons produsente op hoogte wil bring van enige geleenthede op verbetering wat daar mag bestaan.

NAMPO is die grootste landbou- en handelstentoonstelling in die Suidelike Halfrond, maar ons sal in die toekoms al meer deelnemers uit Afrika hier wil ontvang – nie net die afvaardigings wat hiernatoe kom vir waarneming nie, maar ook produsente van die Afrika-lande om hulle hier van die nuwighede te kom vergewis en van moontlike toekomstige produkte en dienste kennis te neem. Dan bly beeldbou en die belangrikheid van die graansektor vir voedselsekerheid 'n prioriteit. Daarin dra Nasie in Gesprek by tot die debat wat maak dat ons volhoubaarheid in plek kan hou. ❖

# Hierdie wenresep
## is op pad na 'n halfeeuviering

**Louise Kunz, *SA Graan/Grain* medewerker**

**As** 'n mens in ag neem dat die NAMPO Oesdag in 2016 vir die 50ste keer aangebied sal word, is die resep wat jaarliks gevolg word ter voorbereiding van dié besondere geleentheid, beslis een wat werk! Mnr Johan Loxton, bestuurder: Kommersiële Dienste van Graan SA, is reeds 19 jaar betrokke by die Oesdagreëlings. Hy vertel dat die oorspronklike doel van hierdie landbou- en handelstentoonstelling was om produsente die geleentheid te gee om op een dag, op een plek, 'n verskeidenheid produkte te kan sien en vergelyk en ook as produsente met mekaar en insetverskaffers te kan verkeer.

"Dit is die een faktor wat in die 49 jaar nog nie verander het nie – die Oesdag het dus om die regte rede ontstaan," voeg hy by. In die era waarin ons leef, is vernuwing egter aan die orde van die dag en daarom kyk die Oesdagkomitee jaarliks na die aanbieding van die Oesdag om te verseker dat dié landbouvertoonvenster aan die voorpunt bly, veral wat tegnologie en produkte betref. "Vernuwing moet plaasvind, daarom moes die manier van aanbieding oor die jare verander, maar die doel van die NAMPO Oesdag bly deurgaans dieselfde," noem hy.

Vervolg op bladsy 6

Vervolg van bladsy 5

# Hierdie wenresep is op pad na 'n halfeeuviering

Wanneer besoekers na afloop van die NAMPO Oesdag hul herinneringe oor 'n koppie koffie bespreek, spring die Oesdagkomitee (wat uit 13 komiteelede bestaan) reeds aan die werk met die volgende een se beplanning. Eerstens word alle administrasie van die pas afgelope Oesdag afgehandel. Daarna word probleemareas wat deur die komitee, personeel van Graan SA, uitstallers en besoekers aangemeld is, gefilter sodat noodsaaklike veranderings en verbeterings eerste aangespreek kan word. Beplanning, begroting, goedkeuring en implementering is volgens Loxton die resep wat gevolg word.

Mnr Cobus van Coller, voorsitter van die Oesdag, voeg by dat dié nabetragtingsvergadering wat na afloop van elke Oesdag gehou word, help om positiewe en negatiewe punte uiteen te sit. Sodoende word verseker dat die volgende Oesdag nog beter sal wees. Hulle ontvang gedurende die Oesdag uit alle oorde komplimente, versoeke en voorstelle.

"Baie van die mense wat voorheen betrokke was by Graan SA en die NAMPO Oesdag gee waardevolle terugvoer wat nie gering geskat kan word deur die komitee nie," aldus Loxton. Hy noem ook dat hulle twee keer per jaar met van die groter uitstallers vergader en ook hulle insette in ag neem. Met tegnologie wat amper daagliks verbeter, kan hierdie landbou- en handelstentoonstelling nie anders as om jaarliks te vernuwe nie. Volgens Loxton en Van Coller is hulle nou in die tweede fase van 'n driejaarplan om uitbreidings en verbeterings aan die Oesdagterrein aan te bring sodat nuwe en bestaande uitstallers geakkommodeer kan word.

Daar word gekyk na die vraag na uitstalruimte asook wat tot hul beskikking is om infrastruktuur in plek te kry voordat die plan uitgerol kan word. Die komitee is tevrede met die vordering op die nuwe terrein. Loxton noem dat een van die uitstallers wat verlede jaar na 'n groter standplaas verskuif het, reeds vanjaar 'n gebou oprig. "Kleiner en tydelike strukture is reeds opgerig en ander ontwikkelinge, soos die vestiging van gras, vind ook plaas. Die saadproefpersele is een van die grootste uitbreidings vir vanjaar," voeg hy by.

Daar word in 2015 ook iets nuuts aangebied vir die skoner geslag. Met die afstel van die damesprogram, kan aansienlik meer uitstallers wat spesifiek op die behoeftes van dames gerig is, geakkommodeer word in die saal waar die program voorheen aangebied is. Hierdie besluit sal na afloop van die 2015 Oesdag weer geëvalueer word. Omdat Suid-Afrikaanse produsente onder moeilike omstandighede boer, bly dit vir Graan SA belangrik om jaarliks hierdie positiewe landbougeleentheid aan te bied. Die NAMPO Oesdag bly die plek waar 'n produsent prakties kan sien wat in die mark is en wat die nuutste landboutegnologie bied.

"Jy kan op een dag, onder 'een dak' met kundiges gesels en dan 'n ingeligte besluit neem nadat die inligting, pryse en dienste vergelyk is," is Van Coller se verduideliking van die waarde wat die NAMPO Oesdag vir hom as produsent inhou. Hy glo dat die uitbreiding van die wildskomponent beslis belangstelling gaan lok. Nuwe wildsuitstallers, soos wildsgenootskappe, gaan waardevolle inligting met belangstellendes kom deel. Hierdie komponent wat stelselmatig by die Oesdag ingefaseer word, stel 'n verdere vertakking van die boerderybedryf ten toon.

Besoekersgetalle oor die afgelope drie jaar het bewys dat daar 'n gemiddeld van meer as 70 000 besoekers oor die vier dae deur NAMPO Park se hekke beweeg. Bywoning word nie te erg beïnvloed deur landboutoestande soos die droogte van hierdie seisoen nie. Aankope by uitstallers kan wel afneem, maar dit bly 'n positiewe geleentheid wat produsente nie wil misloop nie. Die weer beïnvloed wel besoekersgetalle en omdat die reënseisoen juis voorheen besoekergetalle laat afneem het, is die besluit 13 jaar gelede geneem om die Oesdag twee weke later te verskuif sodat Oesdagbesoekers die uitstalruimtes in droë toestande kan besoek.

Loxton vertel dat hy steeds opgewonde raak oor elke NAMPO Oesdag. "Die spangees en samewerking tussen die komitee, bestuur en personeel gedurende die Oesdag laat my elke jaar trots voel op dit wat op NAMPO Park plaasvind," gesels hy.

Met die 50ste Oesdag wat volgende jaar aangebied word, is 'n subkomitee reeds geïdentifiseer om na dié hoogtepunt op die NAMPO-kalender om te sien. Die komitee beplan ook om diegene wat voorheen betrokke was by die Oesdag vir insette te nader. "Hierdie is 'n geleentheid om erkenning te gee aan almal wat vroeër jare betrokke was by die Oesdag. Dit gaan 'n geleentheid wees vir die hele landboubedryf om landbou te vier," gesels die twee oor die viering van die 50ste bestaansjaar. "Ons is werklik bevoorreg om hierdie platform, die NAMPO Oesdag, te hê waar die beeld van landbou uitgebou kan word en waar netwerkgeleenthede geskep word," sluit Loxton af. ❖



**Johan Loxton en Cobus van Coller tydens verlede jaar se Graan SA NAMPO Oesdag.**

# Agter die NAMPO Oesdag-skerm

**Estie de Villiers, redakteur: *SA Graan/Grain***



Wim Venter, Johan Loxton en Bennie Zaayman.

'n Mens besef nie aldag hoeveel voorbereidings gedoen moet word voor 'n groot gebeurtenis soos die Graan SA NAMPO Oesdag kan plaasvind nie. Met 70 000 plus besoekers en meer as 650 uitstallers wat verwag word, is dit te verstane dat daar heelwat beplanning (asook harde werk en sweet!) in die gebeurtenis ingaan.

Die redaksie het met van die Graan SA-personeel wat nou betrokke is by die Oesdag gesels om te hoor wat alles agter die skerms plaasvind. Mnre Johan Loxton (bestuurder: Kommersiële Dienste, Graan SA), Wim Venter (oesdagbeampte: Graan SA) en Bennie Zaayman (plaasbestuurder: Graan SA) lig die sluier so effens vir ons lesers.

## DIE OESDAGKOMITEE

Elke lid van die Oesdagkomitee, met mnr Cobus van Coller (dagbestuurslid van Graan SA) as voorsitter, word bepaalde take/verantwoordelikhede toegedeel. Só word daar gedurende die Oesdag omgesien na die veeuitstallings, demonstrasies, die skoonhou van die terrein asook toegangsbeheer. Verversings is ook 'n belangrike komponent en al word die kiosks deesdae op tender toegeken, moet die spyskaarte en pryse nogtans goedgekeur en gereguleer word om te verseker dat pryse regoor die terrein gestandaardiseer is.

Verder is die Oesdagkomitee ook verantwoordelik vir die aanloopbaan en lugverkeerbeheer asook rampbestuur op die terrein. Die verkeers-, ambulansdienste en polisie word ook deur die komitee gekoördineer. Gedurende die tydperk wat die NAMPO Oesdag plaasvind, vergader die Oesdagkomitee elke oggend om 06:00 – waartydens terugvoer gegee word en die beplanning vir die dag gedoen word. Dan moet daar natuurlik ook medianavrae hanteer word, oorsese besoekers te woord gestaan word en enige versoeke wat uitstallers het, na omgesien word.

## OPGRADERING, UITBREIDING EN INSTANDHOUDING

Die opgradering en uitbreiding van NAMPO Park word volgens 'n prioriteitslys gedoen. Jaarliks, in Oktober, word die beplanning aan die Graan SA Dagbestuur vir goedkeuring voorgelê waarna die werksaamhede op die terrein begin.

Instandhouding word deurlopend gedoen en net voor die Oesdag in Mei begin, word voorkomende instandhouding ook gedoen. Dan word die gas- en verkoelingsinstallasies, die rioolstelsel asook boorgate nagegaan en al die elektrisiteitsvoorsieningspunte asook die kragopwekker wat op bystand is, getoets.

Uitstallers doen ook self reg deur die jaar instandhoudingswerk op hulle standplase. NAMPO Park is die afgelope paar jaar met 1 000 m² uitgebrei. Volgens Loxton behoort die infrastruktuur op die nuwe gedeelte oor die volgende ongeveer twee tot drie jaar gevestig te word. Daar moes onder andere twee brûe oor die waterbaan gebou word by die nuwe kaartjiekantore asook een wat swaarvoertuie kan akkommodeer. In Augustus verlede jaar is begin om die pad (van die nuwe uitbreiding) van die hek af te plavei.

## UITSTALLERS

Die aansoeke vir uitstallers vir die volgende NAMPO Oesdag open reeds 1 Junie – skaars twee weke ná die afgelope Oesdag. Uitstallers kan elektronies op die webtuiste aansoek doen en die kontrakte word in Novembermaand uitgestuur aan bestaande uitstallers wat weer by die Oesdag wil uitstal en wel kwalifiseer. Die keuringsproses vir nuwe aansoeke vind in Januarie en Februarie elke jaar plaas. Uitstallers begin reeds vanaf die middel van April om hulle werktuie, implemente en toerusting aan te ry NAMPO Park toe. Alle uitstallers moet reeds om 14:00 op die Maandag voor die Oesdag begin, met hulle uitstallings klaar wees.

## SEKURITEIT

Gewone patrollies word deurlopend gedurende die jaar op NAMPO Park gedoen en sekuriteit word reeds drie weke voor die Oesdag 'n aanvang neem, opgeskerp en uitgebrei. Karwagte, as deel van 'n werkskeppingsinisiatief, word ook tydens die Oesdag gebruik om Oesdaggangers se voertuie op te pas.

## EN WANNEER DIE HEKKE SLUIT?

Om 17:00, wanneer die hekke sluit, word daar begin om die sale skoon te maak en te sluit. Die terrein word opgeruim en enige herstelwerk waar nodig, word afgehandel. Daar word seker gemaak dat al die besoekers en uitstallers die terrein verlaat het – slegs die sekuriteitswagte en amptelike personeel word daarna op die terrein toegelaat.

## NAVRAE

Enige navrae gedurende die Oesdag kan aan die behulpsame personeel by die Inligtingstoonbank gestel word. Kyk ook in die hekprogram – wat gratis by die toegangshekke beskikbaar is. Hier kan jy presies sien wie wat waar uitstal. ❖

# Graan SA se NAMPO Oesdag
# Grain SA's NAMPO Harvest Day

Skematiese voorstelling van NAMPO Park
Schematic presentation of NAMPO Park

NAMPO PARK TERREINKAART
AANWYSING VIR LEDE NA GRAAN SA KLUBHUIS





# NAMPO 2015
## BEMESTING

| Uitstaller | Standplaas/Uitstalruimte | |
|---|---|---|
| Greenlands | 4 | Santam-saal |
| Industrial Commodities Holdings | 59 | NAMPO-saal |
| Kynoch | 33 | Buite |
| Microbial Solutions | 14, 15, 16 en 17 | Microbial Solutions-saal |
| Omnia Kunsmis | 103 | Buite |
| Profert Kunsmis | 106 en 107 | NAMPO-saal |
| Sasol Nitro | 131 | Buite |
| Soygro | 53 en 54 | NAMPO-saal |
| Stimuplant | 15 | Caltex-saal |







A12184

… om te verhoog, te vermeerder, of die kwaliteit en waarde van iets te verbeter … of om dit gewoon beter te maak?

Vir Kynoch beteken dit om produkte te ontwikkel wat ons produsente voorsien van innoverende tegnologieë wat die werking van bemesting en gewasse verbeter.

Ons noem dit "verbeterde doeltreffendheid deur innovasie" - die kern van alles wat ons doen.

Ons doen dit sodat jy uitstekende opbrengste en verbeterde winste kan geniet, want dit sal jou toelaat om te fokus op dit wat jou lewenskwaliteit verbeter.

**Kynoch – verbeterde doeltreffendheid deur innovasie.**

Kynoch

**Farmisco (Edms) Bpk.** h/a Kynoch Fertilizer Reg. Nr. 2009/0092541/07

011 317 2000 | info@kynoch.co.za | **www.kynoch.co.za**

Nie handeldrywend in die Wes-Kaap.

# Profert is besig om die sirkel te voltooi met ProGro

**WILLEM VAN ZYL,** landboukundige, Profert

Sedert 1999 is Profert trots om deel te wees van die plantvoedingslandskap van Suider-Afrika. Aanvanklik was die doelwit om N-, P- en K-produkte aan ons klante te lewer, maar oor tyd het Profert met die ontwikkeling van die ProGro-program daarna gestreef om holisties die beheerbare faktore saam met ons klante te probeer bestuur.

ProGro is die metodiek waarmee ons in Profert, saam met ons klante, na die hartklop van die grond luister. Met die spreekwoordelike stetoskoop en skaal in die hand, luister en meet ons fyn wat in die grond gebeur. Die program is fundamenteel 'n poging om die wetenskap van grondchemie, grondfisika en grondbiologie, op 'n bepaalde posisie in 'n aanplanting toe te pas. Sodoende poog ons om met ProGro volhoubare oplossings aan ons klante te bied. Die maatskappy streef daarna om met hierdie multidissiplinêre benadering wins te genereer vir almal betrokke asook om voedselsekerheid en kwaliteit vir die grondmikrobes, plant, mens en dier te help waarborg sonder dat hulpbronne agteruitgaan.


Die finale fase van die ProGro-verrykingsprogram bestaan uit die insamel en verwerking van opbrengsdata in verhouding met faktore wat reeds gemeet is op geografies verifieerbare punte. Uiters insiggewende tendense vloei daaruit voort wat 'n dramatiese invloed het op die effektiewe benutting van insette.

Profert het met die ontwikkeling van die Black-reeks homself verbind tot die vind van meer volhoubare oplossings vir gewasproduksie vir die produsente van Suider-Afrika – met ProGro poog ons om die sirkel te voltooi. As jy wil plant in Suider-Afrika en jy het data, besoek Profert se uitstalling gedurende vanjaar se Graan SA NAMPO Oesdag by stalletjie 106 en 107 in die NAMPO-saal. As jy nie data het nie moet jy die uitstalling beslis ook nie mis nie; ons sien uit daarna om jou met Profert se kundige bystand te help om data in te samel en te verwerk. ■



# NAMPO 2015

## DIERE



| Uitstaller | Standplaas/Uitstalruimte | |
|---|---|---|
| ABS Genetics SA | 11 | Suiwelkompleks |
| Accelerate Design | 3 | Caltex-diereverlenging |
| Afri Foam | 34 | Caltex-saal |
| Afrikaner Beestelersgenootskap van SA | 4 | Beeskompleks |
| Afrivet Business Management | 15 en 16 | Hinterland-saal |
| Agri Shalom | 240e | Buite |
| Agricon Pelleting | 19 | Grundfos-saal |
| Agrifeed Systems | 120b | Buite |
| Angus Beestelersgenootskap van SA | 3 | Beeskompleks |
| Animal Nutrition & Health (Pty) Ltd | 18 | Caltex-saal |
| Axxon | 88a en 88b | Buite |
| Barnlab | 3 | Suiwelkompleks |
| Bayer Health Care - Animal Health Division | 87c en 87d | Buite |
| Beef Shorthorns | 3 | Beeskompleks |
| Beefmaster Beestelersgenootskap van SA | 15 | Beeskompleks |
| Bestags | 3 | Caltex-saal |
| Big Dutchman | 25 | NAMPO-saal |
| Biorem Biologiese Produkte | 5 | Santam-saal |
| BKB | 2 | Skaapkompleks |
| Boerboktelersvereniging van SA | 3 | Skaapkompleks |
| Bonsmara Beestelersgenootskap van SA | 16 | Beeskompleks |
| Boran Beestelersgenootskap van SA | 6 | Suiwelkompleks |
| Brahman Beestelersgenootskap van SA | 6 | Beeskompleks |
| Brangus Beestelersgenootskap van SA | 14 | Beeskompleks |

| Uitstaller | Standplaas/Uitstalruimte | |
|---|---|---|
| Breedplan SA | 69 en 70 | NAMPO-saal |
| Braunvieh Beestelersgenootskap van SA | 18 | Beeskompleks |
| Charolais Beestelersgenootskap van SA | 7 | Beeskompleks |
| CHASA | 11 | Hinterland-saal |
| Chianina Cattle | 5 | Bees Annexe |
| Cipla Agrimed | 61 | NAMPO-saal |
| C-Lines South Africa | 47 | Caltex-saal |
| CMW | 16 | Skaapkompleks |
| Damara Telersgenootskap van SA | 4 | Skaapkompleks |
| De Heus | 35 | Caltex-saal |
| Dexter Beestelersgenootskap van SA | 8 | Beeskompleks |
| DIMSSA | 33 | Caltex-saal |
| Ditjabe Wildlife Services | 10 | Caltex-saal |
| Dormers Skaaptelersgenootskap van SA | 1 | Skaapkompleks |
| Dorper Telersgenootskap van SA | 7 | Skaapkompleks |
| Dosing Systems | 55 | NAMPO-saal |
| Drakensberger Beestelersgenootskap van SA | 2 | Beeskompleks |
| Endangered Wildlife Trust | 27 | Caltex-saal |
| Farmcity | 1 | Caltex-diereverlenging |
| Feedgrow | 232d | Buite |
| Four Lakes | 19 | Caltex-saal |
| Friesperdtelersgenootskap van SA | 1 | Perdekompleks |
| Gelbvieh Beestelersgenootskap van SA | 17 | Beeskompleks |
| Hereford Beestelersgenootskap van SA | 1 | Beeskompleks |




| Uitstaller | Standplaas/Uitstalruimte | |
|---|---|---|
| Hilltop Saddlery | 19d | Buite |
| Ile de France Skaaptelersgenootskap van SA | 8 | Skaapkompleks |
| Incotec South Africa | 1 | Total SA-saal |
| Intervet (Edms) Bpk | 15 | Skaapkompleks |
| JF Equipment | 5 en 6 | Caltex Verlenging |
| Kalahari Red Stoet | 19 | Skaapkompleks |
| Kanhym Landgoed | 8 | Suiwelkompleks |
| KK Animal Nutrition | 10 | Suiwelkompleks |
| Limousin Beestelersgenootskap van SA | 19 | Beeskompleks |
| Meatmaster Breeders Society | 6 | Skaapkompleks |
| Merial SA | 28 | Caltex-saal |
| Merino Landskaap | 9 | Skaapkompleks |
| Merino SA | 10 | Skaapkompleks |
| Molatek | 87a | Buite |
| Nasionale Wolkwekersvereniging | 86a en 86b | Buite |
| Nayela | 120c | Buite |
| New Quip Agri Supplies | 167d | Buite |
| Nguni Beestelersgenootskap | 1 | Suiwelkompleks |
| NMR Engineering | 65b | Buite |
| OLS Vereniging | 14 | Skaapkompleks |
| Packo RSA | 4 | Caltex-verlenging |
| Percheron Perdeterlersgenootskap van Suid-Afrika | | Bees Anneks |
| Pinzgauer Beestelersgenootskap van SA | 10 | Beeskompleks |
| PinZyl Genootskap | | Afdakke |
| Provimi SSA (Pty) Ltd | 20 | Caltex-saal |
| Ramsem | 12 | Skaapkompleks |
| Ratsbrand | | Skaapkompleks |
| Rau Easy Farming | 3 | Caltex-verlenging |
| Romagnola Beestelersgenootskap | 22 | Beeskompleks |
| Rooipoenskop Beestelersgenootskap van SA | 11 | Beeskompleks |
| Rooivleis Produsente Organisasie | 7 | Suiwelkompleks |
| SA Hugenoot Beestelersgenootskap | 5 | Suiwelkompleks |

| Uitstaller | Standplaas/Uitstalruimte | |
|---|---|---|
| SA Melkbokterlers | 13 | Suiwelkompleks |
| SA Miniatuurperdjies | 3 en 4 | Perdekompleks |
| SA Savanna | 21 | Skaapkompleks |
| SA Sybokhaarkwekersvereniging | 18 | Skaapkompleks |
| SA Vet cc | 4 | Caltex-saal |
| SA Vleismerino | 11 | Skaapkompleks |
| SafeTag | 21 | Zest WEG Group-saal |
| Saltcor (Pty) Ltd | 23 | Zest WEG Group-saal |
| Santa Gertrudis Beestelersgenootskap van SA | 9 | Beeskompleks |
| Semex SA | 9 | Suiwelkompleks |
| Senepol Beestelersgenootskap van SA | 1 | Bees Anneks |
| Simbra Beestelersgenootskap van SA | 21 | Beeskompleks |
| Simmentaler Beestelersgenootskap van SA | 13 | Beeskompleks |
| South Devon Beestelersgenootskap van SA | 12 | Beeskompleks |
| Sussex Beestelersgenootskap van SA | 5 | Beeskompleks |
| Swavet RSA | 22 | Caltex-saal |
| Tal-Tec | 233 | Buite |
| Tau Rollermeule | 44 | Caltex-saal |
| Taurus Veeverbetering | 2 | Suiwelkompleks |
| Tophok | 4 | Caltex-diereverlenging |
| Trailrider Saddles | 38 | Caltex-saal |
| Trogtek | 167e en 167f | Buite |
| Tuli Beestelersgenootskap | 4 | Suiwelkompleks |
| Ultimo | 12 | Suiwelkompleks |
| Van Rooy Skaaptelersgenootskap | 17 | Skaapkompleks |
| Varktelersgenootskap van SA | 20 | Skaapkompleks |
| Virbac | 89c | Buite |
| Voer & Waterkrippe | 140 d | Buite |
| Voermol | 88c | Buite |
| Wellfed Krippe | 87b | Buite |
| Wildlife Stud Services | 17 | Hinterland-saal |
| WRSA | 12 | Hinterland-saal |
| Zoetis SA (Pty) Ltd | 35b 1 | Buite |




# VOERKRAALAFRONDING VAN SPEENKALWERS

Ulrich Müller, Voermol
• 032 439 5599 • www.voermol.co.za • info@voermol.co.za

*Groot getalle speenkalwers word jaarliks in voerkrale op plase afgerond. Hierdie stelsel laat die speenkalfprodusent en/of mielieprodusent toe om self waarde tot sy produk te voeg. Die winsgewendheid van hierdie ondernemings word grootliks bepaal deur die verhouding tussen die speenkalfprys, die mielieprys en die vleisprys.*

Om 'n speenkalf suksesvol te voer en te bemark, is daar verskeie belangrike faktore wat aandag moet geniet. Hier volg 'n paar van die belangrikste aspekte waaraan aandag gegee behoort te word:

- **Voer.** Sowat 1.2 ton voer word benodig om 'n speenkalf markklaar te voer. Hierdie voer bestaan uit sowat 70% graan en/of "hominy chop" met die verdere 30% wat opgemaak word uit 'n afrondingskonsentraat, 'n hoë-proteïen konsentraat (HPK) en ruvoer. Met 70% graan (mielies) in die rantsoen, is dit duidelik dat die mielieprys, of meer spesifiek die verhouding tussen die mielieprys en die vleisprys, tot 'n groot mate die produsent se winsgewendheid gaan bepaal.
- **Speenkalf.** Die grootste enkele inset in hierdie ondernemings is die aankoop of waarde van die speenkalf. Dit is uiters belangrik dat die speenkalfprys nie te hoog is nie. Die waarde van die speenkalf (R-c/kg) word hoofsaaklik bepaal deur die massa en kwaliteit van die kalf. 'n Goeie kwaliteit speenkalf kan voer doeltreffend in vleis omskakel. Die tipiese gewig van die ideale speenkalf is tussen 200 kg en 250 kg.
- **Fasiliteite.** Groter voerkrale (500 plus staande) maak gewoonlik van goed-ontwerpte voerkrale gebruik. 'n Speenkalf kan egter ook suksesvol afgerond word in basiese fasiliteite soos 'n klein kampie met 'n voerbak, deur gebruik te maak van die Voermol-stelsel en **Voermol SB 100 (V4498)** of **Voermol Beefmaker (V7535)**.
- **Water.** Koel drinkwater van goeie gehalte is van uiterste belang. 'n Speenkalf benodig sowat 50 liter koel en skoon drinkwater per dag. Op 'n warm dag kan die behoefte na drinkwater heelwat hoër wees.
- **Eindmassa.** 'n Eindmassa van 440 kg of meer sal 'n karkas (A2/3 graad) van ten minste 250 kg lewer. 'n Goeie kwaliteit kalf behoort hierdie massa na ongeveer 120 dae in die voerkraal te bereik.
- **Mortaliteit.** Kalwers moet reg geprosesseer word (entings, doserings, behandelings, inplantate, ens.) ten einde mortaliteit tot 'n minimum te beperk.
- **Ligging.** 'n Voerkraal moet ideaal gesproke naby aan die graan en die mark geleë wees ten einde vervoerkoste te minimaliseer. Onthou, 'n tipiese speenkalf weeg 220 kg en benodig sowat 700 kg graan om uiteindelik 'n markgereed bees van 440 kg met 'n karkas van 250 kg te produseer.

## VOERMOLKONSENTRATE

Voermol bied 'n verskeidenheid konsentrate, elk geskik vir spesifieke omstandighede.

**Voermol SB 100 (V4498)** word gewoonlik aangewend deur kleiner voerkrale (500 kalwers en minder) met beperkte fasiliteite en handearbeid. Die Voermolstelsel vereenvoudig die voer van speenkalwers en lewer goeie resultate. Meng eenvoudig 200 kg **Voermol SB 100** met 800 kg graan (heel-mielies of "hominy chop") en voer die mengsel *ad lib*. saam met afsonderlike *ad lib*.-hooi (of mieliereste, koringstrooi, ens.). Met die Voermol-vetmestingstelsel word slegs basiese fasiliteite benodig. Die minimum vereiste is 'n voerbak of voerkrip waarin die **Voermol SB 100**- mieliemengsel *ad lib*. gevoer word saam met hooi in 'n hooirak. Die hooi kan ook in die vorm van veldweiding in 'n klein kampie voorsien word.

Waar beter mengfasiliteite beskikbaar is of kuilvoer gebruik word, word **Voermol SB 100** in volledige voermengsels aanbeveel. **Voermol SB 100** word ook suksesvol gebruik vir die voer van bulle en in Fase D-rantsoene. Sien gerus die Voermol-produkhandleiding vir meer besonderhede.

**Voermol Super 80 (V6059)** is 'n hoogs gekonsentreerde produk. Gevolglik is die insluitingsvlak laag en is dit belangrik dat die voer behoorlik gemeng word met die hulp van goeie mengfasiliteite soos 'n mengwa. Weens die lae insluiting van **Voermol Super 80**, word die Voermol-stelsel nie aanbeveel nie.

**Voermol Zilmol (V16978)** bevat die ß-agonis, Zilpatherol-HCl. Hierdie partisie-agent verhoog die neerlegging van spier (proteïen) ten koste van vet (energie). Gevolglik kan 'n kalf wat reeds die A2 vetheidsgraad bereik het, vir 'n verdere sowat 30 dae gevoer word sonder om oorvet te word. Sodoende word die positiewe voermarge ontgin deur diere langer te voer en verhoog winsgewendheid aansienlik. Terselfdertyd verhoog die uitslagpersentasie met sowat twee persentasiepunte. Die onttrekkingsperiode vir Zilpatherol-HCl is tussen drie en sewe dae.

VOERMOL
Wat die natuur kort - sal Voermol voorsien

Vir volledige meng- en voerinstruksies raadpleeg die Voermol Produkhandleiding, www.voermol.co.za of skakel die naaste Voermolagent.

# CYDECTIN®

**ANTIPARASITIESE OPGIETMIDDEL**

# KOOP 2 X 5 L CYDECTIN® POUR-ON

## en ontvang 'n GRATIS Slazenger baadjie

## by Nampo 12 - 15 Mei 2015




Promosie is geldig vir die tydperk van Nampo 2015. Vir elke 10 L (2 x 5 L) Cydectin® Pour-on wat aangekoop word sal 1 x Slazenger baadjie oorhandig word. Skakel gerus u Zoetis™ verteenwoordiger vir meer inligting rakende hierdie promosie. Beperkte voorraad is beskikbaar.

**VIR DIERE. VIR GESONDHEID. VIR JOU**

zoetis™

**CYDECTIN® POUR-ON:** Reg. Nr. G2388 (Wet 36/1947). Bevat 0,1 % m/v Moksidektien.
Zoetis South Africa (Pty) Ltd, Reg. Nr. 2012/001825/07 Posbus 783720 Sandton 2146. Tel: 0860 734937
www.zoetis.co.za.

DH 01/2015

Lutz Adv 3719/02/2015

# Opwindende NAMPO-promosies by Zoetis vanjaar

**DAVID HUMAN,** bemarkingsbestuurder, Zoetis


Die afgelope drie jaar het besoekers gewoond geraak om die nuwe "Oranje Stalletjie" van Zoetis te besoek waar die blou van Pfizer Dieregesondheid in die verlede te siene was.

Hierdie jaar is besoekers weer welkom om Zoetis te kom besoek en inligting te kry op al hulle dieregesondheidsvrae. Daar sal ook groot promosies wees op 'n verskeidenheid van produkte. Kom krap en wen byvoorbeeld met Startect-aankope en nog vele meer pryse om daagliks te wen. Een van die produkte waarop gefokus word by Graan SA se NAMPO Oesdag dié jaar is Cydectin® Pour-on.

Hierdie produk is vir die behandeling en beheer van gastro-intestinale rondewurms, langwurms, skurftemyte, rooi (bytende) en blou (suigende) luise, horingvlieë en bloubosluise van beeste.

Hierdie is 'n baie gerieflike reënvaste formulering met geen melk- of vleisonttrekkingsperiode. Data op lêer by Zoetis verwys na tot 'n 4%-toename in melkproduksie wanneer 'n kudde behandel word met die aanvang van laktasie.

Besoek Zoetis gerus by NAMPO 2015 (standplaas 35b – groot lapa) en vind meer uit oor hierdie en ander bloubloedprodukte! ■




▲ **Een van die produkte waarop daar dié jaar by NAMPO gefokus gaan word, is Cydectin® Pour-on. –** Cydectin Pour-on Reg nr: G2678 (Wet 36/1947)

# Oesdag-inligting op jou vingerpunte

**SA Graan/Grain redaksie**

**Indien** jy meer wil weet oor Graan SA se NAMPO Oesdag, besoek die webblad by www.nampo.co.za.

Lees hier meer oor onder andere:

- Hoe die Oesdag tot stand gekom het
- Die uitstallers
- Die organiseerders
- Interessante feite en syfers oor NAMPO
- Watter fasiliteite jy te wagte kan wees by NAMPO Park
- Verblyfopsies in die omgewing en vervoer na en van NAMPO Park
- Waar en hoe die voorafverkope van toegangskaartjies geskied

Vir jou gerief is die volgende ook op die webblad beskikbaar:

- 'n Roetekaart na NAMPO Park
- 'n Kaart van die uitstalarea
- 'n Program van die Oesdag (word nader aan die tyd geplaas)
- Kontakbesonderhede van persone wat oor meer inligting rakende die Oesdag beskik




WWW.NAMPO.CO.ZA

Vervolg op bladsy 17

# Pote, hoewe en hare: Die diere neem NAMPO op horings – dit raak net wilder en wilder!

**SA Graan/Grain redaksie**

**Sedert** verlede jaar het die vee-uitstalling by Graan SA se NAMPO Oesdag uitgebrei om sodoende ook wildverwante uitstallers te akkommodeer. Vanjaar het daar nog van hierdie uitstallers betrokke geraak en sal hulle nou nie net in die Hinterlandsaal te sien wees nie, maar ook in die Caltex-verlenging.

The Confederation of Hunters' Associations (CHASA) by wie 21 van Suid-Afrika se jag-assosiasies geaffilieer is, is weer op hulle pos tydens NAMPO vanjaar asook die SA Jagters- en Wildsbewaringsvereniging en Wildlife Ranching SA.

## VEE, VEE NET WAAR JY KYK!

Oudergewoonte sal daar weer vanjaar 'n reuse-verskeidenheid groot- en kleinvee by die veekomplekse te sien wees. Beestelersgenootskappe asook uitstallers wat verskeie beesrasse in Suid-Afrika verteenwoordig, sal hulle plekke in die KK Animal Nutrition Beeskompleks en die Bees Anneks volstaan.

In die MSD Animal Health Skaapkompleks kan besoekers skape en bokke van verskillende rasse asook 'n paar interessante spesies, kom besoek. Verskeie ander uitstallers sal ook in dié kompleks te kry wees.

NAMPO-gangers stroom jaarliks na die skaapskeer-, wolklas- en hanteringsdemonstrasies wat daagliks vanaf 14:00 - 17:00 by die MSD Animal Health Skaapkompleks te sien sal wees. Hier sal ook statiese vertonings van skaaprasse wees.

Die Varktelersgenootskap van Suid-Afrika sal weer vanjaar by NAMPO gaan draai om hul kennis met mede- of potensiële varkprodusente te deel.

## GROOT EN KLEIN PERDE TRAKTEER BESOEKERS

'n Jaarlikse hoogtepunt tydens NAMPO is die Fries- en miniatuurperde wat by die uitstalruimte agter die MSD Animal Health Skaapkompleks sal staan. As jy dus meer oor hierdie wonderlike diere wil weet, gaan maak hier 'n draai en vra die kenners!

Die parades en demonstrasies is ook iets wat jy nie moet misloop nie, so maak seker jy is daagliks om 16:00 daar! ❖

## Daaglikse veevertonings

**Beesprogram**
**08:00 - 17:00** – Statiese vertoning van beesrasse in die KK Animal Nutrition Beeskompleks en Suiwelkompleks
**15:00** – Beesrasbekendstellingsparade

**Skaapprogram**
**08:00 - 17:00** – Statiese vertoning van skaaprasse in die MSD Animal Health Skaapkompleks
**14:00 - 17:00** – Statiese vertoning sowel as skaapskeer-, wolklas- en hanteringsdemonstrasies by die MSD Animal Health Skaapkompleks

**Perdeprogram**
**08:00 - 17:00** – Statiese vertoning van perde agter die MSD Animal Health Skaapkompleks
**16:00** – Perderasbekendstellingsparade










**1:** **Die skaapskeerdemonstrasies is iets wat jy nie wil misloop nie, dit is omtrent groot sports!**

**2:** **By die beeskompleks kan jy hierdie groot diere van nader beskou.**

**3:** **Die Friesperde is een van die hoogtepunte van die veevertonings – hulle beskik oor uitsonderlike grasie vir sulke groot diere en jy kan dit elke dag om 16:00 kom geniet.**

# NAMPO 2015

# GEÏNTEGREERDE PLAAGBEHEER



| Uitstaller | Standplaas/Uitstalruimte | |
|---|---|---|
| Agchem Africa | 7 | Santam-saal |
| Arysta LifeScience | 30 en 31 | NAMPO-saal |
| BASF Crop Protection | 74 | NAMPO-saal |
| Bayer Gewasbeskerming / Bayer CropScience | 28 | Buite |
| Syngenta | 14f en 14g | Buite |

# Oesdag-inligting op jou vingerpunte

*Vervolg van bladsy 15*

### JOU PADKAART NA 'N LANDBOUPARADYS

Wanneer jy by NAMPO Park aanland, moenie vergeet om jou gratis kopie van die Oesdag se hekprogram by die hekke te kry nie. Dié boekie, wat net die regte grootte is om gemaklik in jou sak te pas, bevat onder andere 'n kaart van die Oesdagterrein asook 'n volledige uitstallerslys om te verseker dat jy vanjaar niks misloop nie. Hekprogramme sal ook by Graan SA se inligtingstoonbank beskikbaar wees.


### HOU JOU OOR OP DIE GROND

Graan SA Radio, aangebied deur OFM, sal tydens Meimaand op die lug wees met relevante landbounuus, onderhoude met kenners en ander verteenwoordigers. Wanneer jy dus in die omtrek van NAMPO Park is, maak seker om jou radio in te skakel en bly sodoende op hoogte van landbou- en NAMPO-sake! Graan SA Radio se frekwensie sal in Mei bekend gemaak word. ❖

SKANDEER QR-KODE

## *Al hierdie inligting*

Is ook nou verkrygbaar op jou selfoon – besoek net die Graan SA NAMPO Oesdag se *mobi site* by *www.nampo.mobi* vir gerieflike, byderhandse NAMPO-feite wat maklik op jou selfoon vertoon en afgelaai kan word.


14023 IDEA ENGINEE®S
Smart Farms
choose AMISTAR®
For more than 17 years, it's been helping farmers on more than 500 million hectares of farmland worldwide. Offering over 40 different formulations for a variety of crops. Results? More than 250 million tons of additional yield. No wonder AMISTAR® is the world's best selling fungicide.
For your farm, it's a very smart choice.
SmartFarm
Inspired
syngenta®
PROVEN
AMISTAR
Technology
READ THE LABEL FOR FULL DETAILS. AMISTAR®® contains azoxystrobin 250g/l (Reg. no. L6230, Act no. 36 of 1947). CAUTION. AMISTAR® Opti® contains azoxystrobin 60g/l and chlorothalonil 600g/l (Reg. no. L8265, Act no. 36 of 1947). CAUTION. AMISTAR® Top® contains azoxystrobin 200g/l and difenoconazole 125g/l (Reg. no. L7897, Act no. 36 of 1947). CAUTION. AMISTAR® Xtra® contains azoxystrobin 200g/l and cyproconazole 80g/l (Reg. no. L8567, Act no. 36 of 1947). CAUTION. AMISTAR®®, AMISTAR® Opti®, AMISTAR® Top® and AMISTAR® Xtra® is registered trade marks of a Syngenta Group Company. Syngenta South Africa (Pty) Limited, Private Bag X60, Halfway House, 1685.
Tel. (011) 541 4000. www.syngenta.co.za © Syngenta Ag, 2000. Copyright of this document is reserved. All unauthorized reproduction is forbidden.
@SyngentaSA

# 'n Eerste vir Syngenta en NAMPO

STEFAN VAN ZYL, produkbestuurder: Rygewasse (Weste), Syngenta Suid-Afrika

By die NAMPO Oesdag 2015 (aangebied deur Graan SA) hoef produsente nie net te luister na die Syngenta-kundiges nie, hulle kan ook sien waarvan daar gepraat word. In 'n eerste vir NAMPO asook Syngenta, kan produsente die saadplot op die perseel besoek om die maatskappy se tegnologie in aksie te sien.

Die saadplot bied 'n geleentheid waar Syngenta die nuutste tegnologie in saadbehandeling asook hul beproefde opbrengsbestuursprogram demonstreer. Produsente kan ook met kundiges kom gesels rakende Syngenta se opwindende reeks sonneblomsaad, wat in kombinasie met Syngenta se uitmuntende saadbehandeling en gewasbeskermingsprogram, 'n eenstop-oplossing aan produsente bied.

Die saadplot is egter nie al wat Syngenta by NAMPO aanbied nie. Produsente moenie vergeet om 'n draai by ons tradisionele stalletjie te maak nie. Soos altyd, is daar heelwat om oor te gesels. Besoek Syngenta se stalletjie vir meer inligting oor 'n verskeidenheid onderwerpe wat die moderne produsent se behoeftes aanspreek.

## Meer met minder

Net ongeveer 3% van die aarde se oppervlakte is geskik vir landbou en kan gebruik word om die voortdurend groeiende bevolking van kos te voorsien. Een van Syngenta se strategiese dryfvere is om meer met minder te produseer en om tegnologie, grond en mense te laat saamwerk vir 'n volhoubare toekoms. Ons sal graag met produsente gedagtes wil uitruil oor hoe die uitdagings van die 21ste eeu aangespreek word met Syngenta se geïntegreerde oplossings vir gewasse soos mielies, groente, koring en aartappels.

Sonder gewasbeskerming sal soveel as 42% van gewasse voor-oes en 'n verdere 10% na-oes verlore gaan. Tussen insekte, onkruid en siektes sal daar maar min oorbly vir menslike gebruik. Syngenta se A-Z-program is sinoniem met hoër opbrengs en beter kwaliteit gewasse. Meer inligting oor hierdie gewasprogramme is beskikbaar tydens NAMPO.

## Saadbehandeling

Die krag van saadbehandeling is 'n fokusarea vir Syngenta en 'n sleutelbegin vir enige optimale opbrengsbestuursprogram. Een van ons produkte wat op wortelstand toegespits is, is Cruiser Maxx®. Dit is 'n saadbehandeling wat beide swamme en plantluise beheer voordat die saailing nog sy kop bo die grond uitgesteek het.

## Miljoene aan produsente uitbetaal

In 2014 het Syngenta R37 miljoen aan produsente uitbetaal wat hul somergraan met AgriSafe™ verskans het. Kom vind uit wat behels hierdie innoverende manier om somergraan teen risiko te beskerm. Dié model skakel 'n produsent se Syngenta-rekeningwaarde om in 'n tonnewaarde op die Safex-termynmark, sonder om die produsent aan bykomende koste of risiko's bloot te stel. Die produsent word beskerm teen prysdalings, maar kan steeds voordeel trek uit prysstygings, sonder die risiko om die oes te lewer.

## Syngenta Graan Akademie

In Februarie 2015 het die derde groep jong produsente hulle jaar aan die Syngenta Graan Akademie begin. Die eerste kandidate het aan die einde van 2013 afstudeer en hulle terugvoer het bevestig dat hierdie doelmatige leierskapsontwikkelingsprogram vir kommersiële produsente die regte inisiatief op die regte tyd is.

Die Graan Akademie het ten doel om die landbouleiers van môre toe te rus om uitdagings aan te spreek op hulle eie plase en in die breë landbougemeenskap. Kom gesels met ons om uit te vind hoe jy een van môre se invloedryke leiers kan word danksy Syngenta se Graan Akademie.

Doen jy reeds besigheid in Afrika en stel jy belang om uit te vind hoe Syngenta kan hand bysit? Ons sal graag gedagtes wil uitruil oor hoe ons vennootskappe kan ontwikkel deur met kommersiële plase te werk om opbrengs te optimaliseer, landbou-ekonomiese risiko's te verminder en volhoubaarheid te verseker.

Soos jy kan sien, is daar meer as 'n handvol goeie redes om die Syngenta-uitstalling te besoek by standplaas 14f en 14g. Ons sien uit om jou by ons te verwelkom. ■

# NAMPO *gaan elektronies*

***SA Graan/Grain redaksie***

*Besoekers en uitstallers aan by die NAMPO Oesdag 2015 kan vir die eerste keer toegangskaartjies aanlyn en vooraf koop nadat Graan SA 'n ooreenkoms met TicketPro aangegaan het vir die aanlynverkope van toegangskaartjies. Daar gaan nie weer vanjaar kaartjies by Engen-diensstasies, Engen-depots of Senwes-handelstakke beskikbaar wees nie, maar wel aanlyn op die webblad www.ticketpro.co.za of www.nampo.co.za. Kaartjies sal vanaf April 2015 aanlyn gekoop kan word. Om op hoogte te bly, hou dié webblaaie dop en koop jou kaartjies vroegtydig aanlyn. Besoekers en uitstallers word aangemoedig om toegangskaartjies aanlyn te koop met 'n R10-korting vir elke kaartjie wat aanlyn gekoop word.*

*Die hekke open om 07:00 en sluit weer om 17:00. Geen troeteldiere, fietse, gholfkarretjies of motorfietse word op die terrein toegelaat nie.* ❖

***Hoeveel gaan dit jou uit die sak jaag as jy by die toegangshekke koop?***

**Dinsdag en Vrydag:** R90
**Woensdag en Donderdag:** R100
**Kinders – voorskool:** Gratis
**Parkering:** Gratis

***En as jy aanlyn koop?***

**Dinsdag en Vrydag:** R80
**Woensdag en Donderdag:** R90
**Kinders – voorskool:** Gratis
**Parkering:** Gratis


AgCelence®
Verwag meer.
Met AgCelence®
is jou nalatenskap
verseker.
L/S1841/BASF
Wat jy vandag in jou grond inploeg – jou harde werk, passie en AgCelence® – bepaal die toekoms vir jou nageslag.
AgCelence® ondersteun BASF se verbintenis tot innovasie wat jou in staat stel om maksimum opbrengste volhoubaar te produseer, jaar na jaar. Ons AgCelence®-oplossings help jou om jou plaas beter te bestuur deur verhoogde plantgroeidoeltreffendheid, uitstekende siektebeheer en stresweerstand te verseker. Met AgCelence® is jy verseker van verbeterde produksiedoeltreffendheid, bemarkbare kwaliteit en die beste opbrengs op jou belegging.
AgCelence® – help jou om die belofte van 'n nalatenskap waaraan jy vandag bou, te vervul.
BASF
We create chemistry
BASF Suid-Afrika (Edms) Bpk. ▪ Sestiendestraat 852, Midrand, 1685 ▪ Posbus 2801, Halfweghuis, 1685 ▪ Tel: +27 11 203 2400 ▪ Faks: +27 11 203 2461
Vir verdere besonderhede: www.agro.basf.co.za ▪ Webwerf: www.agro.basf.co.za ▪ Mobiele webwerf: m.agro.basf.co.za ▪ AgCelence® is 'n geregistreerde handelsmerk van BASF.

# Vat die pad na NAMPO Park...

## Bring jou vlerke vir 'n veilige landing

**SA Graan/Grain redaksie**


**Vir** diegene wat nie die lang pad wil aandurf nie en eerder in 'n vliegtuig wil arriveer, het NAMPO Park 'n aanloopbaan en landingstrook wat deur lugverkeerleiers en lugbestuursowerhede beman word.

Ter wille van veiligheid sal daar ook 'n lugverkeerbeheersone wees waarvan die kommunikasiefrekwensie 120,2 MHz is.



**NAMPO Park maak genoegsame voorsiening vir diegene wat eerder van lugvervoer gebruik wil maak.**

- Die tye van lugverkeerbeheer is tussen 05:00 en 09:00 en 13:00 en 15:30.
- Roepsein: NAMPO Tower.
- Die landingstrook is nie geregistreer nie en word op eie risiko gebruik.




- NAMPO Park is langs die R30, tussen Orkney en Bothaville geleë.
- GPS-koördinate is S 27° 13' 936" E026° 39' 958".
- Vir 'n volledige roetekaart, besoek die webblad by *www.nampo.co.za*.
- Verkeersverslae word daagliks gedurende spitstye op Graan SA Radio en OFM uitgesaai – sodoende kan jy op hoogte bly van verkeersopeenhopings en alternatiewe roetes.

## Hop op die Mielie Hop

**SA Graan/Grain redaksie**

**As** jy net lus is vir terugsit en ontspan terwyl iemand anders jou rondkarwei, dan moet jy beslis gebruik maak van die immergewilde Mielie Hop. NAMPO-besoekers word met minibusse en motors, wat deur Volkswagen Suid-Afrika geborg word, vervoer. Die bestuurders van hierdie voertuie beskik oor uitstekende bestuursvernuf, is goed opgelei en het die nodige bestuurderslisensies en permitte. Dankie aan John Deere Financial en Absa vir die bemarking van dié diens.

Vir meer inligting oor roetes, tye, koste en besprekings, skakel me Rina Greyling by 072 652 1261. Jy kan ook 'n e-pos stuur na sakekamer@bhv.co.za. ❖




**Die Mielie Hop sal weer vanjaar sorg vir veilige, moeitelose vervoer van en na NAMPO Park. Die Mielie Hop-hek is aan die noordekant van NAMPO Park geleë.**

# Kom geniet Graan SA-
## gasvryheid met 'n hoofletter G

*Terugblik op NAMPO 2014 by die ledelokaal*







**Willem Voogt, bestuurder: Bemarking en Finansies, Graan SA**

**Groot** opgewondenheid heers by Graan SA met die oploop na die 2015 Graan SA NAMPO Oesdag! Bo en behalwe die geleentheid wat die Oesdag aan Graan SA Hoofbestuur en personeel bied om met ons lede op 'n meer persoonlike wyse te kommunikeer, vind die nuwe Graan SA-ledelokaal groot byval by ons lede.

Graan SA se ledelokaal, sentraal geleë op die terrein, verwelkom Graan SA-lede met 'n stomende cappuccino vroeg in die oggend en 'n welkome rusplek gedurende die middaghitte. Met oorgenoeg ruimte, is die stoeparea die ideale bymekaarkomplek vir oud en jonk om verversings te geniet en ware Graan SA-gasvryheid te ervaar.

Soos gebruiklik, sal Graan SA-lede by die ledehek verwelkom word en met gholfkarretjies na die ledelokaal vervoer word. Verder sal lede weer eens toegang hê tot die lewendige Safex-skerms, met vergunning van Senwes, waar produsente op hoogte kan bly van pryse en veranderinge in die markte. Die Graan SA-ekonome sal ook byderhand wees om produsente met enige navrae te help of om sommer net lekker te gesels.

Die immergewilde "Nasie in Gesprek" bou voort op die vorige jaar se sukses en sal aangebied word tydens die NAMPO Oesdag. Bykomend tot die regstreekse Afrikaanse uitsending van die daaglikse gesprek, gelei deur die ekonoom mnr Theo Vorster, sal 'n Engelse produksie in die namiddag regstreeks uitgesaai word. Vanuit die gerief van die ledelokaal, kan Graan SA-lede die gesprekke, wat verskeie relevante onderwerpe sal dek, volg. Die "Nasie in Gesprek"-inisiatief word uitgesaai op kykNET en verskaf aan Graan SA 'n bykomende platform om bewustheid te skep en om die belangrikheid van ons lede se graanproduserende aktiwiteite te beklemtoon.

Die 2015 NAMPO Oesdag bied aan elke besoeker 'n unieke platform om met die landboubedryf se toprolspelers te netwerk, vriendskapsbande te smee en om bowenal te geniet wat dié unieke handelstentoonstelling bied. Elke jaar poog ons om jou NAMPO-ervaring te verbeter en ons sien uit daarna om jou in die Graan SA-ledelokaal te verwelkom.

Hou asseblief julle e-posse dop vir verdere reëlings rondom toegang. ❖

**1:** Tydens verlede jaar se NAMPO Oesdag. Agter: Dirk Kotze en Hans van der Berg (ledebemarking- en kommunikasiebeamptes, Graan SA) by Freek du Plooy. Op die gholfkarretjie is Anton Botha (Graan SA-hoofbestuurslid vir Streek 20) en Danie du Plooy, terwyl SP de Klerk en Barend de Klerk by hulle staan. Die produsente is almal van Bultfontein.

**2:** Lede het laatmiddag heerlik op die stoep by die ledelokaal ontspan. Hier kuier Theunis en Marietjie Prinsloo; Willie en Alta Marais; en Carel en Marietjie Peach (almal van Middelburg, Mpumalanga) saam.

**3:** Gerrit Dippenaar, Alfred Rossouw, Alfred Rossouw jr, Henk Fourie en Philco Steyn (almal van Potchefstroom) kom geniet 'n lafenis op die stoep by die Graan SA-ledelokaal.

**4:** Japie en Orna Prinsloo (Bultfontein) het kom proe of die cappuccino regtig so lekker by die ledelokaal is soos wat almal vertel het.

**5:** Wandile Sihlobo (ekonoom) en Wessel Lemmer (senior ekonoom), albei van Graan SA, is slaggereed om aan produsente markinligting te verskaf.

*Beskerm jou gewas, verseker jou wins.*

# VILLA CROP PROTECTION



## Koste effektiewe, Omvattende Gewasbeskerming

- ***ONKRUIDDODERS***
- ***INSEKDODERS***
- ***SWAMDODERS***
- ***PLANTGROEIREGULEERDERS***
- ***BYVOEGMIDDELS***
- ***BLAARVOEDING***

- Toonaangewende verskaffer van kwaliteit plaaslik en internasionaal geformuleerde produkte.
- Jaarlikse multimiljoen rand beleggings in navorsing en ontwikkeling.
- Meer as 200 geregistreerde produkte, spesifiek ontwikkel vir plaaslike omstandighede.
- Vir meer as twee dekades u bondgenoot in suksesvolle gewasproduksie.



**Kontak jou plaaslike landbouchemiese raadgewer**
Villa Crop Protection (Pty) Ltd | Reg nr 1992/002474/07
Hoofkantoor: Botesweg 65, Glen Marais, Kempton Park, Suid-Afrika | Tel: (+27 11) 396 2233 | Tel: (+27 87) 740 3490 | Faks: (+27 86) 677 3175
Kempton Park depot: Friedweg 69, Glen Marais, 1619 | Tel: (+27 11) 396 2233 | Tel: (+27 87) 740 3490 | Faks: (+27 11) 396 1943
Kaap depot: Marchandstraat 3, Wellington, 7655 | Tel: (+27 21) 873 6892 | Faks: (+27 21) 873 6173
**www.villacrop.co.za**


DEO GLORIA

## Science For A Better Life

# Bayer (Edms) Bpk gesels oor jou en jou vee se gesondheid by vanjaar se NAMPO Oesdag.

| *Program:* | | |
|---|---|---|
| 9:00 - 10:00 | **Bayer Dieregesondheid "Post-Mortem"** | |
| 11:00-12:00 | **Gesondheidspraatjie** | |
| | 12 & 13 Mei - Dr Ettienne Kok* | |
| | 14 & 15 Mei - Dr Elna Rudolph* | (*Geen onder 18's toegelaat) |

- Meld asb 10 minute voor die aanvang van die praatjies by die Bayer Life Auditorium (perseel 28) aan om jou plek te verseker.
- Kom kuier ook gerus saam met ons of besoek ons uitstalling by die Bayer Science Building (Perseel 87).



## *Sien jou by Nampo 2015!*

**Bayer (Edms) Bpk. Reg. Nr. 1968/011192/07**
Wrenchweg 27, Isando, 1601
Posbus 143, Isando, 1600
**Tel:** +27 11 921 5252
**Faks:** +27 11 921 5671

Bayer CropScience

www.bayercropscience.co.za



# NAMPO 2015
## GELDSAKE EN FINANSIËLE DIENSTE

| Uitstaller | Standplaas/Uitstalruimte | |
|---|---|---|
| Absa Bank | 18a | Buite |
| Agribase Commodities (BVG Commodities) | 88 | NAMPO-saal |
| Bester Feed & Grain | 42 | NAMPO-saal |
| Electronic Silo Certificates | 101 | NAMPO-saal |
| FNB Commercial | 14d en 14e | Buite |
| Industrial Development Corporation | 114 | NAMPO-saal |
| JSE | 102 | NAMPO-saal |
| Land Bank | 19, 20, 21 en 22 | Microbial Solutions-saal |
| Mutual & Federal Agri | 112 | Buite |
| Santam Landbou | 1 | Santam-saal |
| Standard Bank | 11a, 11b en 11c | Buite |
| Standard Bank | 71 | NAMPO-saal |
| Vrystaat Mielies | 75 en 76 | NAMPO-saal |

Produk-inligting

# *Vrystaat Mielies: Steeds innoverend*

**PAULI COETZER,** Vrystaat Mielies

Vrystaat Mielies (Edms) Beperk nader sy 20ste bestaansjaar as graanhandelaar en spog vanjaar met 'n vars, nuwe voorkoms by Graan SA se NAMPO Oesdag.

Vrystaat Mielies het homself gevestig in die landboubedryf as 'n maatskappy wat bekend is vir sy vernuwende benaderings om die waarde van hulle produsente se graan te ontsluit. Tom Freston het gesê: "Innovering is om twee dinge te neem wat alreeds bestaan en hulle saam te voeg op 'n nuwe manier." Vrystaat Mielies poog om die Suid-Afrikaanse produsent en 'n onstuimige kommoditeitsmark nader aan mekaar te bring deur unieke produkte.

By dié maatskappy word daar sterk klem geplaas op vennootskappe, hetsy deur persoonlike verhoudings met sy klante en insetverskaffers of deur noue betrokkenheid in graanproduksie deur sy filiaal, RSA Agri Holdings, wat in vennootskap met landbouers mielies en sojabone verbou.

Besoek Vrystaat Mielies in die NAMPO-saal (stalletjie 75 en 76) om te sien hoe eerstehandse boerderyondervinding en ervaring as graanhandelaar gebruik word om nuwe finansierings- en verskansingsprodukte aan die landboumark te bied. ■



# Jou sintuie gaan feesvier

**SA Graan/Grain redaksie**

As 'n mens honger is, smaak enige kos vir jou lekker. By die NAMPO Oesdag hoef jy glad nie hongerpyne te ervaar nie en kan jy bloot agter die lekker aan eet! Die verskeidenheid eetplekke op die terrein sal beslis jou sintuie uitdaag: Jy gaan kyk waaraan ander Oesdaggangers smul, die geur van gebraaide sosaties en boerewors ruik en dan proe aan dié liplekkerdisse.

## RESTAURANTE

Gaan sit gerus aan by een van hierdie eetplekke en laat jou voete rus:

- By die Fanie Ferreira restaurant het jy 'n keuse van waar jy wil sit: Die algemene restaurant, die stoep of Klub 200. Hier word 'n verskeidenheid etes, waaronder 'n smaaklike plaasontbyt, braaihoender met bykosse, 'n braaivleis-ete en kerrie-en-rys met piesangslaai, voorgesit.
- By die Caltex-saal restaurant (naby die Beeskompleks) kan jy 'n hamburger of boereworsrol met warm skyfies geniet. Gesondheidsbroodjies is ook hier te koop.
- 'n Verskeidenheid gunstelinge, soos footlongs, hamburgers en geroosterde broodjies is by die NAMPO-saal restaurant beskikbaar.
- Die aroma van filterkoffie gaan jou trek na die pragtige Polkadot-teetuin waar jy in 'n ontspanne luim kan smul aan cappuccino met 'n stukkie koek of tert of 'n botterbroodjie. Dié oulike teetuin bied ook ontbyt en 'n ligte middagete.
- Die Biertuin restaurant is gewoonlik stampvol met besoekers wat hou van 'n bier by hul vleispastei, biltong, droëwors, hamburger of boereworsrol.

## KIOSKS

Vir diegene wat liewer op die gras in 'n skadukolletjie wil ontspan óf op die Oesdagterrein se bankies wil terugsit en kyk na die ander Oesdaggangers, bied die kiosks die volgende keuses:

- Hervormde Kerk kiosk: Kerrie-en-rys, vetkoek, warmbrakke, jaffels, pannekoek.
- Monate Sosatie: Sosaties, sosatiebroodjies en vetkoek.
- Santam Landbou kiosk (oorkant die Engen museum): spare rib burgers, hamburgers, boereworsrolle en aartappelskyfies.
- NAMPO-saal kiosk: Vetkoek, jaffels en pannekoek.
- Suidwestelike kiosk: Sosaties, pannekoek, hamburgers, boereworsrolle, vetkoek, kerrie-en-rys, warmbrakke, warm skyfies, jaffels, geroosterde broodjies en aartappelskyfies.
- Noordhek kiosk: Pap-en-sous, pap-en-wors, hamburgers, boereworsrolle, kerrie-en-rys, warm skyfies en russians.

## IETS OM DIE DORS TE LES

As daar 'n koel briesie waai, kan koffie, tee, Milo en warmsjokolade by van hierdie kiosks gekoop word. Indien jy 'n koue lafenis vir 'n droë keel soek, kry dit hier:

- Absa koeldrankkiosk
- Hervormde Kerk kiosk
- Monate Sosatie
- NAMPO koeldrankkiosk
- NAMPO-saal kiosk
- Noordhek kiosk
- Santam Landbou kiosk
- Suid-Oos kiosk (naby Hek 2)
- Suidwestelike kiosk

## ROOMYS EN LEKKERGOED

Roomys is beskikbaar by die Roomys kiosk (naby die Shell-uitstalling), terwyl jy jou gunsteling lekkerny by een van die volgende plekke kan aanskaf:

- Hervormde Kerk kiosk
- NAMPO-saal kiosk
- Santam Landbou kiosk
- Suid-Oos kiosk
- Suidwestelike kiosk

## ANDER ITEMS

Sigarette en aanstekers is by die meeste van die kiosks beskikbaar. ❖





**1: Onder die koeltebome in 'n pragtig versierde teetuin met 'n smaaklike snytjie koek – wat meer kan 'n vrou verlang?**

**2: Vriende kuier heerlik by Die Kontreikombuis, die restaurant by die Fanie Ferreira-saal.**



Cash flow
solutions from the
farm to the
mill
Now let's talk AgriBusiness.
Our AgriBusiness teams are not only bankers, but agricultural experts of this dynamic sector. We'll give you access to working capital, and the flexibility you need to operate your business. This is the reason more businesses bank with Standard Bank than any other bank in South Africa. For more information, visit www.standardbank.co.za/business
Standard Bank
Also trading as Stanbic Bank
Moving Forward™
Authorised financial services and registered credit provider (NCRCP15).
The Standard Bank of South Africa Limited (Reg. No. 1962/000738/06). SBSA 172406. 01/14
Moving Forward is a trademark of The Standard Bank of South Africa Limited.

RADAR/6236/SG/A

# ONTSPAN, DAAR IS KOFFIE IN DIE KAN.

## Voeltuishuis

Kom voel tuis by Mutual & Federal se Voeltuishuis, geniet 'n bietjie koffie en beskuit, en ontspan, so reg na jou smaak. Die M&F Voeltuishuis, NAMPO 2015, 12 - 15 Mei. Besoek mf.co.za, Twitter vir meer inligting. @mf_insurance #voeltuishuis



Goedgekeurde Finansiële Diensverskaffer

'n Lid van die OLDMUTUAL Groep

MUTUAL & FEDERAL | agri

ONS BESKERM WAT VIR JOU BELANGRIK IS

# NAMPO 2015
## LANDBOU-ALGEMEEN

| Uitstaller | Standplaas/Uitstalruimte | |
|---|---|---|
| Afgri Operations | 119 en 120 | NAMPO-saal |
| Africars For Keeps | 113 | NAMPO-saal |
| Agri SA | 27 en 28 | NAMPO-saal |
| Agribonus | 5 | Grundfos-saal |
| Agricultural Research Council | 1 tot 12 | Microbial Solutions-saal |
| Agritechnica | 41 | NAMPO-saal |
| All Diesel Power Products | 120d | Buite |
| Allinad Bemarking | 37 en 38 | NAMPO-saal |
| Alnet | 186 | Buite |
| ATKV | 16, 17 en 18 | NAMPO-saal |
| Auto Gyro | 240a | Buite |
| Bathopele Agri Development Institute | 13 | Total SA-saal |
| Beier Safety Footwear | 126 | NAMPO-saal |
| Berg Sport & Leisure | 13 | Hopefield-saal |
| Bidvest Afcom Pty Ltd | 43 en 44 | NAMPO-saal |
| Biosolutions | 13 | Caltex-saal |
| Buckle Packaging (Pty) Ltd | 47 | NAMPO-saal |
| Canvas and Tent | 211 | Buite |
| Cape Gate | 146 | Buite |
| Castrol SA | 33 | NAMPO-saal |
| Cectronics (CSS Security) | 13 | NAMPO-saal |
| Central Melk | 7, 8, 9 en 10 | Caltex-verlenging |
| Chemvet Steel & Fencing | 227b | Buite |
| Chevron South Africa (Caltex) | 1 | Caltex-saal |
| Creative Equipment | 19 en 20 | Zest WEG Group-saal |
| Crop Systems | 9 | NAMPO-saal |
| Crown National | 8 | Caltex-saal |
| DFM Software Solutions | 48 | NAMPO-saal |
| Drimac Trading | 17 | Santam-saal |
| Echo Koelkamers | 10, 11 en 12 | Grundfos-saal |
| Embassy of Israel to South Africa | 56, 57 en 58 | NAMPO-saal |
| Engen Petroleum | 5 | Buite |
| Expoagro | 69 | Buite |
| Farmer's Weekly | 84 | NAMPO-saal |
| Flexi Linings | 195c | Buite |
| Fox & Sons | 13 | Microbial Solutions-saal |
| French Trade Commission | 141a, 141b en 141c | Buite |
| Gallagher Power Fence | 40 en 41 | Caltex-saal |
| Gladys Els | 14 | Caltex-saal |
| Gundle Plastall | 155 | Buite |
| Gys Leerwerke | 1 | Caltex Verlenging |
| H & M Verpakking | 14 | Santam-saal |
| Harvest Agri Services | 14 | Total SA-saal |
| Haygrove Tunnels | 191 | Buite |
| Hinterland | 1, 2, 3, 4, 5 en 95 buite | Hinterland-saal |
| Home Supply | 49 en 50 | NAMPO-saal |
| Homebrands | 162d en 162e | Buite |
| Hotgroup | 42 en 43 | Caltex-saal |
| Hunters Warehouse | 35 a1, 35 a2 en 35 a3 | Buite |
| Hydro Health | 80 | NAMPO-saal |
| Italian Trade Commission | 232a, 232b en 232c | Buite |

| Uitstaller | Standplaas/Uitstalruimte | |
|---|---|---|
| Jo Jo Tanks | 172d | Buite |
| Karcher Centre | 120f | Buite |
| Knittex | 167a | Buite |
| Landbou Weekblad | 72, 73, 78 en 79 | NAMPO-saal |
| Let's talk about sox | 23 en 24 | Caltex-saal |
| Liqui Moly SA | 2 | Caltex-saal |
| LWO Werkgewers Organisasie | 8 | Hinterland-saal |
| Mapco Plaaskaarte | 5 | Caltex-saal |
| Michiel Theron | 67 | NAMPO-saal |
| Midland Leather | 7 | Hopefield-saal |
| Midland SA | 108 | NAMPO-saal |
| Monitor Distributors | 36 | Caltex-saal |
| Motorhome-World | 24 | Buite |
| Mpact Corrugated Divisional Office (Mondipak) | 29 | NAMPO-saal |
| National Airways Corporation | 245 | Buite |
| Nemtek | 10 en 11 | Total SA-saal |
| New Musthaves | 29 | Caltex-saal |
| Nilfisk Advance | 19, 20, 23 en 24 | NAMPO-saal |
| Noordwes-Universiteit | 92 en 93 | NAMPO-saal |
| NWK | 98, 99, 100, 103, 104 en 105 | NAMPO-saal |
| Plaas Publishing (*Veeplaas*) | 9 | Caltex-saal |
| Plastic Ideas | 127 | NAMPO-saal |
| Plusnet/Geotex | 205c | Buite |
| PPECB | 18 en 19 | Total SA-saal |
| Pratley | 17 | Zest WEG Group-saal |
| Prodist (Pty.) Ltd. | 34a en 34b | Buite |
| R.M. Williams Country clothing (Emu Creek) | 19e | Buite |
| Ronald Goldberg | 19b | Buite |
| Rotary Airforce | 212 | Buite |
| Rotivo Clothing (Rossi Boots) | 6, 7 en 8 | Total SA-saal |
| Rumida Verspreiders / Harvest Group | 16 | Caltex-saal |
| Safequip | 11d en 11e | Buite |
| SA Jagters- & Wildbewaringsvereniging | 7 | Hinterland-saal |
| SA Kankervereniging | 5 | NAMPO-saal |
| SA Nasionale Bloeddienste | 19e | Buite |
| Senwes | 6 | Hinterland-saal |
| Sew-Rite International | 17 | Caltex-saal |
| Shell SA Marketing | 7 | Buite |
| Shield Safety Products | 10 en 11 | Santam-saal |
| Sinvac Plastics | 39 | NAMPO-saal |
| Smart Publishing - Pro Agri | 9 | Hinterland-saal |
| Smart Straps | 11 | Zest WEG Group-saal |
| Steven Nortje (Little Leather Workshop) | 112 | NAMPO-saal |
| Suidwes Landbou | 64, 65, 66, 85, 86 en 87 | NAMPO-saal |
| Swan Pool's | 140 a | Buite |
| TLU SA | 1 | NAMPO-saal |
| Togra | 111 | NAMPO-saal |
| TOTAL South Africa | 15, 17 en 16 | Total SA-saal |
| Trellidor Noordwes | 34 | NAMPO-saal |
| Universiteit van die Vrystaat | 62 en 63 | NAMPO-saal |
| US Commercial Service | 138b | Buite |
| Vivacraft | 247d | Buite |
| Vodacom | 21 en 22 | NAMPO-saal |
| Vrystaat Landbou | 26 | NAMPO-saal |
| Waterversagting RSA (Clearwater) | 51 | NAMPO-saal |
| Wenpro | 11 | Caltex-saal |
| Working on Fire | 247e en 247f | Buite |
| Workwear Depot | 18 | Microbial Solutions-saal |
| Xpanda Noordwes | 18 | Hinterland-saal |

## The Agricultural Research Council (ARC) is a premier science institution that conducts research with partners, develops human capital and fosters innovation in support of the agricultural sector.

The ARC impacts significantly on agriculture and related sectors, particularly through scientific knowledge generation that influences economic performance and sustainable development for a transformed society.

The ARC's interventions aim to increase agricultural production and productivity, including the creation of new areas of agricultural production to enhance food security and income generation. A special focus is on expanding agricultural production in communal areas, rural poverty nodes and peri-urban areas where the potential for increasing the number of productive farmers may be highest.










**Agricultural Research Council is committed to Excellence in Agricultural Research and Development in South Africa and beyond**

ARC • LNR

*Excellence in Agricultural Research and Development*

**To learn more about the Agricultural Research Council, visit the Website: www.arc.agric.za or E-mail: enquiry@arc.agric.za or Call: +27 12 427 9700 or Fax: +27 12 430 5814.**




At AFGRI, we strive towards constant progression, growth, innovation and, more importantly, forging the vision we have on food security for South Africa and the rest of the African continent.

Producing animal feed, poultry, proteins, oil and yellow maize along with providing agricultural retail services, financial services, solutions and products, we invite you to contact us for tailor-made, personalised solutions.

**www.afgri.co.za**



# *In die knyp?* Hulle staan reg om in te gryp

***SA Graan/Grain* redaksie**

**Indien** daar probleme met krag, water of toilette is, of daar 'n diefstal of 'n ongeluk vanjaar tydens Graan SA se NAMPO Oesdag oor jou pad kom, moenie vrees nie, haas jou net na die noodrapporteersentrum en meld jou klagtes aan.

Jy sal dié sentrum oorkant die SAMPI-saal, tussen die NAMPO Ouditorium en die Mediasentrum aantref of jy kan hulle skakel by 056 516 2154. Die Suid-Afrikaanse Polisiediens sal ook hier aan diens wees.

As jou probleem meer medies van aard is, sal die personeel van die Life Anncron Kliniek en die Wilmed Park Privaat Hospitaal slaggereed wees om jou by te staan. Hulle kan onderskeidelik by die volgende nommers en plekke tydens NAMPO bereik word:

- NAMPO Park Life Anncron Kliniek: Standplaas 112 langs Mutual & Federal, 078 282 9011.
- Wilmed Park Privaat Hospitaal: Grasdakgeboutjie langs die Biertuin, 083 388 1028 of 084 505 5548. ❖



**Op hulle pos en reg vir aksie! Die SAPD is elke jaar by NAMPO om Oesdaggangers by te staan indien nodig.**

Product information

# Visit the Agritechnica stand in the NAMPO Hall

**ALMUT SCHMIDT,** marketing manager, DLG exhibitions department

The Agritechnica team warmly welcomes all visitors to Grain SA's 2015 NAMPO Harvest Day at stand 41 in the NAMPO Hall.

Find out more about Agritechnica 2015 – the leading international trade show for agricultural machinery – taking place at the Hannover exhibition grounds in Germany, from 10 to 14 November 2015. On the preview days (8 and 9 November) the trade fair is open for the agricultural machinery trade, top investors and the trade press.

Covering more than 38 hectares of indoor exhibition space in 24 halls, Agritechnica is the largest agricultural machinery show on the globe. In 2013, 2 900 exhibitors from 47 countries attracted 450 000 visitors (producers, contractors and machinery dealers) from all over the world.

Agritechnica is a key event for agricultural machinery manufacturers to present new products and is famous for its innovations competition challenge. At the last event in 2013, nearly 400 innovations were submitted to the organiser, DLG.

DLG – German Agricultural Society – is dedicated to furthering agricultural knowledge across borders. Thus Agritechnica's technical programme particularly reflects a practical understanding of the farming issues of today. ■



# Tegnologie verseker gehalte heinings

**OCKERT DU PLESSIS,** Cape Gate

Cape Gate is vir jare reeds die primêre verskaffer van omheiningsmateriaal aan die landbou/kommersiële sektor. Die maatskappy is een van die grootste vervaardigers van gehalte staalprofielprodukte asook draad- en draadverwante produkte en voorsien aan die plaaslike sowel as internasionale mark.

Cape Gate het reeds in 1929 in Kaapstad tot stand gekom en het later na Vanderbijlpark uitgebrei waar die groep toenemend betrokke is by die vervaardiging van 'n uitgebreide produkreeks van hoogstaande gehalte.

## Markleier

Die maatskappy is die markleier op die gebied van omheiningstegnologie en -innovasie. Innoverende vervaardigingsprosesse is ontwikkel en uitgebrei en alle stadia van die vervaardiging is ten volle geïntegreerd – van die verkryging van die grondstof tot die verwerkte eindproduk.

## Produkte en gehalte

Omdat die inherente eienskappe van draad nie met die blote oog sigbaar is nie, is die verbruiker grootliks aangewese op die gehaltemerk van die Suid-Afrikaanse Nasionale Standaarde (SANS). Hierdie waarmerk van gehalte bevestig dat die produkreeks voldoen aan spesifieke, voorgeskrewe spesifikasies. Cape Gate se verdere verkryging van die ISO 9001-akkreditasie rugsteun die bogenoemde gehaltemerk, aangesien daarmee verseker word dat die vervaardiger nougeset voorwaardes, spesifikasies en produksieprosesse handhaaf om deurgaans 'n gehalte produk daar te stel – dus 'n baie belangrike "kenteken" waarop die kliënt kan aandring.

Die volgehoue gehaltebeheerprogramme, tesame met die aanwending van die mees moderne toerusting en tegnologie, dra alles by tot kritieke aspekte, soos:

- Bepaalde treksterkte, wat grootliks deur Cape Gate se eie seleksie van koolstofwalsdraad bepaal word.
- Uitgloeiing, wat bepalend is by die elastisiteit van die produk.
- Die voorbereidingsproses – die proses alvorens die sinkdeklaag aangewend word en wat die leeftyd van die draad bepaal.
- Kliëntediens, wat begin by die beskikbaarheid van 'n gehalte produk, vir die regte aanwending, teen mededingende pryse, gevolg deur 'n deurlopende naverkopediens.

## Lewensverwagting

Die lewensverwagting van gegalvaniseerde draad hou direk verband met die gehalte, proses en spesifikasies van die sinkdeklaag op die produk.

Volgens SANS is die minimumvereistes in die geval van 2 mm-dikte draad soos volg:

- Ligversink – 40 gr/m²; en
- Volversink – 240 gr/m²

Daar is egter twee SANS-spesifikasies waarvolgens versinkte draad vervaardig word:

- SANS 10244/2, Klas A + D: Het betrekking op die sinkdeklaag (A= lig versink en D = volversink).
- SANS 675, Klas A + D: Hier word ook verwys na die treksterkte van die draad. (M/S = 350/375 MPA; HI = Min 950 MPA en VHI = Min 1 250 MPA).

In die geval van staaldraad, sal hierdie spesifikasie bepalend wees vir die aanwending in, onder meer, wingerdbou, vrugteverbouing, algemene heinings en wildheinings. Draad wat dus aan hierdie spesifikasies met die toepaslike SANS-merk voldoen en verder gerugsteun word deur die ISO 9001-akkreditasie, moet beskou word as die enigste produk vir oorweging wat betref optimum lewensverwagting.

## Witroes

Witroes op gegalvaniseerde draad wek by die meeste verbruikers kommer. Dit is 'n wit, poeieragtige neerslag op die oppervlak van die sinkdeklaag wat vorm sodra die sink op die basismetaal gevoeg word en met die suurstof in die atmosfeer reageer om 'n sinkoksied te vorm.

Sodra die sinkoksied-oppervlak aan voldoende water/vogtigheid blootgestel word, vind 'n reaksie plaas sodat dit na sinkhidroksied verander, wat die beginstadium van witroes is. Die sinkhidroksied reageer dan met die koolstofdioksied in die atmosfeer en vorm 'n basiese sinkkarbonaatneerslag, alombekend as witroes.

Witroes vorm gewoonlik tussen digverpakte gegalvaniseerde draad wat nat geword het of in 'n klam omgewing geberg word. Die grootste enkele nadeel van witroes is dat dit die kosmetiese voorkoms van die produk kan benadeel. Dit dui egter nie op enige skade aan die sinkdeklaag en dus ook nie op 'n korter lewensverwagting nie.

## Voorkoming

Deur 'n paar elementêre maatreëls met die berging van draad en ander gegalvaniseerde produkte te volg, kan witroes grootliks verhoed word. Dit sluit in:

- Vrye lugsirkulasie.
- Verhoed sover moontlik dat die produk met water in aanraking kom, ook tydens die vervoerproses.
- Stapel die produk korrek sodat kondensaat vrylik kan afloop en droog.
- Sien toe dat alle oppervlaktes van die produk goed geventileer is.
- Moenie die produk onder plastiekseile of op nat oppervlaktes berg nie en verkieslik ook nie direk op sementvloere nie.
- Berg afsonderlik van kunsmis en chemikalieë.

Die maatskappy volstaan by die beginsel dat daar geen kompromie vir gehalte en diens is nie. En onthou dat goedkoop koop in die meeste gevalle duur koop is.

Kom besoek ons gerus by ons standplaas 146 by Graan SA se NAMPO Oesdag hierdie jaar. ■




Kom besoek ons by
Nampo Standplaas 146
12 - 15 Mei 2015

**Kontak:**
*Tel.: 016 980 2121*
*e-pos: sharonsales@capegate.co.za*

CAPE GATE
www.capegate.co.za

ISO 9001 QUALITY ASSURED FIRM SGS
SABS APPROVED








Jóú greep op die mark

**By NWK weet ons dat elke suksesvolle boer 'n slim vennoot nodig het wat rotsvas langs jou staan en hand bysit wanneer dit nodig is.**

top EMPLOYER SOUTH AFRICA 2015
CERTIFIED EXCELLENCE IN EMPLOYEE CONDITIONS

*As 'n maatskappy is NWK trots op ons vermoë om jou by te staan met raakvat-oplossings wat help om jou landboubesigheid vooruit te laat gaan. Ná meer as 'n eeu in die landboubedryf, fokus ons steeds daarop om ons klante en produsente te help om hul geleenthede ten volle te benut. Ons holistiese benadering tot innoverende oplossings en uitmuntende dienslewering is die ruggraat van ons wenspan wat die uitdagings van die landbou-industrie voluit aanpak.*

VOLG ONS OP

TEL +27 (0) 18 633 1000 FAKS +27 (0)18 633 1900
SCHOLTZSTRAAT 81 POSBUS 107 LICHTENBURG 2740
www.nwk.co.za

*NWK Beperk is 'n gemagtigde finansiëlediensteverskaffer (lisensienr. 44998) en 'n geregistreerde kredietverskaffer (registrasienr. 2789)*

NWK
BEPERK • LIMITED
SEDERT • SINCE 1909

Tindrum 14/195

# *Jou dinamiese vennoot* in veranderende tye




10/10 supermieliemeel is die bekendste handelsmerk van die nuutgevormde Empangeni Milling/Noordfed onderneming.

**JOHAN BEZUIDENHOUT,** groepbestuurder: Korporatiewe Bemarking, NWK

Ná twee opeenvolgende droogtejare kon die enkele hersteljaar in 2013/2014 produsente in die westelike produksiegebiede nie voorberei vir die rampspoedige midsomerdroogte wat tans heers nie. Weerkundiges vergelyk die droë toestande nie eens met dié van 2006/2007 nie, maar eerder met die droogte van 1982/1983.

Die onvoorspelbare seisoenaliteit van landbou bevestig opnuut NWK op Lichtenburg se strategiese inisiatief om die markposisionering van die groep in oënskou te neem. Toegerus met 'n nuwe visie en hersiene groeistrategie, beskou NWK homself as die produsent se dinamiese vennoot in 'n veranderende agri-omgewing. 'n Organisasie wat markgerigte kundigheid, produkte en dienste aan die landbou- en voedselomgewing van Suider-Afrika verskaf ten einde welvaart te skep. "Ons kernfokus is steeds op landbou en die voedselwaardeketting, maar NWK ondersoek geleenthede wat die seisoenaliteit in die waardeketting kan benut. Sinergieë binne die groep en vennootskappe sal ook optimaal ontgin word. Met volhoubare groei in die oog, oorweeg ons dus besigheidsgeleenthede met 'n meer konstante inkomstestroom, selfs buite die landboubedryf, maar wat steeds 'n goeie passing met die groep se aktiwiteite vind," het mnr Danie Marais, NWK: besturende direkteur, gesê.

NWK steun steeds 'n model van waardetoevoeging tot primêre landbouprodukte, maar oorweeg strategiese vennootskappe met ander rolspelers in die mark, veral ten opsigte van nywerheidsfiliale wat nie wins toon nie of swak presteer. Sodoende verkry die groep toegang tot spesialisasie, risikoverspreiding en die verbreding van sy geografiese voetspoor.

Samewerking en integrasie met internasionale, streeks- en plaaslike rolspelers is onafwendbaar indien 'n landboubesigheid 'n relevante rolspeler wil bly – eerder as om 'n teiken vir oorname te wees. NWK kon daarin slaag om reeds 'n hele paar gesamentlike besighede te vestig (sien **Tabel 1**). Met 'n aptyt vir innovasie, is die groep egter van voorneme om vennootskappe op alle tersaaklike gebiede te evalueer.

Indien omstandighede dit regverdig, sal 'n beherende belang in 'n besigheid oorweeg word, soos die onlangse transaksie waarin NWK se meulebesigheid, Noordfed, 'n volle belang in Empangeni Milling in KwaZulu-Natal bekom het. Op bedryfsvlak impliseer dit 'n gesamentlike onderneming waarbinne Empangeni Milling se gevestigde handelsmerke en hoëvolume mark die moderne maalfasiliteite en produksiekapasiteit van Noordfed op Lichtenburg komplementeer.

Soos altyd, berus NWK se groeistrategie op vyf pilare, naamlik:

- Insetverskaffing
- Marktoegang
- Finansiering
- Waardetoevoeging tot primêre landbouprodukte
- Groei in Afrika

Volgens die hersiene strategie word die groeiplan met bedryfsvoering vervleg, sodat dit as 'n eenheid bedryf kan word. Dit skop af met 'n skerp inwaartse fokus op alle stelsels en prosesse asook op klantediens en effektiewe kommunikasie, ten einde lae koste en effektiewe praktyke te verseker. "Dit is onwaarskynlik dat die samestelling van NWK se besigheid oor 20 jaar sal lyk soos wat dit tans daaruit sien. Vandaar die sterk dryf om NWK strategies reg te posisioneer om relevant te bly. My verwagting is dat ons tradisionele besigheid van insetverskaffing, marktoegang en finansiering teen dan eerder volgens 'n pakketbenadering bedryf sal word om landbouklante op dié manier in te bind. Dit sal ongetwyfeld met behulp van e-handel geskied. Ordegrootte en skaalekonomie sal landboubesighede dwing om saam te werk ten einde die platteland effektief en bekostigbaar, maar innoverend te bedien," het Marais verder gesê.

Konsolidasie van die groep se Afrika-belange word ook in die vooruitsig gestel. Die Zambiese besigheid bestaan tans hoofsaaklik uit die verkryging en verwerking van katoen, maar dié hoë-opbrengsstreek bied ruim geleentheid vir diversifikasie na byvoorbeeld opberging, meganisasie, kleinhandel en opheffing – om minder, maar groter kleinboere daar op te rig. 'n Aggressiewe groeimodel vir die besigheid wat in Botswana gesetel is, behels dat die suksesvolle pakketbenadering wat daar aan kleinboere gebied word, na opkomende boere in Suid-Afrika uitgebrei gaan word.

"Die NWK-span beskik oor 'n wen-aspirasie en daarom is ons opgewonde dat die boublokke van die toekomsstrategie nuwe horisonne sal ontsluit vir hierdie 106-jaar jonge landboubesigheid," aldus Marais. Die NAMPO Oesdag 2015 is om die draai. Kom loer gerus in by NWK se uitstalling en kleinhandelwinkel in die NAMPO-saal. ■

**TABEL 1: NWK SE BETROKKENHEID IN GESAMENTLIKE BESIGHEDE TEEN MAART 2015.**

| BEDRYWIGHEID | BESIGHEID | VENNOOT | AANDEELHOUDING |
|---|---|---|---|
| Vrag- en logistieke besigheid | NWK Beperk | Grindrod | Grindrod besit 20% in NWK Beperk |
| Verskaffing van landboukalk | Grasland Ondernemings | Senwes | NWK: 50%<br>Senwes: 50% |
| Versekering | CertiSure Brokers | Senwes | NWK: 50%<br>Senwes: 50% |
| Oliesadepers | Epko | Louis Dreyfus Commodities | NWK: 50%<br>Louis Dreyfus Commodities: 50% |
| Insetverskaffing | Mont-Trade (Botswana) | Mont-Trade | NWK: 50%<br>Mont-Trade: 50% |
| Verwerking van katoen; insetverskaffing | NWK Agri-Services Zambië | Louis Dreyfus Commodities | NWK: 60%<br>Louis Dreyfus Commodities: 40% |




# Natuurlik taai.



Nes ons staatmaker smeerolie vervaardig is om jou masjinerie te beskerm onder enige weersomstandighede, is hierdie baadjie van Engen gemaak om vir jou dieselfde te doen. Kry 'n GRATIS Engen moulose baadjie ter waarde van R700 met die aankoop van 'n 210ℓ drom (of ekwivalent) Engen Smeerolies. Aanbod beskikbaar by alle deelnemende koöperasies en verspreiding sentrums. Vir verdere navrae kontak asseblief ons kliëntediens sentrum by 08600 36436.

Bepalings en voorwaardes geld.

**Met ons is jy Nommer Een** | **ENGEN**

# NAMPO 2015
## NATUURLIKE HULPBRONNE EN ENERGIE



| Uitstaller | Standplaas | Uitstalruimte |
|---|---|---|
| ABB South Africa | 13 | Grundfos-saal |
| ACDC Dynamics | 20 | Grundfos-saal |
| Afrox Fabrication | 49 | Buite |
| Aquacheck | 48 | Caltex-saal |
| Aqua Earth | 8 | Grundfos-saal |
| Bosal Afrika | 18 | Zest WEG Group-saal |
| Botala Energy Solutions | 21 | Grundfos-saal |
| Circa Flow Reservoirs | 147 | Buite |
| Continental Generators | 121f | Buite |
| Controlled Irrigation | 9 | Grundfos-saal |
| Damsak (Dixomark) | 197a | Buite |
| Eskom Holdings SOC Ltd. | 1, 14, 15 en 16 | Grundfos-saal |
| Franklin Electric | 25 | Buite |
| Grundfos | 17 | Grundfos-saal |
| Hidrou-Land Solar | 4 | Grundfos-saal |
| Hydrex SA | 182 | Buite |
| Irrigation Unlimited | 227a | Buite |
| KG Electric | 1 en 2 | Zest WEG Group-saal |
| Kirloskar Engines | 172a en 172b | Buite |
| Kranzle | 15 | NAMPO-saal |
| Lakeside Equipment | 30 | Caltex-saal |
| Latex Threads of SA | 196d | Buite |
| Lindsay Africa | 158 | Buite |
| New Way Power (Pty) Ltd | 8f | Buite |
| Operation Khanyisa (Eskom) | 3 | Grundfos-saal |
| Prestige Besproeiing | 185 | Buite |
| Quantum Field Services | 162f | Buite |
| Senter 360 | 156b | Buite |
| Solar Academy of Sub-Saharan Africa (Pty) Ltd | 2 | Grundfos-saal |
| Solareff (Pty) Ltd | 22 | Grundfos-saal |
| Techno Marketing | 172f | Buite |
| Tri-Lectro Elektriese Kontrakteurs | 18 | Buite |
| Turf-Ag Products | 172c | Buite |
| Ventura Engineering | 198c | Buite |
| Unilec Power Systems | 140c | Buite |
| Villiers Aqua Engineering | 196e | Buite |
| ZMSA | 120e | Buite |



## Electricity and water...

Optimal usage of these scarce resources is key to the health of the agricultural sector.

Mohlaleng_2388_EI

The agricultural sector is challenged by rising operating costs and diminishing returns; therefore a purposeful and collective quest for energy efficiency, is one of the most important steps this sector can take in its fight to

- remain competitive;
- increase its capacity to contribute to the reduction of unemployment in South Africa; and
- improve South Africa's food security status.

**Irrigation systems, one of the biggest consumers of electricity on farms, are central to the quest for energy efficiency and reduced operating costs in the sector.**

An Eskom study of a small sample representing approximately 12,000 installations of centre-pivot irrigation systems showed a saving of 124kW could be achieved if these systems were in optimal working condition. A wide range of inefficiencies on farms across South Africa include the following:

- Water leaks and inadequate maintenance
- Unnecessary pipe bends and elbows
- Corroded pipes and pipe connections
- Incorrectly specified or installed pumps and motors
- Lack of automation and inaccurate water management.

Eskom's ongoing conversation with South Africa's agri-businesses and farmers is based on sharing know-how and advice about energy efficiency. This partnership is fully invested in supporting the agricultural sector as the mainstay of our nation's food security.

Meeting with agri-businesses on their farms, Eskom Energy Advisors, in conjunction with Energy Services Companies (ESCos), excel in areas such as:

- Analysing the resource efficiency of a farm's electrical infrastructure
- Carrying out energy audits
- Giving technical advice
- Offering the best energy-saving solutions across a huge range of technologies, including irrigation systems that save electricity and water.

**Call Eskom's Contact Centre on 08600 37566 and ask to speak to an Energy Advisor in your area or visit www.eskom.co.za/idm for detailed information.**

Eskom | Powering your world

Eskom Holdings SOC Ltd Reg No 2002/015527/30

# Akkommodasie om van te kies

## en te keur tydens NAMPO Oesdag

**SA Graan/Grain redaksie**


**Elke** jaar tydens die NAMPO Oesdag (aangebied deur Graan SA) maak die mense en gastehuise van Bothaville en omliggende dorpe hulle deure oop vir besoekers en uitstallers van dié groot geleentheid.

Die gastehuisprojek het met die jare so gewild geraak dat aangrensende dorpe, soos Orkney, Wesselsbron, Kroonstad, Welkom en selfs Potchefstroom ook betrokke geraak het. Daar is 'n totaal van 200 gastehuise in Bothaville en omgewing en vanjaar kan akkommodasie aan ongeveer 5 400 besoekers verskaf word. Daar is 'n keuse van 'n goue-, wit-, geel- of groenmielie-gegradeerde gastehuis – meer inligting oor wat elke gradering behels, is beskikbaar op Bothaville Info se webwerf by www.bothaville.info.

"Jaarliks ontvang ons gaste uit alle uithoeke van die wêreld. Eienaars van privaat wonings verwelkom vreemdelinge in hulle huise en om hul etenstafels. Die gaste het soveel waardering vir dié tipe gasvryheid," sê me Hanlie Mouton, skakelbeampte by Bothaville Info.

Farming and agricultural-related activities need equipment that is reliable and operationally cost-effective without losing the quality required for successful farming. With this in mind, EIE will be exhibiting the Standen Pearson quad, two-row potato planter which offers producers a tractor-trailed machine that can plant two rows of potatoes, planting four seeds simultaneously in a quad formation. The current electricity load shedding issues have a direct impact upon electrically operated material-handling machinery. Circumventing load shedding and creating an environmentally friendly and fume-free operation is achieved by utilising battery-powered forklifts. Forklifts on offer from Toyota Forklift are powered by Hoppecke energy-efficient batteries that will last an entire shift without the need for recharging, which is a simple overnight operation. Hoppecke batteries will also be on display at NAMPO.

The perfect attachments for JCB materials handling and earthmoving machinery is the lightweight Paladin construction tools which are available from EIE. A vast range of innovative performance-driven coupler systems and attachment tools from small compact tool carriers to large excavators, wheel loaders, tractors and truck chassis is available and will be on display.

## Genuine parts – you get what you pay for

With the current economic climate impacting upon budgets, it does not make sense to choose generic replacement parts for your individual or fleet of materials, handling or agri-equipment machinery. The old adage of getting what you pay for is never more pressing than with equipment that needs to perform reliably and cost-effectively. Toyota Forklift offer genuine Toyota Forklift replacement parts, in addition to their superior after-market servicing technical support.

We are looking forward to hosting our customers again at our stand at NAMPO, as we have some exciting promotions and offers in store this year. ■



▲ The SAME Frutetto fruit farming tractor.

# Verhoog effektiwiteit en winsgewendheid met AgriVaria-produkte

## – moet dit nie misloop by NAMPO nie!

**PIETMAN BOTHA,** landboukonsultant

AgriVaria is 'n onderneming wat produsente en gebruikers se doeltreffendheid, effektiwiteit en winsgewendheid help optimaliseer. Hulle verskaf 'n reeks implemente wat ingevoer of plaaslik vervaardig word om hierdie doel te bereik.

Produsente kan gerus die nuwe direkte-plant planters van Super Walter, die spuitreeks van Caffini, spuitpunte van Lechler en dan die plaaslik vervaardigde kunsmiswaens en oorlaaikarre by Graan SA se NAMPO Oesdag kom besigtig. Die maatskappy het ook tot die vervaardiging van spesialis vervoerwaentjies toegetree.

### Super Walter-planter

Die Super Walter-planter is 'n Argentyns-ingevoerde direkte-plant (*no till*) planter wat in enige grond sy werk goed kan doen. Hierdie planter is toegerus met verskeie bybehore en kan die meeste somergewasse en onder meer koring in 26 cm rye plant.

Hy kom standaard uit met turbo-kouters wat die vermoë het om dik stoppels te kan hanteer en deur die stoppels te kan sny. Beide lugdruk- of plaatplanters is beskikbaar. Die plantereenhede is vanaf 6 rye (52 cm) tot 16 rye (52 cm) beskikbaar en eenhede kan aanmekaar gelas word tot 'n 48 ry (52 cm) planter gevorm word. 'n Verskeidenheid kunsmisbak-opsies is ook beskikbaar. Presisieplanttoerusting, wat insluit kunsmis- asook saadvariasie, kan ook op die planter gemonteer word.

### AgriVaria-kunsmis- en oorlaaiwaens

AgriVaria-kunsmiswaens word plaaslik gebou met die doel om die gebruikers se behoeftes te bevredig. Hierdie toerusting is só ontwerp dat dit meer as een funksie op die plaas kan vervul. Die kunsmiswaens bestaan uit twee- en vierwielmodelle van varierende groottes wat met verskillende bande toegerus kan word en kopers kan ook tussen verskillende awegare en bakkieshysers kies. Om die roes-effek te minimeer, word die staal van die waens behandel. Vlekvrye staal word gebruik op plekke waar die roes-effek die hoogste is of waar baie slytasie verwag word.



Die kunsmiswaens word standaard verdeel en meer as een soort produk kan afsonderlik vervoer word. Die awegaar en bakkieshysers word hidroulies aangedryf en die tempo van lewering kan verstel word.

Vir die volmaak van die kunsmiswaens is daar verskeie opsies, wat 'n gemonteerde kraan of aapstert kan insluit. Kom besigtig ook by vanjaar se Graan SA NAMPO Oesdag 'n nuwe patent wat bekend gestel gaan word.

Boonop word die kunsmis in die kunsmiswaens ook beskerm en daar kan tussen 'n seil en staaldeksels gekies word.

Kom kyk gerus na die nuwe AgriVaria-kunsmishanteringsopsie wat by NAMPO bekend gestel sal word.

## Caffini-spuite

Hierdie spuite vanuit Italië word tans deur AgriVaria versprei en word internasionaal as een van die bestes beskou. Die totale reeks spuite is beskikbaar, so kom besoek AgriVaria by NAMPO om van die nuwe spuite te besigtig. Hierdie spuitreeks word ook as 'n baie goeie toevoeging tot die maatskappy se reeks produkte gesien.

## Ausplow-planters en -onderdele

Die maatskappy beskik ook oor die alleenreg om Ausplow-planters en -onderdele in te voer. Vervanging-skaarpunte is tans beskikbaar en gaan weer ingevoer word. Ander planteronderdele is ook beskikbaar. Kom besoek die stalletjie om jou bestelling vroegtydig te plaas en sodoende geld te spaar.

## Lechler-spuitpunte en -spuitonderdele

AgriVaria is ook die invoerder en verspreider van Lechler-spuitpunte en -spuitonderdele wat vanaf Duitsland ingevoer word. Lechler-spuitpunte het verskeie eienskappe wat hul kop en skouers bo hul konkurrente laat uitstaan, byvoorbeeld die hoek waarteen die spuitpunt spuit, om net een voorbeeld te noem.

Die spuitpunt is een van die klein veranderinge wat 'n reuse-impak op jou onkruiddoderdoeltreffendheid het. Kom, laat die spesialiste jou help om jou doeltreffendheid en effektiwiteit te verhoog.

## Spuithersteldiens

Die maatskappy dra die las saam met die produsent. Hoër effektiwiteit kan net verkry word as die spuit die werk reg kan doen. Laat AgriVaria se kundiges die spuite ondersoek en die nodige herstelwerk doen. Kom praat by NAMPO oor die spuithersteldiens wat gelewer word asook die koste daaraan verbonde. Spesiale aanbiedings hierop sal ook by NAMPO beskikbaar wees.

## Spesialisvervoerwaentjies

'n Nuwe reeks tweewielwaentjies is ook tot die AgriVaria-stal gevoeg. Daar word voorsiening gemaak vir omtrent enige soort waentjies. Kom kyk gerus by NAMPO 2015 na hierdie spesialiswaentjies wat spesifiek vir bepaalde doelwitte ontwerp en gebou word.

Besoek gerus die AgriVaria-stalletjie by standplaas 223 vir meer inligting. ■



▲ 'n AgriVaria-kunsmiswa.




# New Husqvarna tillers offer versatility and high performance

**PAULA HALL,** Husqvarna South Africa

Renowned throughout the lawn and garden community for product innovations that boost performance, Husqvarna has introduced two new tillers with high-performance features that make garden tilling easier for homeowners (medium duty – seasonal or occasional use) and landowners (heavy duty – frequent or demanding use).

Husqvarna's T300RS Compact Pro, designed for the entry-level user and Husqvarna's top-of-the-line TF536, designed for more robust tilling, round out the company's product line of six cultivators targeting a wide range of homeowners and landowners – and their various gardening projects.


"With these two new tillers, we continue our commitment to design and manufacture a full range of innovative products that meet the needs and price points of every user," said Mr Bronson Gunter, general manager of Product Support at Husqvarna SA. "Our cultivators are known for their versatility and performance, and these new products widen the range of tilling widths, engines and platform sizes that our discerning customers demand."

Husqvarna has a number of tillers/cultivators on offer. They are:

Our T300RS Compact Pro cultivator – powered by a reliable, high-performing and easy-to-start Robin-Subaru EH035 engine. A compact and handy cultivator for work in the home garden, it makes small jobs simple and fast.

The Husqvarna TF334 is an easy to handle and dependable tiller with all essential functions. It has a powerful Briggs & Stratton engine and the reverse gear makes work easier for you. This is an excellent choice for amateur gardeners and customers who value practicality and reliability.

An advanced cultivator for higher demands is the Husqvarna TF434P – equipped with a reliable, quiet and easy-start engine from Subaru. Two forward gears, reverse gear and pneumatic clutch and declutch offer unbeatable capacity and manoeuvrability. This is a cultivator for demanding users who require high performance, excellent ergonomics and easy operation.




▲ **The TF536 tiller and plough kit attachment in action on the movie set of *Treurgrond*, in cinemas 29 May 2015.**



◀ **The Husqvarna TF536 designed with innovative features and functionality for tougher jobs in larger gardens or lawns.**

Husqvarna's TF536 tiller is the top-of-the-line model for homeowners, designed with innovative features and functionality for tougher jobs in larger gardens or lawns. Its features are designed for a longer product life, less maintenance and comfortable operation. It is also versatile and multi-purpose, as it can be fitted with various Husqvarna accessories, such as a double plough kit with wheels and weights, a potato plough and a ridger kit. This unit was recently used on the movie set of *Treurgrond*, a locally produced South African drama, directed by Mr Darrell Roodt.

The Husqvarna TR430 is a powerful rear-tine tiller for homeowners and landowners. It is highly effective for work on densely packed earth and older lawns and the handlebar height is adjustable for ergonomic operation.

Husqvarna's TR530 is the largest rear-tine tiller in our range. Suited to landowners, the TR560 also achieves exceptional results for work on densely packed earth and older lawns. It has large wheels with chevron tyres and counter rotating tines providing superior access and broken up soil.

For more information on Husqvarna products, visit our stand (number 237) at the 2015 Grain SA NAMPO Harvest Day. ■



◀ **A compact and handy cultivator for work in the home garden, the T300RS makes small jobs simple and fast.**



# MAN MASJIEN

Daar's een rede waarom ons so baie masjiene in ons reeks het – jy! Ons wil hê jy moet die regte kettingsaag, blaser, paalsnoeiskêr of tuinsaag besit. Die masjien wat aan al jou behoeftes voorsien en die werk gedoen kry – vinnig, maklik en gerieflik. Met die beste resultate elke keer.

**BESOEK ONS BY NAMPO - STALLETJIE NO. 237!**

**KANTSNYERS**



**HANDPLOEË**



**BOOMPLANTERS**



**BLASERS**



**KETTINGSAE**



**BOSSIESNYERS**



**GRASSNYERS**



**GRASSNYER TREKKERS**



**GRASSNYER TREKKERS**



**VIND U HUSQVARNA BY**

info@husqvarna.co.za | ShareCall: 08600 48759 | www.husqvarna.co.za

Husqvarna®

GEREED WANNEER U IS

SINCE 1968
BPI
Manufacturing
CUSTOM SOLUTIONS




**SWIFTER**
Saadbed Voorbereiding



**ATLAS HO**
Skotteleg Kultivering




**TERRALAND**
Skeerploeg Bewerking



**MULCHER**
Gehalte Verwerking

BEDNAR
FARM MACHINERY

**BPI Manufacturing is die eksklusiewe verspreider van BEDNAR landboutoerusting in Suid-Afrika.**

**bpim.co.za**

Ontwerp deur MPower Media | mpowermedia.co.za

FEELER®
die hanteringstoerusting vir jou!



# Dames mag maar te koop loop met hul Oesdag-inkopies

*SA Graan/Grain* **redaksie**

**Die** meeste gedragswetenskappe verdeel mense in kategorieë of groepe bloot omdat dit 'n mens help om mense beter te verstaan. By die NAMPO Oesdag is daar ook verskillende groepe onder diegene wat die stalletjies besoek.

Daar is die doelgerigte kopers, wat gewapen met die Oesdag-terreinkaart in die hand stap na die presiese uitstalruimte om 'n vooraf gekose produk aan te skaf. Die impulsiewe kopers koop dadelik dit wat die hartsnare roer, terwyl die kompulsiewe kopers by elke stalletjie iets wil aanskaf. En dan is daar dié wat net na alles kyk, maar hulle beursies styf toehou.

Dit maak egter nie saak of jy die Oesdag besoek om te koop of net te kyk nie, die uitstallers by vanjaar se NAMPO Oesdag gaan jou na jou beursie laat gryp.

## VAN KOP TOT TONE

Die skoner geslag is gewoonlik op soek na iets nuuts vir hul klerekas – of dit nou 'n paar skoene of 'n mooi serp is. Die Hopefield-saal huisves die interessante skeppings van Anasekash, katoenklere van IOS Wear, volstruisleerprodukte van Klein Karoo International, unieke bykomstighede van La Belle Chic en MODE bring iets vir die koue maande wat voorlê.

In die SAMPI-saal stal Authentic Fashions vanjaar hul ontwerpe uit en Silhouette Imports se bykomstighede kan ook daar besigtig word. Ander juweelaankope kan gedoen word by HDL Juwele, Jenna Clifford en Ronel Gouws in die Hopefield-saal en Studio Silver in die SAMPI-saal. Onthou om in te loer by die SAMPI Annex, waar nuwe uitstallers vanjaar met hulle produkte kom spog.



Die driedimensionele skilderye bly 'n gunsteling by Oesdaggangers.

## VAN DIE KOMBUIS TOT IN DIE SLAAPKAMER

'n Kombuis is gewoonlik die hartklop van 'n huis. Montana Interiors kan jou kombuis omtower met hul geverfde kombuiskaste en ander produkte. Rus jou kombuis verder toe met die produkte van Phuka Pottery en Wilma Steyn (in die Hopefield-saal) of Home Supply in die NAMPO-saal, wat ook iets vir 'n mooi kombuis bied.

Enige kamer word omskep met 'n nuwe skildery. Besoek gerus die volgende kunsuitstallings in die Hopefield-saal: Lize-Mari van Wyk, Art de Olivia, Crouse Kunshandelaars, Matie se trekkerkunswerke en Miemie Louw. Ken Maloney stal in die SAMPI-saal uit.

Leerprodukte, wat meubels en wildsvelle insluit, word ook in die Hopefield-saal gehuisves by Midland Leather, terwyl antieke meubels uit Europa by Villa Brocant beskikbaar is. Kyk ook uit vir ander bekendes, soos Ember Down, Makoti Donsprodukte, Anatolian Carpet Gallery, Inge's Dekor en HB Pewter.

## IETS VIR IEMAND ANDERS

Met die winter wat nader kruip, is die oulike sokkies van Let's talk about sox in die Caltex-saal altyd bruikbaar. Koop vir manlief iets by Berg, Sport & Leisure en bederf ouma met produkte van Karoo Lavender Fields.

Die oulike ware en lapsnuisterye van Niki's Country Collections maak 'n mooi geskenk vir 'n geliefde vriendin. Kleiner items wat in daardie geskenkelaai gebêre kan word, is beskikbaar by The Pin Cushion en Ventersburg Werkskepping se stalletjie in die Hopefield-saal.

As jy dalk nie vir iemand spesifiek iets soek nie, maar net op soek is na iets anders, gaan maak gerus 'n draai by die uitstalruimte van Fraai in sink met hul dekorware met 'n antieke *twist* in die SAMPI-saal.

Maak seker jy kry die NAMPO Hekprogram by een van die ingangshekke, beplan jou inkopies en moet beslis nie uitmis op die nuwe uitstallers in die SAMPI-saal Annex, waar die damesprogram voorheen plaasgevind het nie. ❖



Oorspronklike en kleurvolle produkte is by die stalletjies te koop.



Ontwerperskussings verfraai van 'n bed tot 'n stoel.

# NAMPO 2015

## TAFE 35DI 2WD

# R130 000

BTW Uitgesluit

Michigan EQUIPMENT




TAFE

MEER AS WAT JY VERWAG

michiganequipment.co.za

Ontwerp deur Mpower Media | mpowermedia.co.za




# LEXION TERRA TRAC

Die nuwe generasie Lexion toegerus met TERRA TRAC wat dit in staat stel om vinniger as enige stroper oor die terrein te beweeg met die hoogste vlak van veiligheid, rygerief sowel as uitstaande stabiliteit.

TERRA TRAC fasiliteer meer oesdae en verhoog die seisoenale prestasie aansienlik. Die aanpas by die grondkontoere, en laer masjienstremming met 'n geïntegreerde intelligente spoorstelsel spreek vanself.

Alle komponente (aandryfwiel, idler en bogie wiele) is ten volle onafhanklik wat die vermindering van skokke aan die operateur en stroper tot gevolg het, dus die verhoging van gerief en groter stabiliteit.

## Die TERRA TRAC in 'n oogopslag

- Grondbeskerming : so laag as 10,5 PSI druk
- Beter vastrap (nat toestande / rollende terrein)
- Groter stabiliteit om draaie
- Minder rol weerstand, minder glip en laer brandstofverbruik
- Ongeëwenaarde grondflotasie



KEMPSTON AGRI

CLAAS

Vir verdere besonderhede kontak jou naaste CLAAS handelaar of ons inbelsentrum by 0861 444 780

www.claas.co.za

# Raak stil by "muur van trane"

*SA Graan/Grain redaksie*

**Besoek** vanjaar by die Graan SA NAMPO Oesdag die Muur van Herinnering, waarop daar reeds meer as 2 000 name aangebring is. Met tientalle name wat jaarliks tot die lys bygevoeg word, is dit duidelik waarom daar na dié muur as "die moordmuur" of Suid-Afrika se "muur van trane" verwys word.

In September 2014 het AfriForum bekend gemaak dat ongeveer elf produsente per maand vermoor word – 'n duidelike bewys dat misdaad in Suid-Afrika 'n werklikheid is. Die Hennenman Boerevereniging het in 1998 die inisiatief van stapel gestuur om 'n gedenkmuur op NAMPO Park op te rig ter nagedagtenis aan hierdie produsente, hulle families en plaaswerkers wat sedert 31 Mei 1961 in plaasaanvalle gesterf het.

Lyste word op die muur geplaas sodat nuwe gevalle deur familie of vriende daarop aangedui kan word. Sodra dié name geverifieer is, word dit ook op die swart marmerblaaie aangebring. Familie en vriende van slagoffers word ook versoek om seker te maak dat die besonderhede van slagoffers korrek is, deur dit op dié lyste tydens NAMPO of op die webtuiste by www.muur.co.za na te gaan.


Regstellings of nuwe inligting kan per e-pos gestuur word na moordmuur@gmail.com of kontak mnr Dion Haasbroek van die Hennenman Boerevereniging by 083 256 2505 of dcbhaasbroek@gmail.com. ❖



**Die nege mure waarop die name aangebring word, verteenwoordig ons land se nege provinsies. Hierdie mure is uit ysterklip gebou wat die verbintenis van die produsent met die natuur weerspieël.**


## Die planter van die toekoms...

Vset, VDrive, DeltaForce, 20/20 Seedsense



John Deere, Massey Ferguson, Apache, Equalizer, Rovic Voor, Pierobon

staan reeds in jou stoor!

Kom besoek ons by **Nampo (standplaas 161B)** om te sien hoe om jou bestaande planter om te skakel na die mees gevorderde tegnologie OF kontak ons verkoops-personeel vir meer inligting:

Cerealis ONS BOER MET PRESISIE..!

Tel (018) 632 0362
Francois (082) 3331330
Anton (083) 3811907

Precision PLANTING



▲ Die Terrano is 'n swaardiens beitelploeg met 'n werkswydte van 3 m tot 6 m en 'n werksdiepte van tot 35 cm.

# Horsch – innoverende plantbewerkingstelsels

**SIEGHARD VON PANNWITZ,** Terratill

Terratill Implemente (Edms) Bpk is die eksklusiewe invoerder en verspreider in Suider-Afrika vir Horsch-produkte uit Duitsland. Horsch is gefokus op verminderde bewerkings en 'n hoër spoed van bewerking, maar met absolute presisie.

As deel van die Horsch-presisieboerderystelsel, bied Terratill 'n reeks van beitelploeë, sny-implemente, presisieplanters en kombinasie-implemente aan.

## Maestro

Die Maestro-planter is die meesterplanter en is beskikbaar in verskillende konfigurasies van 8- tot 24-rye. Vloeibaar en geenbewerking is beskikbaar. Dit is 'n indrukwekkende mielieplanter met 'n unieke ontwerp en het 'n 9 000 liter dubbel massatenk wat saad (2 000 liter) en kunsmis (7 000 liter) aan die plantereenhede verskaf.

Die Maestro-reeks beskik oor 'n unieke saaduitmeetmeganisme. Die uitmeeteenhede is elektries gedrewe en elke eenhede word voortdurend afsonderlik van die groot saadbak met saad voorsien. Mielies, sojabone of sonneblomsaad kan teen 'n spoed van selfs meer as 15 km/h en teen 'n akkuraatheidskoers van 97% en hoër geplant word.

Elke eenheid word hidroulies afgedruk en dit is moontlik om die gewig per eenheid tussen 125 kg en 350 kg te verstel. Die funksie verseker baie eweredige ontkieming en opkoms van sade wat 'n groot rol in opbrengsbepaling speel.

'n Sensor in die saadpyp meet nie net die presiese aantal sade nie, maar ook dubbelsade en sade wat gemis word. Die operateur kan enige tyd duidelik enige mispitte of dubbelplantings op elke ry sien.

Saad- en kunsmisverstellings word vanaf die konsole van die planter gedoen. Die planters is ten volle Isobus-verenigbaar met alle moderne trekkers. Dit maak dié reeks planters uiters ideaal vir variërende kunsmistoediening asook plantestand, soos benodig by presisieboerdery.

## Focus ST

Die Focus ST is 'n kombinasie-implement wat grondbewerking en plant van verskillende gewasse kombineer. Met die stygende brandstofpryse is die Focus ST die antwoord op kostebesparing. Die Focus ST is toegerus met Terragrip-tande wat tot 350 mm diep kan losmaak, gevolg deur toekrapskottels en 'n rubberbandroller van 1 m in deursnee. Die Focus ST is toegerus met twee massatenks van 3 000 liter en 2 000 liter onderskeidelik en plaas die kunsmis direk agter die Terragrip-tande op twee dieptes.

Agter die Focus ST is 'n driepunt met die opsie van 'n Maestro-mielieplanter (8-ry of 12-ry/75 cm) of 'n kleinsaad (koring) planter. Dit gee aan die produsent die opsie om die Focus ST vir beide somer- en wintergewasse te kan gebruik.

## Tiger MT

Die Tiger MT is een van Horsch se beste verkopers wêreldwyd. Hierdie implement is 'n kombinasie van swaar skottels (680 mm) en swaardiens hidrouliese geveerde tande met 800 kg wegbreekbeskerming, gevolg deur 'n roller vir 'n fyn gekompakteerde saadbed wat vogverlies beheer. Die Tiger MT is ideaal vir gewasrotasie waar die vinnige inwerk van stoppels, losmaak van grond tot en met saadbed in een bewerking belangrik is. Alle werksdieptes van verskillende komponente op die Tiger MT is onafhanklik verstelbaar.

Die Tiger MT is beskikbaar van 3 m tot 8 m met 'n maksimumkilowattbehoefte van 440 kW.

## Terrano

Met 'n werkswydte van 3 m tot 6 m en 'n werksdiepte van tot 35 cm, is die Terrano 'n swaardiens beitelploeg. Hierdie beitelploeg presteer die beste teen 'n werkspoed van tussen 10 km/h en 15 km/h.

'n Stel veerbelaaide skottels maak die vore wat deur die tande gemaak word, gelyk, gevolg deur 'n Rollflex-roller wat 'n ferm saadbed maak en ook dien as dieptebeheer. Hierdie rollers maak hulself skoon met 'n stel veerbelaaide, vibrerende bladvere.

Die implemente is beskikbaar in driepunt-gemonteerde sowel as semi-gemonteerde sleepmodelle.

## Joker CT/RT/HD

Die kompakte skottelegreeks bestaan uit drie modelreekse.

### *Joker CT en RT*

Die CT- en RT-reeks is 'n mediumbewerkingskotteleg ideaal vir die inwerk van oesreste sowel as vir die maak van 'n perfekte ferm saadbed. Hierdie implement het 'n hoë kapasiteit aangesien dit teen 20 km/h baie effektief werk. Die skottels (520 mm) is onafhanklik geveer en het 'n onderhoudsvrye laer. Die CT (driepunt) reeks is tot 6 m beskikbaar en die RT-reeks (sleep) van 5 m tot 12 m. Verskillende rollers is beskikbaar.

### *Joker HD*

Die HD-reeks is 'n swaarbewerkingskotteleg ideaal vir sny van oesreste en onkruid, maar kan ook gebruik word vir die voorbereiding van 'n ideale saadbed voor-plant. Daar word gebruik gemaak van 620 mm skottels met swaardiens, onderhoudsvrye laers. Die skottelarms is gekoppel aan wringstawe wat dit teen klippe beskerm. Die Joker HD word standaard toegerus met 'n dubbele roller en is beskikbaar in 5 m, 6 m en 7,5 m. 'n Hoë werkspoed is ook moontlik met die Joker HD.

Vir meer inligting, kom besoek ons gerus by standplaas 243 en 244 by Graan SA se NAMPO Oesdag 2015. ■

**TERRATill**
Implemente (Edms) Bpk

**HORSCH**
*Boer met passie*



Maestro SW 12-16-24 ry planter
75/90cm



Maestro CC 8/12 ry planter
45 – 90cm



FOCUS TD Strip Till planter
kombinasie Mielies/Koring



TERRANO beitelploeg reeks
3 tot 6 m



TIGER MT Swaardiens skottel/
tand kombinasie implement



JOKER RT/HD kompakte
Skotteleg 3 tot 12 m

**Vir meer inligting kom besoek ons gerus by stalletjie 243/244 op Nampo 2015.**

Kantoor 018-7882457/0187861904; Sieghard 079 997 8938;
Henry 083 641 9151; Sarel 082 454 7410
www.terratill.co.za admin@terratill.co.za



▲ The Monosem Ultra Max planter.

# Monosem 12 and 16 row
## models with new features

**DAWIE CILLIERS,** Carrotech

The Monosem Ultra Max toolbar is the strongest in its class. A 178 mm x 127 mm rectangular and two 178 mm square tubing right across the full width of the machine, form the base of its construction.

The toolbar features a ridged middle section in a "T" form. This section carries one central or two individual 500 litre fertiliser hoppers and always four ground wheels. The wing sections then carry another two fertiliser hoppers if no central bulk hopper. A second ground wheel for better flotation is optional on each wing section. For transport, the wing sections fold 90 degrees forward and the Ultra Max Monosem planter will be about 5 m wide.

### Functional "no nonsense" operation

During folding and unfolding the very strong, telescopic drawbar extends and retracts. While planting, the retracted draw bar is locked, and two non-telescopic draft tubes that connect the linkage point with both wing sections, support the rear beams.

### Offered with "high specs" and "low specs"

All Monosem Ultra Max toolbars accommodate:

- Row spacing of 76,2 cm or 91,4 cm.
- Dry and liquid fertiliser.
- Fertiliser openers for no-till, minimum-till or conventional planting.

### *Monosem Ultra Max toolbar*

Main advantages of the Monosem Ultra Max toolbar:

- Strong tripple-beam construction.
- Functional "no nonsense" operation.
- Offered with "high specs" and "low specs".
- Accommodates fertiliser openers for no-till and minimum-till.

The "high specs" include:

- Hydraulic drive for variable application rates.
- Electronic control through an ISOBUS terminal.
- Central fertiliser bulk hopper with pneumatic distribution.

Or "low specs" with:

- Contact ground drive and gearboxes.
- Fertiliser hoppers on the row.
- Row markers. ■








PERFORMER

ONBERISPELIKE WERKSVERRIGTING

- Superieure traksie
- Uitstekende selfskoonmaak
- Eenvormige loopvlakslytasie
- Min grondversteuring
- Minder grondkompaksie
- Langer bandlewe en beter rygerief

Firestone
PLAASBANDE
DIE LEIER IN LANDERYE

DWFCOLL MX/518544





# A powerful performance at NAMPO 2015

STIHL is a globally acclaimed brand, with a reputation built on the clever designs and practical durability of its power tools and equipment. Professional and home users have come to trust the STIHL range of petrol and electric power tools, and at this year's NAMPO event STIHL will be showcasing its innovative cordless products, such as the STIHL ASA 85 cordless pruning shears, the MSA 200 C-BQ cordless chainsaw and the TSA 230 cordless cut-off machine. No need for fuel, no need for power points and cables, with the added benefits of zero emissions and reduced noise levels, ideal for work in enclosed and noise-sensitive areas. With battery powered STIHL products, you'll be guaranteed the same world class performance you expect from STIHL products – with the liberating freedom of cordless power. Join us at Stand 152B and discover for yourself the joys of STIHL's battery powered range.

*Like any superior item, STIHL products are only available at specialised dealers nationwide, for expert advice and matchless after-sales service.*

**www.stihl.co.za**

STIHL®

# Join the Stihl team

## as they showcase Stihl's premier range of power tools and equipment

**NADINE GREEN,** Stihl

Grain SA's NAMPO Harvest Day 2015, the largest agricultural show in the Southern Hemisphere, is an appropriate showcase for Stihl, the global leader in power tools and equipment.

Since it was established in 1929 by engineer Mr Andreas Stihl, this German-based equipment manufacturer has produced innovative, robust and diverse equipment for all sectors of the population, from producers to DIY fans, gardeners to rescue workers. The investment in research and development by Stihl over the years has resulted in a comprehensive range of products for a wide variety of applications.

Practicality is paramount for any user, and with this constantly being part of its design focus, Stihl has created products in a choice of petrol and electrical options, with the Stihl trademark of quality, reliability and professional level performance now also extending to its cordless range of products. With long-life battery and powerful delivery, the battery-powered option ensures that cables, fuel and the need for on-site power points are a thing of the past.

### A classic now updated

Stihl's history is based on the chainsaw. Andreas Stihl had a vision of transforming the timber industry of Europe in the 1920s. At the time, the saws used in the forests of Europe – where the timber was aged, dense and massive – were hand-powered and unwieldy. Cutting down a single tree took two men many hours to complete and was back-breaking work. When Andreas Stihl released his prototype of the first engine-driven, two-man saw, it was revolutionary and changed the timber industry forever.

A similarly revolutionary piece of equipment is the Stihl MSA 200 C-BQ cordless chainsaw. Fitted with an easy trigger start, this battery-powered chainsaw produces zero exhaust emissions and is far quieter than fuel-powered models, making it ideal for noise-sensitive and enclosed areas. Powerful and fast yet low in vibration and light to handle; the MSA 200 C-BQ is easy to work with for extended periods and is ideal for cutting firewood and for garden maintenance. Its specially developed Stihl1/4" PM3 saw chain ensures an outstanding cutting performance and a clean cut.

Standard features include quick chain tensioning (QCT) and a locking switch for extra safety, plus a soft grip handle for added user comfort. This chainsaw uses an interchangeable 36-volt Stihl Lithium-ion battery, so no more yanking on starter ropes or mixing fuel before users can get started.

### Shears for the ultimate pruning performance

Another innovative piece of professional-grade equipment is the Stihl ASA 85 cordless pruning shears, offering ease of use and the ultimate in accessibility and convenience to those working in orchards, vineyards, plantations, gardens and parks. The ASA 85 produces a powerful cutting performance without the back-breaking effort of working with standard pruning shears, effortlessly slicing through branches and stems with a diameter of up to 45 mm.

The individually adjusted blade opening can be adapted for different-sized cuts, saving on time and energy. The recommended AP 180 Stihl Lithium-ion battery, carried in a special backpack, works for up to eight hours, and an electronic unit worn at the user's hip controls and clearly displays blade settings, number of cuts and battery charge level, with acoustic signals ensuring that the operator's eyes never leave their work.

Operator comfort is ensured through the carefully designed battery backpack, the convenient leg holster where the shears can safely be stored when not in use, and the ergonomically-shaped handle that fits right- and left-handed users perfectly.

### A cordless cut-off machine

The Stihl TSA 230 is yet another example of the legendary Stihl innovation, and is the first battery-powered cut-off machine with a 230 mm cutting wheel. It is light and handy to work with, weighing less than 4 kg without the battery, yet it is no lightweight in action, with an impressive cutting style.

The Stihl cordless design ensures that it's emission-free and has reduced noise levels, making it ideal for working inside or outdoors in noise-sensitive areas. The TSA 230 cordless cut-off machine is revolutionising work on construction sites and is also suitable for roofing, pipe-laying and interior decor tasks.

Wet or dry, this machine slices through pipes, bricks, tiles and metal with ease and comes with a standard-fitted water connection and optional vacuum adapter for clean, dust-free cutting. The TSA 230 starts at the touch of a button and the ergonomic handle allows the machine to be smoothly guided with precision to a depth of 70 mm.

### Showcasing its diversity

The company is set to stand out at NAMPO with its premier range of power tools and equipment for multiple applications. This year, Stihl intends to focus on its range of battery-powered products that build on the acclaimed Stihl reputation. So join us at stand 152b at NAMPO 2015 to witness the proven Stihl quality and performance – now available in a battery option. ■




▲ **Join Stihl at stand 152b at NAMPO 2015 to witness the proven Stihl quality and performance.**




# How to prepare seedbeds faster and more effectively in a single pass

5 PROVEN STRATEGIES TO IMPROVE YOUR YIELD

## THE OPPORTUNITY

**Demanding South African conditions often require seedbed preparation where you need to cut through thick residue, improve soil tilth and level the soil to ensure the best possible harvest. What if you could do it all at once, so you can save time, increase your profit and produce a great harvest?**

## The solution

Now you can with the exclusive all-in-one Kuhn Krause Dominator. You can reduce input costs by performing all the steps to increase your yield at once. No need for multiple implements to prepare the soil any more. Saving cost on fuel, time, labour and maintenance on multiple machines.



## The 5 steps of optimal seedbed preparation

The Dominator completes these 5 steps in a single pass:

1. **Reposition crop residue** in front of the coulters to ensure more effective cutting
2. **Cut crop residue** with extra large coulters (instead of disks) to reduce residue size by about 50%
3. **Improve soil tilth** through maximum soil fracture by specially designed shanks with a split-in-the-middle pattern
4. **Level the soil** using two rows of discs for cutting clots and mixing soil and residue evenly
5. **Firm the soil** with a conditioning reel for final clod sizing and soil firming

The results far surpass the output of even three-function designs which often require additional residue resizing or preparation trips. Visit www.rovicleers.co.za and check out the videos to see exactly how this 5-step process works.

## Why are these steps important?

Plants raised in good soil tilth exhibit **better drought resistance,** higher reach and **utilise more nutrients** due to healthier stalks and root systems, resulting in a better harvest. With a smooth land to start with, you can also **plant quicker** and **eliminate costly extra trips**.

## How much is it worth?

You can save hundreds of thousands of rands by eliminating the need to purchase and maintain multiple machines. Add to that your potential savings in fuel, time and labour. Plus maximising your yield through the five-step preparation process. All of this makes the Kuhn Krause Dominator a worthwhile investment. And you get comprehensive after-sales service support at 100 branches countrywide.

**Get it now!** There are only two Kuhn Krause Dominators currently in stock. And there is a four-month waiting period for importing the next order. Speak to Willie Human to find out more. Phone 011 396 6200 or visit www.rovicleers.co.za

***Call 011 396 6200 today for your Dominator***

*CPT 021 907 1700*
*JHB 011 396 6200*
*PMB 033 346 2727*

RovicLeers

*marketing@rovicleers.co.za*

# Kom gesels met Rovic Leers oor jou unieke meganisasiebeplanning

**WILLIE HUMAN,** verkoopsbestuurder, Rovic Leers, Johannesburg

Vra jouself af: Is ek gemeganiseer vir die toekoms? Beter en vinniger produksie deur die produsent is nog altyd Rovic Leers se fokus wanneer daar van implemente gepraat word. Rovic Leers is al vir jare bekend daarvoor dat ons by alle sektore van die landbou betrokke is en dat ons die produsent van vandag vir elke seisoen van die jaar kan ondersteun met 'n volledige reeks implemente vir die produksie van winter- en somergewasse.

Al die primêre landbouaktiwiteite, soos hooimaak, plant, spuit, grondbewerking en die hantering van materiaal word deur Rovic Leers ondersteun. Die maatskappy is elke jaar tydens Graan SA se NAMPO Oesdag op die voorpunt met die mees gevorderde landbou-implemente.

Vir 2015 gaan ons hoofsaaklik die nuutste grondbewerkingstoerusting in ons reeks bekendstel. Die oorspronklike Franse maatskappy, Kuhn, wat tans die grootste vervaardiger van landbou-implemente in die wêreld is, vervaardig in hul Noord-Amerikaanse fabriek primêre en vertikale bewerkingsimplemente asook primêre kombinasie-implemente.

Rovic Leers gaan vanjaar die Kuhn Dominator, Excelerator en In-line-ripper uitstal, wat 'n groot trekpleister is vir produsente wat hulle produksiekoste wil verminder en die optimale herwinning van materiaalreste wil benut.

Uit die Rovic-fabriek gaan daar ook gespog word met die nuwe 15 m Trash Fieldspan-saadbedvoorbereider wat toegerus is met die nuutste Roller/Eggie-kombinasie asook die nuwe Rovic 10 000 liter kalk- of misstrooier met sy baie effektiewe hidrouliese uitgooimeganisme. Kom kyk ook gerus na die nuwe ontwikkeling wat op Rovic-tandimplemente beskikbaar is.

Vir die manne wat voer maak, is daar ook genoeg om te sien met die nuutste in Kuhn se snyer- en snyerkneuser-reeks wat propvol voordele vir die kliënt is. Met die harkproses het die gebruik van sleepwielharke ook die afgelope paar jaar baie gewild geword onder die groot voerprodusente omdat daar kwaliteitwindrye teen 'n vinnige tempo gemaak kan word met 'n implement wat jou sak pas. Rovic stel dan ook die nuwe boetie tot die reeks bekend, die Kuhn SR50 Speedrake-tienwielhark wat ekonomies selfs nog beter lyk.

Die volle Krone-balerreeks, almal met die nuwe gesig asook die nuutste innovasie en tegnologie word uitgestal. Kom kyk gerus na die nuwe Krone Fortima-baler wat die baie bekende en staatmaker Round Pack 1250 vervang. Hierdie baler is toegerus met die nuwe noklose opteller en is standaard toegerus om net of tou te gebruik vir die bind van die baal. Krone se topkwaliteit tou en net sal ook beskikbaar wees by die standplaas om na te kyk. Soos altyd staan die kenners by om noukeurig al die voordele verbonde aan ons produkte vir die kliënte uit te wys.

'n Volledige planter-reeks van Kuhn en Rovic vir groot- en kleinsaad kan besigtig word. Die indrukwekkende Rovic-minimumbewerkingsplanter wat sorg vir 'n effektiewe plantproses deur bewerkings te verminder, brandstof en arbeid te bespaar en goeie vogbewaring in 'n droë en warm seisoen realiseer, is ook vanjaar by NAMPO te sien.

Dié planter wat homself al oor die afgelope paar jaar bewys het, is beskikbaar in verskillende groottes, van 'n 8-ry tot 'n 24-ry wat aan elke individuele produsent se behoeftes kan voldoen. Kuhn verskaf ook 'n volle reeks planters vir konvensionele asook geenbewerkingstelsels wat sorg vir baie akkurate plasing van saad en kunsmis.

Groenteprodusente kan vanjaar gerus kom kyk na die nuwe Checchi & Magli-herplanter vir groenteplantjies, wat kompakte rye baie vinnig en akkuraat op 'n plat oppervlakte of op vooraf gemaakte saadbeddens kan plant.

Op enige plaas is een van die sleutelprodukte natuurlik 'n goeie spuit. Balkspuite van klein tot groot asook boordspuite vir basies enige gewas is beskikbaar vir die optimale benutting van die aktiewe chemiese toedienings. Hand- en rugsakspuite is verder ook teen ongelooflike winskopies tydens die Oesdag by die Rovic Leers-tent te koop.

Nog vele meer is te sien by die Rovic Leers-standplaas. Van die kleinskaalprodusent tot die grootste produsent kan baat vind by 'n besoek aan ons by standplaas 66, 67 en 68 om met Rovic Leers se bekwame en gasvrye personeel oor die meganisasiebeplanning van sy of haar unieke boerdery te praat en die nuutste innovasie in landboutoerusting te aanskou.

Goeie NAMPO pryspromosies kan geniet word deur almal wat Rovic Leers besoek tydens vanjaar se NAMPO Oesdag. ■



▲ Die Kuhn Dominator.





NAMPO OESDAG 12-15 MEI

ORTHMAN STALLETJIE 152

Die **1tRIPr**® bied terugbetaling op jou bewerking om koste en hulpbronne te bespaar, sowel as die verbetering van jou opbrengs – en die verhoging van jou wins.

- Nou beskikbaar by handelaars in Afrika
- 4 tot 18 rywydtes, gemonteer of sleep raam
- XD weergawe bied aan boord kunsmis opsies, met jou keuse van droë of vloeibare kunsmis
- Opsionele agterste haak vir kunsmis tenks



Die **1tRIPr**® het meer hektaar onder die belt as enige ander Masjien in die wêreld, want in net een bewerking bied dit **AL DRIE** voordele van die ware presisie strook-bewerking:

- **Ideale saadbedvoorbereiding**
- **Presisie voedingstowwe plasing**
- **Optimale wortel-sone kondisionering**

ORTHMAN

*Besoek jou plaaslike Orthman handelaar, of besoek ons aanlyn by Orthman.com*

*Of Kontak: Craig Ivins 011 396 1629 civins@orthman.com*




# Damesprogram: Aanbieders maak plek vir inkopies

SA Graan/Grain redaksie

**Prediker** 3 leer ons dat daar vir alles in die wêreld 'n tyd is. En so het dit dan ná ongeveer 40 jaar ook tyd geword om die NAMPO Oesdag se damesprogram te groet. Volgens mnr Wim Venter (administratiewe beampte: Oesdag) het die bywoningsgetalle die afgelope paar jaar aansienlik afgeneem en is dié besluit ná deeglike oorweging geneem.

Die gedeelte van die SAMPI-saal waar die damesprogram altyd aangebied is, gaan nou splinternuwe uitstallers met kreatiewe name én produkte, spesiaal vir die skoner geslag, huisves.

As jy daarvan hou om uit te staan, gaan Baruch se handgeborduurde skoene en unieke truie sorg dat jy raakgesien word. Dié stalletjie bied ook 'n kinderreeks aan. Interessante bykomstighede kan by die uitstalruimtes van Fabulous Fabric en Mint besigtig word. Vir dié met vlytige vingers voorsien Liefie Love als wat nodig is vir kreatiewe projekte wat jy wil aanpak, terwyl Kharisma Wraps selfontwerpte materiaal te koop aanbied.

Chieppa Potteries, Creative Love, GFA Glass Studio, Hyties Corner en Nostalgie kan van jou kombuis tot jou slaapkamer versier met hul produkte wat mosaïek-, hout- en glasprodukte insluit. Positiewe aanhalings word deesdae in vinielplakkers op enige iets van kasdeure tot plafonne aangebring.

Besoek gerus die uitstalruimte van The Letter Lady as jy 'n vaal kolletjie met 'n oulike sêding wil opkikker of skaf 'n nuwe uitrusting aan by Mitat. Sonneblom se handgemaakte linne sal beslis 'n kinderhartjie verbly.

Dit maak dus hierdie jaar nie saak hoe jou begroting lyk nie, hierdie uitstallers se produkte gaan jou sak en jou smaak pas! ❖






MET 'N **GROEIENDE**
HANDELAARSNETWERK IS **ONS**
**PRODUKTE** NOG NADER AAN JOU...








V.Z.S
VAN ZYL STAALWERKE
VIR DIE BOER...
Est1983

CLAAS





| | |
|---|---|
| **Bok Barnard** | 082 223 4890 |
| **Rieme Smith** | 082 902 7707 |
| **Niel Marais** | 082 442 2478 |
| **Bertus van Zyl** | 084 563 1647 |
| **Kantoor** | 058 863 2452 |

**info@vanzylstaal.co.za**
**www.vanzylstaal.co.za**

**NAMPO 2015, Standplaas 224**
**– Sien jou daar!!**

# Fast, efficient, economic and strong

**DREW WELKE,** GSI Group South Africa

The new arch span structures from GSI are poised to revolutionise the building, storage and crop protection industries in Africa. This unique system utilises a factory on wheels to create water and airtight structures in any configuration a customer could require.

Because they are highly customisable, GSI's arch span structures can be used for an almost infinite variety of applications. With the addition of a chain conveyor embedded into the concrete floor, a very cost-effective storage solution for maize can be created.

Polyurethane insulation foam can be applied to the inside of an air conditioned building to keep potatoes or onions cool and fresh after harvest. By installing large sliding doors on the end wall, a customer can have a secure hanger to protect planes, trucks or mining equipment.

Launching in May this year, visit GSI South Africa at the Grain SA NAMPO Harvest Day for more information. ■



▲ GSI's new arch span structures.



# Kubota – betroubaar, veelsydig en bekostigbaar

**HANLIE DU PLESSIS,** Smith Powers

Met insetkoste wat die hoogte in skiet, kan geen produsent meer bekostig om trekkers te koop wat nie hou nie. Van kleiner, kompakte trekkertjies tot groot, massiewe werkesels vir die plaas – is 'n Kubota-trekker nommerpas vir jou.

Kubota-trekkers word geken aan hul uitstekende werksverrigting, kompakte ontwerp, veiligheidskenmerke, lae onderhoudskoste, brandstofdoeltreffendheid asook sagte en stil werksverrigting.

Ons kyk van naderby na twee immergewilde modelle in die M-reeks: Die M108S en die M130X.

Die M108S is uitstekend vir swaargewig plaaswerk. Sy nuut-ontwerpte enjinkap sorg vir beter sig en gemakliker onderhoud. Ander unieke kenmerke van die M108S is:

- Hidrouliese sleepwa-rem – maak sleep maklik, selfs teen 'n stywe helling.
- Hidrouliese natplaatkoppelaars – trekker funksioneer meer doeltreffend en die koppelaars is uiters duursaam.
- Nuwe halogeen kop- en hoekligte – doeltreffende beligting.
- Breër kajuit – vir geriefliker en gemakliker bestuur.

Verhoogde perdekrag, uitgebreide bestuurskontroles, gemaklike beheer en ongekende veelsydigheid is waarmee die M130X Deluxe-trekker spog. Op hierdie taai trekker kan jy enige taak met gemak aanpak.

Die M130X se indrukwekkende eienskappe sluit die volgende in:

- Bi-speed-stuurstelsel – uitsonderlike klein draaisirkels is moontlik deur die tweespoedstelsel wat in die ry aanskakel. Die stuurstelsel laat dadelik 'n vinnige spoedrat inskop wat die voorwiele teen dubbel die normale spoed aandryf om knap te draai.
- Elektroniese enjinkontrole – die splinternuwe gerekenariseerde stelsel sluit 'n geïntegreerde kontroleurareanetwerk in om optimale beheer te bewerkstellig.
- Kajuitontwerp – die klankdigte, ruim kajuit sorg vir topgemak en -hantering. Die ultragemaklike sitplek, baie beweegruimte, onbelemmerde uitsig en doeltreffende armleunings sorg dat jy heeldag gemaklik bly.

'n Baie belangrike faktor om in ag te neem wanneer op 'n trekker besluit word, is die herverkoopwaarde van die trekker. Kubota-trekkers behou hul waarde baie goed en is uiters gesog in die mark. Gebruikte Kubota-trekkers se gewildheid hou direk verband met die feit dat daar genoeg Kubota-handelaars en verskaffers is wat verseker dat die nuwe eienaar die beste naverkoopdiens en ondersteuning kry.

Betroubaarheid, puik werkverrigting, veelsydigheid en goeie waarde vir geld – só word Kubota-trekkers regoor die wêreld beskryf. ■




NAMPO 2015 STANDPLAAS 139
BOTHAVILLE - VRYSTAAT

Hierdie sal die 14de NAMPO wees wat Kubota bywoon. NAMPO is een van die grootste privaat georganiseerde uitstallings in die wêreld. Dit is die grootste skou van landboumasjinerie en lewende hawe in die Suidelike Halfrond. Dit vind plaas vanaf 12 - 15 Mei 2015. **Kom besoek ons by standplaas 139.**

**Kontak ons vir meer inligting:**

Deon Engelke: +27 (0) 83 306 8655
Mike Heath: +27 (0) 82 576 2163
Dewald van Deventer: +27 (0) 76 083 2992
**Hoofkantoor: +27 (0) 11 284 2000**

Besoek ons webwerf vir meer inligting of om 'n handelaar naby u te kontak:
**www.kubotasa.co.za**

Kubota
EAOE




**Contact your local Area Sales Manager to find out more about the LEMKEN Product Range**

Karel Munnik
Director
Cell: 082 412 2577
Munnik@lemken.co.za

Blackie Swart
Area Sales Manager
Cell: 082 404 9651
Swart@lemken.co.za

**www.sales@lemken.co.za**

LEMKEN
The Agrovision Company

# Kom besigtig die nuwe implemente wat Lemken ingebring het

**ANNEMARIE BREMNER-JOUBERT,** namens Lemken

Mnr Kassie Coetzee, daar van Koster se wêreld, speel nie wanneer daar gewerk moet word nie en sy masjiene durf ook nie lyf wegsteek nie.

Ná omtrent 6 000 ha se grondvoorbereidingswerk op verskillende plase in die omgewing, is hy hoogs tevrede met die Gigant van Lemken. Die Gigant 10 is 'n stewige 8 m breë drabalk met sy eie twee driepunte waaraan Lemken se ander uitstekende bewerkingstoerusting gehaak kan word.

Coetzee het sy twee 4 m Rubin 9-skottelêe gehaak en daarmee gesny dat die distels en oesreste so spat. Hy het sy eie lande bewerk en kontrakwerk in die omgewing gedoen.

"Ek het by 6 000 ha opgehou tel, maar ek kan vir jou sê dat ek deur die hele seisoen dieselfde stel skottels en laers gebruik het, net soos ek dit by NAMPO gekoop het," sê hy. Daarby is sy brandstofrekening omtrent met die helfte gesny, terwyl hy dubbeld so vinnig kon werk.

Die graansorghumreste wat in liederlike droë grond ingesny moes word, was volgens hom die grootste uitdaging en hy reken niks anders as die Gigant met sy Rubins sou dit kon doen nie. Coetzee vertel dat sy groot knaktrekker in 'n stadium gelol het en dat hy een van sy ou bestaande eenrigtings ingestoot het om aan te gaan met die werk. Dit was egter nie moontlik om daarna in die grond te plant nie en die Rubins moes dit in elk geval oordoen.

Hy sê dit is so dat elke werktuig sy eie plek het, maar die Rubin is voorwaar uniek. Mense moenie dink dat dit maar net 'n eenrigting of 'n kontrasnyeg (*offset*) is nie; dit is 'n saadbedvoorbereider. 'n Paar van die eienskappe wat hom beïndruk, is die volgende:

- Dit het 'n unieke veerstelsel sodat elke skottel individueel kan wegbreek en self herstel.
- Geen aste of skottels is in groepe aan mekaar vas nie. Materiaal kan dus vrylik tussen die skottels deurvloei.

Die skottels self is teen 'n unieke hoek na vorentoe gemonteer, wat beteken dat dit makliker in die grond insny en deur stoppels sny – dit maak nie soos ander skottelwerktuie op gewig staat om die grond in te dring nie. Die harkies tussen die rye skottels dwing die materiaal weer af sodat die agterste stel skottels dit nog fyner kan sny en dit breek ook kluite wat opspring.

Die rollers pak nie aan nie en maak 'n ongelooflike fyn en gelyke saadbed. Wanneer die Rubins aan die Gigant gekoppel word, is dit maklik om die 8 m werktuig op te vou en te vervoer. Aangesien daar in wese twee werktuie aan een balk is, is dit belangrik dat alles reg en fyn ingestel word. Coetzee sê Lemken se tegniese man, mnr Christo Prinsloo, het die kennis, geduld en ywer om 'n werktuig behoorlik in te stel en dit lyk of hy elke soort trekker ook goed ken.

Hy praat ook met groot lof oor die res van die Lemken-span, onder leiding van mnr Karel Munnik: "Karel kon maar oom Lemken se eie seun gewees het, want hy is in liggaam en siel oortuig van hierdie produk. As hy met jou gepraat het, sien jy net Lemken-blou!"



Coetzee het die Lemken-fabriek in Duitsland gaan besoek en hy sê dit is duidelik dat gehalte as uiters belangrik geag word: Vir Lemken is daar geen ander opsie as net die beste nie. Hy wil nou ook vir hom twee Smarag-saadbedvoorbereiders laat kom. Die Smarag doen 'n tandbewerking in plaas van 'n skottelbewerking en laat ook 'n saadbed perfek vir plant.

Hierdie jaar is Lemken by standplase 58 en 59 by die Graan SA NAMPO Oesdag en ons beplan 'n groot uitstalling van die nuwe implemente wat ons nou ingebring het. Daar sal onder andere videosessies wees wat die werking van die nuwe implemente verduidelik asook 'n uitstalling van ons Lemken-klere, -modelle en nuwighede. ■





1: Blackie Swart van Lemken en Kassie Coetzee – produsent van Koster.
2: Die Gigant 10.
3: Die reuse-Gigant vou netjies op vir maklike vervoer.

# Argo stel nuwe **Landini 7- en McCormick X7-reeks** bekend

**MONTY SWART** namens Argo

Gerugsteun deur ondervinding in ontwerp en met 'n beleid van nuwe ontwikkeling, het Argo Tractors S.p.A. in Italië, hulle toegespits op die ontwerp van die nuwe Landini 7- en die McCormick X7-reeks.

Al twee hierdie produkte het identiese spesifikasies: Die Landini 7- en die McCormick X7-reeks bestaan uit kragtige trekkermodelle vir swaardiens ooplandbewerking; masjinerie gereed vir die toenemende uitdagings wat die moderne landbou benodig; asook reekse wat voldoen aan die landboumark se hoogste vlak van verwagtinge in sover dit gemak, werksverrigting, intelligensie aan boord en ontwerp betref.

Argo lanseer vanjaar al twee dié trekkermodelle by Graan SA se NAMPO Oesdag. Kom besigtig gerus hierdie twee supertrekkermodelle met hoogs gevorderde elektronika by standplaas 41 en 42.

Daar is drie modelle in die twee reekse. Die Landini 7-reeks bestaan uit 7-176 (121 kW), 7-190 (130 kW) en 7-215 (138 kW) en die McCormick X7-reeks uit X7-660 (121 kW), X7-670 (130 kW) en X7-680 (138 kW).

Hierdie twee trekkerreekse word aangedryf deur die 6,7 liter BETAPOWER 24-klep, sessilinder turbo-enjins met drukbuisinspuiting en lug-tot-lug-tussenverkoeling en verskaf krag in die 121- tot 138-kilowattreeks.

Die optimale elektroniese brandstofinspuiting en die verbeterde ontbranding, sorg vir hoër kraglewering deur die enjins, terwyl brandstofverbruik verminder word. Die opslaanenjinkap maak wyd oop om sodoende maklike toegang tot die enjinkompartement te verkry vir roetine diens en versiening. 'n Spesiale verkoelingsisteemontwerp sorg dat elke verkoelingsisteem van mekaar geskei kan word vir maklike versiening en skoonmaak.

Die Pro Drive-ratkas met spoelkas (*shuttle*) en kruiprat verskaf 40 vorentoe- en 40 truratte deur 'n sesgang-ratkas met vier kragskakels per gang. Die ratkas word elektronies beheer deur middel van drukknoppieverstellings wat op die multifunksie-armlening van die lugbeheerde sitplek aangebring is. Dit word gekenmerk deur 'n *autoshift*-funksie wat die regte ratkeuse outomaties met die regte kraglading, enjinrevolusies en grondspoed selekteer. Nog 'n toevoeging tot die ratkas, is die ECO 40 (40 km/h) vir transport met verlaagde enjinspoed.







▲ **1 a en b: Argo se Landini 7-215 (138 kW) en die McCormick X7-680 (138 kW) is twee van die modelle in die reeks.**

Die elektrohidrouliese spoelkas (*shuttle*) se beheerkontrole is links, langs die stuurkolom aangebring en sorg vir 'n spoelkasfunksie sonder om die koppelaar te gebruik.

Dit dra by tot die maklike funksionering en veilige beheer van die trekker deur die operateur. Die kragaftakker word elektrohidroulies ingeskakel. Daar is 'n keuse van twee kragaftakkeraspenne met ses of 21 glyspygroewe. Die kragaftakker is toegerus met 'n spoedkeuse van 540/540E/1000/1000E rpm. Elektroniese beheer van die kragaftakker sorg vir gladde gemoduleerde inwerkingstelling van die implement. Sodoende word beide trekker- en implementfunksies ten beste aangewend en beheer.

Albei reekse is toegerus met 'n geslote hidrouliese sisteem met KAT III, driepunthyser, drie afstandbeheerkleppe en 'n hidrouliese pompvloeitempo van 90 liter/min. Die elektronies-beheerde hysstelsel met diepgangaanvoeling op die onderste koppelstange verskaf 'n maksimumhyskapasiteit van 9 300 kg en sorg dat al die implementbeheerfunksies nagekom word.

Die "Premier"-kajuituitleg is 'n ware elektroniese tegnologiesentrum en is ontwerp om aan die operateur 'n veilige, geraasvrye omgewing te verseker gedurende lang ure in die veld. Die kajuit met vier hoekstutte is gelaai met 'n magdom van kenmerke wat die volgende insluit: 'n Lugbeheerde sitplek met 'n multifunksie-armlening, 'n teleskopies vertelbare stuurwiel, sondak, LED-liggies en 'n skoon uitsig rondom die trekker.

Die binneruim met outomatiese-styl uitleg en afwerking is ook toegerus met 'n USB-poort, Bluetooth, 'n radio en vier luidsprekers, alles ter wille van 'n aangename operateurservaring. Akkurate drukreëling sorg dat die kajuitbinneruim heeltemal geïsoleer is van die buitetoestande, terwyl die outomatiese lugversorger sorg vir die eweredige verspreiding van die lug binne die kajuit, ongeag van die weerstoestande buite.

Die kajuit is ook toegerus met 'n gestoffeerde werkersitplek wat netjies weggevou word wanneer dit nie in gebruik is nie om sodoende maklike toegang tot die kajuit te verseker. ■

# Landini

## 7-175 I 7- 190 I 7-215



# LANDINI 7 REEKS

## - verbreed die grense van jou landboubehoeftes

LANDINI 7 REEKS - BETAPOWER ENJINS

| Landini 7 Reeks | 7-175 | 7-190 | 7-215 |
|---|---|---|---|
| Maks. enjinkrag (kW) | 121 | 130 | 138 |
| Maks. enjinspoed (rpm) | 1900 | 1900 | 1900 |
| Aangeslane enjinkrag (kW) | 117 | 122 | 133 |
| Aangeslane enjinspoed (rpm) | 2200 | 2200 | 2200 |
| Maks. wringkrag (Nm) | 679 | 798 | 810 |



Landini se 7 Reeks is toegerus met 'n moderne kajuitontwerp, 'n stylvolle aggressiewe voorkoms, 'n nuwe "Pro Drive" ratkas, en beproefde BETA-POWER enjins. Gereed vir die toenemende uitdagings wat die moderne landbou benodig. 'n Reeks wat voldoen aan die landboumark se hoogste vlak van verwagtinge.



BETAPOWER Enjins



Verkoelingsisteem maklik diensbaar



Moderne kajuituitleg - Outo-styl



Geslote hidrouliese sisteem

**HOOFKENMERKE:**

- Betapower 6,7 liter, 24 klep, 6 silinder Turbo enjins met Drukbuisinspuiting en Lug tot Lug tussenkoeling
- "Pro Drive" ratkas met spoelkas (shuttle) en kruiprat verskaf 40 vorentoe + 40 truratte deur 'n 6 gang 4 spoed kragskakel per gang ratkas
- Kragaftakker met elektro-hidrouliese inskakeling verskaf 4 spoedkeuses teen 540/540E/1000/1000E rpm
- Soliede tipe vierwielaangedrewe vooras met elektro-hidrouliese inskakeling
- Kat III, 3-punt hyser, 3 afstandbeheerkleppe, hidrouliese pompvloeitempo van 90 l/min en 'n hyskapasiteit van 9300 kg
- Premierkajuit – outo-styl, skep 'n ware tegnologiese kajuitbinneruim wat die operateur in volle beheer van al die trekkerfunksies plaas.



VIR MEER INFORMASIE SIEN JOU NAASTE HANDELAAR OF KONTAK: HOOFKANTOOR: 011 914 1700, KAAPPROVINSIE: 011 914 1700, LIMPOPO / MPUMALANGA: 082 653 4907, VRYSTAAT / NOORD-WES: 082 879 9540, KWAZULU-NATAL / OOS-KAAP: 082 907 4336.

Webblad: www.argosa.co.za Epos: landini@argosa.co.za

ARGO Industrial (Pty) Ltd.

# Radium Engineering vier 50 jaar in die landboubedryf

**NERISSA HECHTER,** Radium Engineering

Mnr Rupert Murdoch, uitvoerende hoof van 20st Century Fox, het gesê: "Die wêreld verander nou baie vinnig. Groot klop nie meer klein nie. Dit sal die vinnige wees wat die stadige klop."

Dit is besonder waar in die veranderende en mededingende sektor van landbouproduksie. Dit is dus noodsaaklik om 'n sterk span aan die hoof van 'n toekomsgerigte maatskappy te hê.

Mnr Mike Roest, die hoof uitvoerende beampte van Radium Engineering, lei die Radium-span van meer as 100 vaardige personeel by die fabriek op Babelegi, in die Noordwes Provinsie. Sy jare se ondervinding en 'n skerp oog vir detail het die maatskappy die goed geoliede masjien gemaak wat dit vandag is.

In 2005 het sy seuns, Grant (besturende direkteur) en Gareth (verkope direkteur), by hom aangesluit as die derde geslag in die maatskappy. Met 'n gekombineerde totaal van 80 jaar se ondervinding in die landbou- en ingenieurswese-sektore, bly hulle aan die voorpunt van tegnologie en ontwerp en ook terselfdertyd getrou aan hul erfenis.

2015 is nie net die jaar waarin Radium Engineering 50 jaar in die landboubedryf vier nie, maar ook die nuwe derdegenerasie ProCut-swaailemsnyers en die derdegenerasie-strooiers bekendstel.

Die nuwe ProCut-swaailemsnyers het nie net 'n volledige opknapping ontvang terwyl hulle die basiese beginsels behou het wat hulle so suksesvol gemaak het nie, maar ook 'n ergonomiese en kosmetiese voorkomsverbetering, terwyl daar op die sny- en ry-lynstelsels ook gefokus is.

Die nuwe PTO-skagte is oorgroot met voorafgewringde en self-aanpassende glykoppelaars om te verseker dat die korrekte spanning altyd op die koppelaars toegepas word.

Nuwe veiligheidskettings is ook aangebring aan die voor- en agterkant van die masjien om te verhoed dat enige ongewensde voorwerpe die werksone verlaat en skade aan die trekker verrig.

"Ons strooiers het tans die kapasiteit om teen 'n vinniger tempo te werk as wat die huidige tipiese trekker die strooier sal kan sleep. Dit is goeie nuus vir produsente wat dié nuwe modelle wil aanskaf sonder vrees dat dit nie sal kan byhou met kragtiger trekkers nie. Tans is ons strooiers markleiers wat tegnologie en werksverrigtingstempo betref, " verduidelik Grant.

Een van die faktore wat die vinniger sleepspoed moontlik maak, is 'n verbeterde veringstelsel. Die sleepstang van die hidrouliese ProSpread se topmodelle (310, 312, 315 en 318) is geveer en kan daarom vinniger en steeds veilig, oor lande ry.

Die nuwe ontwerp is baie prakties, maar ook mooi om na te kyk. "Ons het aandag geskenk aan 'n meer estetiese ontwerp en afwerking wat die trots van enige produsent sal wees. Danksy die opgradering van die hidrouliese stelsel, wielsisteem, vering en moniteringstegnologie kan ons met vertroue sê dat dit van die beste strooiers op die mark is teen 'n baie kompeterende prys," sê Grant.

In die strooier-reeks is daar 'n meneer van 'n strooier met 'n 18 ton-kapasiteit en al die bykomstighede wat bemesting vergemaklik.

Produsente kan nou inskakel by hulle moderne trekkers se rekenaartegnologie. Die ProSpread 315 en 318 kom standaard met ISOBUS-gereedheid, twee kameras en beligting wat dit moontlik maak om snags en soggens vroeg te kan werk.

Die elektroniese skakeling tussen die strooier en die trekker se rekenaar vergemaklik akkuraatheid en die kameras laat die bestuurder toe om binne-in die bak te kyk en ook agter die strooier om dinge daar dop te hou. Die kamera aan die agterkant van die strooier is ook handig wanneer in trurat bestuur word.

Ander bykomende opgraderings (op geselekteerde modelle):

- 'n Leer vir maklike inspeksie op die hidrouliese 730 ketting modelle.
- Kabinette aan die sykante om alle hidrouliese pype en kleppe te verberg en te beskerm op die hidrouliese 730 ketting modelle.
- 'n Skerm keer enige klippe en klonte wat groter is as 6,5 cm (opsioneel op alle modelle behalwe die 315 en 318 waar dit standaard kom).
- Modelle 315 en 318 het ook 'n stuurasopsie met sy eie remstelsel vir beter beheer en draaivermoë in die dubbel-as modelle.

Hierdie nuwegenerasie-strooiers is in verskillende groottes en prysklasse beskikbaar. Besoek ons tydens die Graan SA NAMPO Oesdag om meer inligting oor ons produkte te kry. ■



▲ **Nuwe derdegenerasie 3 m ProCut.**



▲ **Nuwe derdegenerasie ProSpread 315.**

**Radium Engineering**

Adres: 30 Derde Straat, Babelegi, Noord-Wes Provinsie,
Tel: +27 (0)12 719 9063 /62/20
E-pos: sales@radium.co.za
Webwerf: www.radium.co.za

Kontak die Verkoopsverteenwooridger in jou area:
Paul: vir NK, LP & MP op 076 687 1339
Evan: vir KZN & OVS op 083 629 7100
Gareth: vir NW, WK, OK, GP & KZN op 082 432 6907
Kudzi: vir Interne verkope op 072 927 1373

# NUWE Generasie III ProSpread 15 Ton & 18 Ton




















## Standaard Eienskappe

1. Hidrouliese kettingvervoer-stelsel
2. Verstelbare spinmotore

## NUWE Standaard Eienskappe

3. Twee draadlose kameras
4. Vloedligpakket
5. Veergelaaide Trekstang
6. Gull Wing staalkabinette om elektriese & hidrouliese toerusting te beskerm
7. Hidrouliese remme
8. Stuuras
9. Bladvere
10. Inspeksieleer & venster
11. ISO BUS gereed
12. CTD Haak




**Beskikbaar in verskeie modelle vanaf 2,5 Ton - 18 Ton**

# BKT Flotasie-reeks vir uitmuntende prestasie op enige terrein

**LARA DE GOEDE,** bemarkingsassistent, Tubestone

BKT, die bandevervaardiger en voorloper in die *off-highway* bandebedryf, het hul Flotasie-reeks vir landbousleepwaens vergroot en verbeter deur drie nuwe bande bekend te stel wat aan toepassingstandaarde voldoen.

Die nuwe weergawes, FL 630 Ultra, FL 635 en Ridemax FL 698, is tydens die Reifenskou in Essen, Duitsland, bekend gestel en sal binnekort op die mark beskikbaar wees. Die nuwe weergawes gaan beslis die Flotasie-reeks, wat tans bestaan uit FL 630 Super (verlede jaar suksesvol bekend gestel by SIMA, Parys asook FL 630, FL 630 Plus, FL 639 en Ridemax FL 693 M), die nodige hupstoot gee.

BKT se Flotasie-reeks is ontwerp vir gekombineerde gebruik op die pad asook in die veld/gras en lande en word gekenmerk deur hul uitstaande flotasie wat minder impak op die grond verseker. Die weerstandbiedende struktuur tref voorsorg vir uitstekende traksie, perfekte greep selfs in draaie en die nodige stuurbaarheid. Nie net verseker die besonderse loopvlakontwerp uitstekende greep op alle terreine nie, maar ook 'n unieke selfskoonmaakfunksie.

Die nylon-omhulsel en poliëstergordels van die FL 630 Ultra, FL 635, FL 630, FL 630 Plus en FL 639 bied stewigheid en weerstand benewens die noodsaaklike elastisiteit wat benodig word om by enige terrein en kondisie aan te pas. 'n Groot loopvlakoppervlakte asook die besonderse kapverspreiding sorg vir eweredige vragverspreiding wat grondkompaksie voorkom.

Die FL 630-, FL 630 Plus- en Fl 639-bande is hoofsaaklik ontwerp vir toepassing op land (70% veld en 30% pad). Tog wys die nuwe weergawe FL 630 Ultra 'n effense verandering in die ontwerp, insluitend meer kappe en 'n versterkte *bead* area wat die band meer bestand en gepas maak vir 'n gekombineerde gebruik van veld (50%) en pad (50%).

'n Nuwe toevoeging tot die Flotasie-reeks is die FL 635 – die perfekte band vir beide veld- en padgebruik. Die loopvlak is spesiaal ontwerp vir toepassing op strooibalers en graslande.

Ridemax FL 698-, FL 630 Super- en Ridemax FL 693 M-bande word gekenmerk deur die straallaag, *all steel*-struktuur, gemaak van besonderse weerstandige staalgordels wat optimale fermheid en stabiliteit aan die band verleen. Die unieke loopvlakontwerp maak die bande besonders gepas vir verskeie gebruike op enige terrein en oppervlak.

Die groot voetspoorarea sorg vir perfekte vragverspreiding op land wat grondkompaksie beperk en 'n groot vragkapasiteit moontlik maak – 'n noodsaaklike funksie vir bande wat spesiaal gemaak is om op sleepwaens, tenkvragmotors en spuittoerusting te gebruik.

Met die produsent in gedagte, het BKT bygevoeg tot die Flotasie-reeks. Hierdie reeks verminder skade aan lande deur grondkompaksie te verlaag en sodoende 'n beter oesopbrengs te lewer. Ander verbeteringe tot die bandeienskappe is 'n verlengde leeftyd asook hoër dravermoë teen 'n hoër spoed. Die reeks is so ontwerp om as belegging te dien vir elke produsent.

Tubestone is die trotse en eksklusiewe BKT-groothandelaar in Suid-Afrika. Met 'n kompeterende landbou- en industriële sektor, is die aanvraag na kwaliteitbande groot. Tubestone voldoen aan die aanvraag deur BKT-bande aan die Suid-Afrikaanse mark te voorsien.

BKT is 'n handelsmerk waarop 'n produsent maar kan/mag staatmaak. Met die BKT-eindverbruiker in gedagte, is die Tubestone Lojaliteitsklub (TLC) bekend gestel. Hierdie beloningsprogram is spesiaal ontwerp om elke BKT-kliënt te bedank vir hul lojale ondersteuning oor die jare asook vir die jare wat nog voorlê.

Vir elke BKT-band aangekoop, verdien jy TLC-punte en elke punt is geld werd. Die TLC-punte word weer gebruik en dien as afslag op BKT- en/of Nankang-bandaankope. Jou TLC-punte verval nie en jy kan punte verdien en ophoop tot jy besluit om dit te gebruik. Vir jou verjaardag gee Tubestone aan jou as 'n geskenk, dubbele TLC-punte op alle BKT-aankope gemaak tydens jou verjaardagmaand. Vir meer besonderhede aangaande die TLC-program, BKT Flotasie-reeks, Tubestone-produkte en -dienste of meer, besoek gerus die Tubestone-uitstalling by die Graan SA NAMPO Oesdag. ■

1


2


3


4


5


6


7


**1: Ridemax FL 693 M**
**2: FL 630**
**3: FL 630 Plus**
**4: FL 630 Super**
**5: FL 630 Ultra**
**6: FL 635**
**7: FL 639**






AGRIMAXTERIS
RADIAL HARVESTING TIRES

OFF-HIGHWAY TIRE SOLUTIONS

- *Verhoogde dravermoë*
- *Verminder grond kompaksie*
- *Indrukwekkende traksie*
- *Uitstekende flotasie*
- *Uitmuntende rygemak*

BKT BANDE WORD MET TROTS VERSPREI DEUR

TUBESTONE PRECISION TYRE BRANDS

Kaapstad: 021 510 6746
Johannesburg: 011 396 1356
Durban: 031 564 0060
Bloemfontein: 051 432 4000
Port Elizabeth: 041 486 3879
www.tubestone.co.za

bkt-tires.com

BKT GROWING TOGETHER

Kom besoek ons gerus by **Graan SA se NAMPO Oesdag, stalletjie 8 (C-E) en 9 (C-F)**

# Sparex – your first choice

**PIETER VAN LOGGERENBERG,** Sparex South Africa

Sparex South Africa wants to express our sincere appreciation to all our customers for their support. We also want to congratulate those who has grown and expanded their business by using our products.

Our company celebrated our 50th birthday on 19 March 2015. Apart from thanking all our loyal customers, Sparex South Africa wants to extend our celebration by offering a range of promotional products at festive prices for May 2015.

Over the years, Sparex has become known for good quality products at competitive prices and excellent, consistent customer service. This, along with our comprehensive range and our MF Heritage range of products, quality approved by AGCO, puts us in a position as first choice for an alternative to OEM parts.

Grain SA's NAMPO Harvest Day is a highlight on the agricultural calendar and we therefore look forward to see our clients again at this year's NAMPO. Here we want to share information with them about our products, special NAMPO offers and give them a chance to participate in our competition with wonderful prizes on offer.

You are invited to come and visit us at NAMPO 2015 – stand 36! ■

# Kom gesels hier oor boorgatsilinders

**CONLETH COSTIGAN,** Jooste Suier & Pomp

Jooste Suier & Pomp is in 1967 gestig en vervaardig sedertdien boorgatsilinders, forskoppe, druksilinders, vlotterkleppe, handpompe en ander verwante produkte.

Sedert Jooste Suier & Pomp, in die vroeër 1980's hul silinders begin nommer het, is daar al oor die 100 000 silinders aan produsente verskaf. Alle onderdele vir die Jooste-produkte is by die maatskappy of hul verspreiders verkrygbaar.

Ons wil graag hiermee al ons kliënte die versekering gee dat as ons nie onderdele kan voorsien vir 'n silinder wat 25 jaar oud of jonger is nie, sal Jooste Suier & Pomp kosteloos die kliënt se silinder vervang met 'n nuwe een.

Die Jooste-produkte sal by die Graan SA NAMPO Oesdag ten toon gestel word. ■






Produk-inligting

# Om te Monitor is 'n moet

**HEIN KRUGER,** Electrolee, Centurion

Vir gemoedsrus moet jy kan meet, om te weet – en vir die produsent wat sy vinger op die plantproses wil hou, is die Electrolee plantermonitor 'n ekonomiese antwoord.

Hierdie staatmakermonitor slaan onnodige verliese hok en voorkom misrye of kunsmislose rye wat jou duur te staan kan kom. Kennis is mag en ons by Electrolee staan reg om jou met raad én daad by te staan. Met 'n driejaarwaarborg, 'n groot verskeidenheid modelle om van te kies en 'n gevestigde gebruikersmark, verstaan ons die produsent se behoeftes.

Die Electrolee plantermonitor is 'n trots Suid-Afrikaanse produk. Span 'n Electrolee in om vir jou te werk. Dit is beslis 'n stuk betroubare toerusting tot jou diens. Met inligting soos pitte per 100 m, populasie, hektare en vele meer, kan jy met gemoedsrus plant.

Vir meer inligting, kontak ons gerus en kom besoek ons by die Graan SA NAMPO Oesdag – stalletjie 32 in die NAMPO-saal. ■







ORTHMAN
GEMAGTIGDE HANDELAARS

Produsente regoor Afrika leer van die voordele van Orthman Presisie bewerking produkte, en ons handelaar netwerk groei. Besoek jou plaaslike Orthman handelaar vir meer inligting.

AFGRI
Bethal, Bethlehem, Brits, Delmas, Ermelo, Frankfort, Grootvlei, Harrismith, Lydenburg, Marble Hall, Marquard, Middelburg, Standerton, Thabazimbi, Ghana, Zambië, Zimbabwe

Senwes village
Bloemfontein, Bothaville, Bultfontein, Hartswater, Heilbron, Hoopstad, Klerksdorp, Koppies, Kroonstad, Lichtenburg, Ottosdal, Parys, Potchefstroom, Schweizer-Reneke, Theunissen, Ventersdorp, Wolmaransstad

MASCOR
Dalton, Greytown, Harding, Kokstad, Komatipoort, Malelane, Newcastle, Pietermaritzburg, Port Shepstone, Salt Rock, Vryheid, Winterton, Kenia, Uganda

GWK innovate agriculture
Barkley-Wes, Douglas, Hopetown, Luckhoff, Modderrivier, Prieska

JWL INDUSTRIELE EN LANDBOU VOORSIENERS
Ermelo

LEER MEER BY NAMPO
ORTHMAN STALLETJIE 152
OESDAG 12-15 MEI
ORTHMAN
Craig Ivins, Verkoops Bestuurder
011 396 1629 civins@orthman.com

# Topcon X Family Consoles

## More choices in precision means better decisions

- Improve efficiency and reduce input costs
- Easy to learn and operate
- User customisable views
- Easy upgradability




Featuring Horizon software, the Topcon X Family of multi-touch, colour touchscreen consoles brings innovative, industry-leading performance and ease-of-use to virtually any size operation. A wide array of features, functionalities and price points lets you select the best fit for your current farming needs.

**Visit our booth at NAMPO 2015 | Caltex Hall, Stand 7**

**Or contact: Christo Helm | +27 0 832335497 | chelm@topcon.com**

**www.topconpa.com**

TOPCON
Precision Agriculture

# Topcon precision agriculture – designed to increase efficiency

**CHRISTO HELM,** manager, Topcon Precision Agriculture Africa

Topcon produces a range of controllers for steering and guidance, spraying, seeding, planting, fertilising, spreading and incorporating auto-section and variable rate control. Topcon's advanced products are designed to increase efficiency, improve yields, reduce input costs, conserve water, protect the environment, and enhance your farm management system.

## X14 solution

Topcon's X14 console provides an entry level solution for those seeking visual guidance and/or auto steering on a budget. Featuring a bright 4,3" full colour, sunlight readable touchscreen, on-screen light-bar and a form factor very similar to Topcon's innovative X30, the X14 offers powerful 3D graphics for manual guidance, coverage mapping and auto steering applications.

The icon-based, user-configurable interface offers a full range of pre-configured guidance patterns and offers easy setup on leading manufacturer vehicles including tractors, sprayers and harvesters. Best of all the X14 grows with your needs, from low-cost manual guidance all the way up to RTK accuracy for ultimate precision performance.

## X25 solution

The X25 high performance console featuring a 8" colour display, designed to offer full-featured precision machine control and high-accuracy auto-steering for smaller cab environments or the more price conscious producer.

It is available with feature packages that provide flexibility for virtually any size operation. The X25 features the same producer-friendly on-screen navigation menus, drag-and-drop mini-views and user configurable dashboard as its larger Topcon X30. It can simultaneously display three separate functions on-screen and is rugged, reliable, and easy to use while offering ISO compatibility.

Built on the robust Linux operating system, the Horizon software meets the precision farming needs of today as well as into the future. The X25 offers single product rate control in basic mode upgradable to variable rate control for up to four products in advanced mode.

## X30 solution

The X30 is Topcon's industry-leading X30 console with intuitive multi-view interface. The user definable interface provides a wealth of control and display options for simplicity and flexibility with feedback at a glance from multiple sensors throughout your machine; mini-view windows with drag-and-drop positioning; interaction keypads with "expandable menus"; dashboard readouts provide constant, convenient basic data; integrated LED light-bar for manual guidance; full-screen views available for more detailed information; advanced setup wizard provides simple icon-based setup control.

For application and rate controls the X30 controllers include spraying, spreading, or planting, and feature innovative efficiency tools such as auto coverage to help ensure no gaps or overlap; variable rate control for up to eight products/channels; auto-section control with ISO interface for sprayers and planters.

Combine the X30 with the AGI-4 receiver/steering controller for auto-steering, featuring a modular design that includes antenna, receiver, and steering controller, with optional high-accuracy inertial snap-in RTK upgrade module. The optimal line for controlled traffic farming function reduces compaction damage from heavy or repeated passes.

The X30 provides multiple input/output features for maximum data use. Client/Farm/Field/Job menu lets you save multiple fields and tasks for different farms, create detailed reports for data tracking and multi-year analysis.

The X30 virtual terminal supports industry standard ISO11783 plug-and-play operation for direct control of major planter monitors and planter, seeder and sprayer controllers. The VT operates in parallel with X30 32-section auto-section control.

## AES-25 electric steering

The AES-25 is an advanced solution for all platforms – from basic steering to those striving for high-accuracy results. It is fully compatible with Topcon's X14, X25 and X30. With a quiet, high-torque motor, the AES-25 provides silent operation and one of the most accurate electric steering solutions in the world.

It does not intrude into the operator's working area with external components that could interfere with normal day-to-day operation. The AES-25 provides a complete package that is easily transferable between machines. ■

1


2


3


4


▲ 1: Topcon's X14 console.
▲ 2: The X25 high performance console.
▲ 3: The X30 is Topcon's industry-leading X30 console with intuitive multi-view interface.
▲ 4: The AES-25 electric steering.

# Nuwe XXL-rusperbandkoning en meer

**ANITA VAN ZYL,** namens Barloworld Agriculture

Drie dekades lank al stel Challenger wêreldwyd die standaard waarteen rusperbandtrekkers gemeet word. Vanjaar word hierdie doelpale weer eens versit.

Barloworld Agriculture stel vanjaar die nuwe Challenger MT 700E-rusperbandtrekkers by Graan SA se NAMPO Oesdag bekend. Die reeks bestaan uit twee modelle: Die MT 765E (280 kW) en MT 775E (298 kW). "Die MT 775E is by die Sima-skou in Frankryk aangewys as 2015 se Trekker van die Jaar in die XXL-kategorie, 'n bewys van die suksesvolle integrering van tegnologie in dié nuwe trekkers," sê mnr Willie Stander, hoofbestuurder van Challenger by Barloworld Agriculture.

Boonop kry besoekers aan NAMPO ook 'n kykie in die toekoms met Challenger se grootste rusperbandtrekker ooit. Die MT 875E met sy nuwe AGCO Power V12-enjin van 440 kW is die vlagskip in die MT 800E-reeks wat volgende jaar in Suid-Afrika beskikbaar sal wees as opvolger van die MT 800C-reeks (328 kW - 383 kW).

"In die MT 700E-reeks snoer Challenger die enjin, transmissie, hidroulika en rusperbandtegnologie saam tot 'n selfs nog meer indrukwekkende geheel," sê Stander.

Nuwe 9,8 liter, sewe-silinder AGCO Power-enjins met 'n dubbele turbo, wat spesiaal vir landbou ontwerp is, bied 'n wringkrag van tot 1 808 Nm (MT 765E) en 1 921 Nm (MT 775E) teen 1 500 rpm en 'n wringkragreserwe van tot 42%.

Jy kan dus die enjin se volle krag benut en meer met minder brandstof gedoen kry, ook onder swaar vrag. "Daarby is AGCO Power-enjins baie suinig op diesel; by Massey Ferguson help verlaag dit brandstofverbruik met soveel as 16% teenoor ander hoëtegnologietrekkers," sê Stander.

Die gladde CAT Powershift 16x4-transmissie help verseker groter trekkrag teen laer snelhede en hoë produktiwiteit ongeag die toepassing: 'n Hoër hidrouliese vloei van 321 liter per minuut sorg vir blitsige reaksies, selfs met die grootste implemente; en Challenger se legendariese Mobil-trac rusperbandonderstel bied onoortreflike vastrapkrag en kragoordrag.

'n Korrigerende driepunthysvermoë van tot 12 ton (die hysvermoë van 14 ton by die groter Challengers is die hoogste in landbou tans) en swaardiens kragaftakker, sowel as 'n nuwe panoramiese kajuit, dra ook by tot meer produktiewe dae op die lande.

*Extreme application*-rusperbande is weer eens standaard beskikbaar. Die spoorwydte kan verstel word tussen 2 032 mm tot 3 048 mm.

"Challenger is die enigste trekker in landbou wat spesiaal vir rusperbande ontwerp is en 'n mens kan dit sien in sy werksverrigting," meen Stander.

## Kapasiteit is koning

Die fokus val ook op Challenger se 500C-reeks rotorstropers, wat verlede jaar bekend gestel is en ook naam gemaak het vir hulle kapasiteit en winsgewende werksverrigting. Hierdie stropers het onder meer 'n opgegradeerde materiaal-inlaat en dorsstelsel, en die AGCO Power-enjin is in lyn geposisioneer vir doeltreffende kragoordrag. 'n Enkelrotor van 3 558 m lank, 'n 180 grade dors- en skeidingsarea en tweespoed ratkas met rotorsnelhede van 264 rpm tot 1 235 rpm om vir alle toestande en gewasse voorsiening te maak, maak hierdie stropers ware staatmakers.

"Weer sorg die 9,8 liter, sewe-silinder AGCO Power-enjin vir uitsonderlike brandstofekonomie in vergelyking met ander stropers in hulle klas," wys Stander uit.

Graan uit die Challenger 540C (Klas 7) en 560C (Klas 8) word teen 159 liter per sekonde afgelaai – die vinnigste in landbou. Hierdie aflaaispoed sal onder meer by NAMPO gedemonstreer word.



Challenger bied ook winsgewende oplossings met sy selfaangedrewe spuite. Twee Rogator-modelle is beskikbaar met balkwydtes van 28 m en 36,5 m en 'n grondvryhoogte van 137 cm en 127 cm onderskeidelik. Kenmerke van hierdie slim spuite sluit in konstante aandrywing op al vier wiele, 'n Flexframe-onderstel (sodat al vier wiele heeltyd grondkontak maak) en 'n 50/50-gewigsverspreiding met lugsuspensie.

Challenger sorg vir doeltreffende dekking per hektaar – of jy grondvoorbereiding doen, stroop of spuit," sê Stander. "Daarby streef ons daarna om waarde toe te voeg met goeie tegniese steun en onderdelevoorsiening asook diensplanne en ondersteuning met presisieboerderystelsels. Ons doelwit is om die eindgebruiker te verseker van winsgewende werksverrigting, 'n verlaagde koste van eienaarskap en 'n uitstekende opbrengs op jou belegging." ■

**Die nuwe MT 775E-rusperbandtrekker van 298 kW is by die Sima-skou in Frankryk aangewys as 2015 se Trekker van die Jaar in die XXL-kategorie.**

Challenger YOUR SOIL, OUR TERRITORY.




produktief, ekonomies

# CH 500C REEKS





## Klas 6, 7 & 8 rotorstropers wat koning kraai

- Enkelrotor – beter materiaalbeheer en graanmonster
- 3,6 m lang rotor en groot 180° skeidingsarea
- Doeltreffende inlyn-enjinontwerp
- Graantenks van tot 12 300 liter; vinnigste aflaaispoed van 159 liter per sekonde
- Bewese brandstofbesparing
- Onderdele 24/7 beskikbaar; reuseverlaging op onderdeel- en dienspryse

**Vir meer inligting, skakel Robbie Hall by 082 6111 972, Gary Halvorsen by 079 692 1478 of Hennie van der Walt by 072 110 8225**

**CHALLENGER** is 'n wêreldwye handelsmerk van AGCO

Barloworld Agriculture

# NAMPO Oesdag – wees daar!

SA Graan/Grain redaksie

**As** jy al daar was, sal jy saamstem dat die Graan SA NAMPO Oesdag 'n geleentheid is wat nie misgeloop moet word nie. Die rustige plaasatmosfeer van NAMPO Park word in 'n miernes van bedrywighede verander wanneer dit met sowat 70 000 Oesdagbesoekers gevul word.

Dit word beskou as die grootste landboutentoonstelling in Suider-Afrika, maar fokus beslis nie net op landbouprodukte en -toerusting nie. Daar is iets vir elke smaak en die Oesdag het oor die jare bewys dat dit 'n gesogte plek is om besigheid te doen en bande te bou.

*SA Graan/Grain* se redaksie het tydens die Graan SA Kongres op 4 en 5 Maart vanjaar met verskeie persone gesels om te hoor hoekom húlle sê 'n mens NAMPO moet besoek.

1. Cyril Long (Welkom), Henry-Ben Rheeder (Welkom) en Maritz Maritz (Bothaville) geniet die **veelsydigheid** van die NAMPO Oesdag.
2. David Maleleka (Harrismith) en Thabo Macholo (voormalige Graan SA-hoofbestuurslid) is dankbaar vir die **inligting** wat by die NAMPO Oesdag ingewin kan word. Omdat alle uitstallers onder een dak is, is dit maklik om met verskeie kundiges op een dag te gesels.
3. Iets wat George Steyn (Ottosdal), Niël Rossouw (Ottosdal), Lourens du Plessis (Ottosdal) en Gert van Aarde (Hartbeesfontein) waardeer, is die **nuwe tegnologie** en die inligting wat hulle by NAMPO kry. Die nuutste tendense word hier bekend gestel en stel jou in staat om jou boerdery op datum te hou.
4. "Uitstekende **infrastruktuur**!" sê Theunis Pretorius (Ficksburg). Hy is gek oor die veelsydigheid, maar voel dat dames en kinders afgeskeep word. "As daar 'n program vir kinders geskep word, sal die NAMPO Oesdag 'n familie-aksie kan word," stel hy voor.
5. Die **veekomponent** is vir Ramodisa Monaisa (Graan SA-hoofbestuurslid: Streek 30, Wes), Anna Mapanyane (Brooksby), Ezekiel Pholo (Lombaardslaagte) en SI Molefe (Gannalaagte) die trekpleister by NAMPO.
6. Danie Minnaar (Bothaville) en Ashley Whitfield (Viljoenskroon) besoek eerste die **presisieboerdery-uitstallings**, maar sal daarvan hou as al hierdie uitstallers onder een dak gehuisves kan word.
7. Andries Coetzee (Dwaalboom) en Danie van Vuuren (Dwaalboom) geniet dit om die **implemente** te besigtig en om demonstrasies by te woon.
8. Michael Ramoholi (Theunissen), Thulane Mbele (Harrismith) en Lekhotla Makoele (Harrismith) geniet onder-



1

2

3

4

5

6

7

skeidelik die tegnologie, **nuwe masjinerie** en die veekomponent.

9. Volgens Lungile Malo (Delareyville), Israel Motlhabane (Graan SA-hoofbestuurslid: Streek 31, Wes) en Hendrik Melken (Delareyville) is dit die ideale **netwerkgeleentheid** waar nuwe bande gesmee kan word – veral met buitelandse besoekers. Verder vind hulle die nuwe tegnologie en inligting wat oorgedra word, die moeite werd.

Dan is daar natuurlik ook mos die heerlike geure van wors en sosaties wat braai, interessante items wat te koop aangebied word en nog vele meer om by NAMPO te sien...Sien jou daar! ❖




**1:** Cyril Long (Welkom), Henry-Ben Rheeder (Welkom) en Maritz Maritz (Bothaville).

**2:** David Maleleka (Harrismith) en Thabo Macholo (voormalige Graan SA-hoofbestuurslid van Harrismith).

**3:** Ramodisa Monaisa (Graan SA-hoofbestuurslid: Streek 30, Wes), Anna Mapanyane (Brooksby), Ezekiel Pholo (Lombaardslaagte) en SI Molefe (Gannalaagte).

**4:** George Steyn (Ottosdal), Niël Rossouw (Graan SA-hoofbestuurslid: Streek 6), Lourens du Plessis (Ottosdal) en Gert van Aarde (Hartbeesfontein).

**5:** Theunis Pretorius (Ficksburg), Francis Grimbeek (Ficksburg) en Ignatius Wille (Ficksburg).

**6:** Ashley Whitfield (Viljoenskroon) en Danie Minnaar (Bothaville).

**7:** Andries Coetzee (Dwaalboom) en Danie van Vuuren (Dwaalboom).

**8:** Michael Ramoholi (Theunissen), Thulane Mbele (Harrismith) en Lekhotla Makoele (Harrismith).

**9:** Lungile Malo (Delareyville), Israel Motlhabane (Graan SA-hoofbestuurslid: Streek 31, Wes) en Hendrik Melken (Delareyville).

360 YIELD CENTER

AT THE CENTER OF IT ALL.



Nou in SA beskikbaar!

Kom besoek ons by **Nampo (standplaas 161B)** om die opwindende tegnologie te besigtig of kontak ons by:

Tel (018) 632 0362

Francois (082) 3331330 en Anton (083) 3811907

Cerealis
ONS BOER MET PRESISIE.!

# ZF presents their efficiency package for agricultural machinery

**ALEXANDER EISNER,** product communication/technical press, ZF

ZF is supplementing the product range for tractor transaxles with the option of an efficiency package. Functions such as the automatic control of the system pressure, the cooling oil shut-off for the multi-disc brake and other components of the ZF efficiency package, further improve the efficiency of the transaxles and result in higher productivity and reduced fuel consumption.

ZF has been developing and producing agricultural machinery technology since 1939 and has therefore been serving the off-road/agricultural machinery market for 76 years.

In 1939 tractor manufacturers expressed the desire for a standard transaxle. The then standard transaxle consisted of a shift transmission, power take-off shaft (PTO), removable belt pulley, reaping drive, brakes and rear axle drive with a differential lock in one housing.

At the time, ZF was one of four companies that had entered this market; today ZF is the only one of them that still exists.

The company underlines its system capability with the efficiency package which combines many advantages through its specifically matched components. The functions of the ZF efficiency package give an increase in productivity as well as driving comfort with simultaneous reduction in the operating and maintenance costs for the vehicle keeper. Through the interaction of the individual components, fuel savings of up to 12% can be obtained.

The components of the efficiency package include:


- System pressure control: The closed-loop control of the transmission responds to the transaxle system pressure and adjusts the pressure level depending on the respective operating state through a proportional valve.
- Cold start management: A bypass valve of the oil cooler shortens the transaxle warm-up phase to give maximum efficiency, especially at low ambient temperatures.
- Lubrication cut off: The lubrication oil amount for the multi-disk brakes in the rear axle is varied, dependent on the travel speed ensuring reduced friction losses particularly in transport mode.
- Driveline oil management: An optimised oil distribution in transmissions and axles reduces the splashing losses at high revs e.g. through hatches, covers for the crown wheels in the axles or a cover of the 4WD-clutch.

The company is a global leader in driveline and chassis technology with 122 production companies in 26 countries. In 2015, the company will celebrate its 100 year anniversary. Originally named Zahnradfabrik GmbH, ZF was founded in Friedrichshafen in 1915 by Luftschiffbau Zeppelin GmbH among others. In its early years, the company developed, tested and manufactured aircraft transmissions.

ZF products are used in passenger cars, commercial vehicles, construction and agricultural machinery, rail vehicles, and marine applications. The company also focuses on the wind power and electronic components business.

The "Motion and Mobility" slogan clearly states the company's core mission: Right from its foundation, ZF has developed and manufactured innovative products for all people around the globe who want to move things reliably, comfortably, and safely and experience the ultimate in efficient mobility.

Quality, technological leadership, and innovative power have always defined the group's identity – today as much as ever. Come visit us at our stand at Grain SA's NAMPO Harvest Day – Total SA hall, stand 4 and 5. ■



**ZF efficiency package – valve block from lubrication cut off.**





# ZF SERVICES' WORKSHOP – OPTIMISING COST, QUALITY AND RELIABILITY

Repairing of Transmissions and Axles on most construction and mining equipment

12 month/1500 hour warranty

**Genuine** OE and replacement parts

**Diagnostics** and testing

State of the art **technical services**

**Highly trained** staff

**Service exchange stock** available

Competitive pricing

**24hr field service** support

ISO:9001:2008

Johannesburg: +27 11 457 0000 I Cape Town: +27 21 950 6300 I www.zfsa.co.za

MOTION AND MOBILITY

# Verhoog doeltreffendheid, produktiwiteit met Sunflower

**ANITA VAN ZYL,** namens Barloworld Agriculture

Gehalte grondvoorbereiding is noodsaaklik om opbrengs te verhoog. Met die Sunflower-reeks bied Barloworld Agriculture aan plaaslike produsente die voorste implementtegnologie uit Amerika om doeltreffendheid en produktiwiteit met grootskaalse grondbewerking te verhoog.

Die Sunflower-reeks sorg vir optimale primêre en sekondêre grondbewerking, soos plaaslik bewys is, sê mnr Steph Strydom, bestuurder: Planters en implemente by Barloworld Agriculture.

Die Sunflower-handelsmerk het 'n trotse geskiedenis in Amerika waar dit reeds sedert 1941 vervaardig word. Sunflower word beskou as die eerste maatskappy wat grondvoorbereidingstoerusting vervaardig het wat ongelyke terrein kan volg. Dit het reeds in die 1960's die eerste fleksiploeg, beitelploeg en kontrasnyeg bekend gestel en vandag is die snyegreeks onder meer die markleier in Noord-Amerika.

"Implemente in die Sunflower-reeks spreek van goed deurdagte, duursame swaardiensontwerp," sê Strydom.

Die Sunflower 4400 kombinasie-skottelskeurploeg het 'n ry skottels voor en skeurploegtande agter om 'n dieper algehele bewerking te gee om plantmateriaal dieper met die grond te vermeng. Die veerhersettande werk tot 550 mm diep en harkies is opsioneel beskikbaar om grond agterna gelyk te hark. Modelle met vyf en sewe tande is beskikbaar en trekkers van tot 225 kW vir die grootste model word benodig afhangend van die grondtipe.

Sunflower se "C"-tand 2400-beitelploegreeks kan met die toevoeging van byvoorbeeld harkies en vlerkskare vir primêre sowel as sekondêre bewerking gebruik word. Dié reeks is beskikbaar met 25 tot 41 veerhersettande met 'n maksimum werksdiepte van sowat 305 mm en 'n werkswydte van 7,6 m tot 12,5 m. Die kilowattvereiste wissel van 200 kW tot 410 kW.



▲ Die Sunflower kombinasie-skottelskeurploeg het 'n ry skottels voor en skeurploegtande agter om 'n dieper algehele bewerking te gee en plantmateriaal dieper met die grond te vermeng.



▲ Sunflower se duursame beitelploeë is beskikbaar met 25 tot 41 tande en benodig 6 kW - 10 kW per tand.

Vir saadbedvoorbereiding bied Sunflower 'n produk wat sy staal reeds dubbel en dwars in Suid-Afrika bewys het. Sunflower se 5000-reeks saadbedskoffels is beskikbaar met werkswydtes van 6,3 m tot 19,2 m en benodig tot 380 kW vir die grootste model.

Die Sunflower 1000-tandemsnyegreeks is beskikbaar met werkswydtes van 8 m tot 12,2 m en die kilowattvereiste is gemiddeld 25 kW - 35 kW per meter afhangend van grondtipes. Die druk per 26 duim-skottel is sowat 89 kg tot 102 kg om te verseker dat plantreste deeglik met die grond vermeng word. Hierdie implemente het 'n X-vormige raamontwerp met drie skarnierpunte en seksies kan teen 'n hoek van tot ses grade werk om ongelyke lande of kontoere doeltreffend te hanteer.

Die Sunflower 1700 kontrasnyegreeks met werkswydtes van tot 5,5 m, bied druk van tot sowat 132 kg per skottel en is ontwerp vir die bewerking van swaarder of harder grond. 'n Trekker van tot 175 kW word benodig.

Die reeks sluit ook inlynskeurploeë in vir die ry-op-ry-bewerking van swaar gekompakteerde grond. Groot swaardienskouters sny gemaklik deur digte plantreste en die tande het 'n maksimum werksdiepte van 508 m en 'n veerherset-aksie wat dit beskerm wanneer dit obstruksies tref. Modelle met vyf tot twaalf tande is beskikbaar en trekkers van 150 kW tot 360 kW word benodig afhangend van die model en grondtipe. Harkies is opsioneel beskikbaar.

"Ongeag grondtoestande en die aantal hektare wat bewerk moet word, verseker Sunflower-implemente robuuste, betroubare werksverrigting 24 uur van die dag," sê Strydom. "Daarby is produsente verseker van hoë vlakke van produksteun, wat die goeie beskikbaarheid van onderdele insluit." ■


Barloworld Agriculture
PLANTERS VIR 'N NUWE GENERASIE
Swaardienswerkverrigting – beproef in plaaslike toestande
Plant fynsaad soos koring, hawer, gars, lusern en grassaad met gemak
Saaduitmeting met gegroefde spiraalrollers – egalig en akkuraat
Onafhanklike ry-eenhede verseker konstante diepteplasing
Groot saad- en kunsmisbakke verhoog produktiwiteit
Twee modelle met 20 en 26 rye; ryspasiëring van 17 cm
KONTAK JOU MF HANDELAAR NOU!
Of skakel 011 898 0474 vir jou naaste handelaar
MASSEY FERGUSON
NUWE MF 300 REEKS
FYNSAADPLANTERS
VAN FORMAAT
VAN MASSEY FERGUSON
MASSEY FERGUSON is 'n wêreldwye handelsmerk van AGCO.
AGCO
Your Agriculture Company
MASSEY FERGUSON

# DIE WÊRELD VAN LANDBOU VERANDER

## BETROUBAAR, EENVOUDIG, PRODUKTIEF: DIE MAGNUM-REEKS

Die wêreld verwag al hoe meer van jou plaas. Meer voedsel. Meer graan. Meer brandstof. En dit alles op minder beskikbare grond. Case IH help jou om aan hierdie vraag te voorsien met innoverende tegnologie wat ontwerp is deur te luister na wat boere regtig wil hê. Deur toerusting aan te bied wat ongekende krag en werkverrigting lewer – gebou met betroubaarheid onder alle omstandighede in gedagte – en met 'n uiters gebruikers-vriendelike operateurs omgewing. Die Magnum-reeks trekkers laat jou toe om te boer soos jy wil, en maak seker dat jy gereed is vir al die uitdagings wat voorlê.




*Terwyl voorraad hou. Bepalings en voorwaardes geld. Finansiering onderhewing aangoedkeuring.

CNH INDUSTRIAL CAPITAL
'n Afdeling van WesBank

NORTHMEC Established 1869
Die staal in jou strategie.
Tel 011 9222 300 · Faks 011 9222 358
www.northmec.co.za · www.caseih.com

WesBank -'n Afdeling van FirstRand Bank Bpk. 'n Gemagtigde Verskaffer van Finansiële en Krediet Dienste. NCRCP20. Bepalings en Voorwaardes geld. Finansiering onderhewig aan goedkeuring.

Tindrum 15/033

# Case IH verower ses groot industrietoekennings

## – Magnum 380 CVT aangewys as Trekker van die Jaar

**ARNO DU PLESSIS,** nasionale verkoopsbestuurder, Case IH, Northmec

Case IH is onlangs vereer met ses toekennings, 'n bewys van sy verbintenis tot innovasie en 'n ferm begrip van produsente se behoeftes. 'n Welverdiende erkenning is aan die Magnum 380 CVT gegee met die hoogs gesogte Tractor of the Year (TOTY®) 2015-toekenning.

"Ons maatskappy is baie geëerd om die Trekker van die Jaar 2015-toekenning te ontvang," sê mnr Jim Walker, visepresident, Case IH NAFTA. "27 jaar van Magnum-trekkers beteken 27 jaar van goedkeuring deur die moeilikste groep beoordelaars wat jy kan bekom: Produsente in hul daaglikse omstandighede."

'n Paneel van 23 kundige joernaliste bepaal die TOTY-wenner. Aspekte wat bygedra het tot die Magnum 380 CVT se oorwinning sluit die palwissel-transmissie, die maklik-om-te-gebruik multikontrole-armleuning, die nuwe LED-beligtingspakkette en die innoverende Rowtrac-oplossing wat gebruik maak van 'n kombinasie van die agterste rusperbande en hoëtegnologie-, laedruk-voorwiele, om beter vastrap en minimale grondversteuring te bewerkstellig en wat beter traksie en gewigsverplasing meebring as die konkurrente tweewiel-rusperbandtrekkers.

Saam met die TOTY-toekenning, is vyf ander Case IH-produkte ook vereer met die AE50-benoeming wat Case IH as een van die top 50 mees innoverende nuweproduktevervaardigers van 2014 plaas. 'n Paneel van internasionale ingenieurskundiges beoordeel die AE50-wenners deur die identifisering van die produkte wat die beste ingenieursinisiatief implementeer in die voedsel- en landboubedrywe. Die Amerikaanse Vereniging van Landbou en Biologiese Ingenieurs borg die toekennings.

Wenprodukte van Case IH, sluit in:

- Die Steiger® 620 HD indirekte enjinverkoelingstelsel: By hierdie onafhanklike, laetemperatuurverkoelingstelsel het elke turbo-aanjaer van die Case IH FPT-enjin sy eie optimaal aangepaste verkoeling. Dit gee die trekker vinniger reaksie onder vrag. Die STX600 TIER II is steeds beskikbaar in Suid-Afrika en die enjin het al die kenmerke van die nuwe masjien.
- Die Ecolo-Tiger® 870-kontrasnyeg wegbreekbeitelploeg: Dié masjien skep 'n hoë-opbrengsomgewing vir plante, elimineer grondverdigting, terwyl oesreste ingewerk word vir voedingstofvrylating in die grond. Dit bied die wydste weervenster en is die eerste vierfase-masjien in die bedryf.
- Die nuwe Case IH 4400-plukkerkoppe vir mieliegewasse: Hierdie unieke ontwerp verhoed die verlies van mieliekoppe oor die ente van die tafel wanneer die plant uitermatig lank is. Die deler is geïntegreer met die tafel en geen gereedskap word benodig om dit te lig of te laat sak nie – alles gebeur vanuit die kajuit. Dit sluit ook die Case IH CornLouvers™ in, wat verseker dat los pitte en koppe die reis voltooi tot in die stroper.
- Die Magnum Rowtrac-trekker: Met vier punte van grondkontak, lewer hierdie yster meer flotasie, beweegbaarheid en stabiliteit as tweeband-ruspertrekkers. Die langer asafstand en eksklusiewe hoë-flotasie bande bied meer traksie met minder kompaksie onder vrag in vergelyking met mededingende MFD-trekkers. Daarbenewens help die CVT *split-throttle* om die piek vinniger en met meer doeltreffendheid te bereik ongeag operateurservaring. Voorts dien die geïntegreerde AFS Pro 700-armleuningbeheersentrum as 'n kontrolesentrum vir vlootbestuur, monitering van prestasie, masjienbeheer en presisieboerderyfunksies.

"Hierdie prestasies vier deurdagte innovasie en stel produsente eerste. Dit is 'n wenkombinasie wat ons kliënte van ons verwag," sê Walker. "Ons word gedryf om die regte hoeveelheid van tegnologie en maksimum produktiwiteit en winsgewendheid te lewer en ons sal voortgaan om produkte wat gereed is om te voldoen aan die veranderende behoeftes van vandag se produsente, te ontwerp."

Case IH is 'n globale leier in landboutoerusting, verbind tot samewerking met sy kliënte om die mees kragtige, produktiefste en betroubare toerusting te ontwikkel – ontwerp vir vandag se landbou-uitdagings. Met sy hoofkwartiere in die VSA, het Case IH het 'n netwerk van handelaars en verspreiders in meer as 160 lande.

Die maatskappy bied landboutoerustingstelsels, buigsame finansiële dienste, onderdele en naverkoopsondersteuning vir besighede en kommersiële produsente deur 'n toegewyde netwerk van professionele handelaars en verspreiders.

Die volledige reeks Magnum 340 en 380 CVT Rowtrac (rusperband) trekkers sal beskikbaar wees in die tweede helfte van 2015. Ons verwag die Magnum 380 CVT-standaardmodel betyds vir die Graan SA NAMPO Oesdag 2015.

Skakel Northmec nou en bespreek jou trekker. Met hierdie tipe innovasie, kan die voorraadvlakke dalk te klein wees vir die opskudding in die mark. ■
















1: Die Magnum 380 CVT standaard.
2: Die Steiger STX 600-enjin.
3: Die Case IH-plukkerkop.
4a en 4b: Die Magnum 380 CVT Rowtrac.

# The Donaldson history continues…

**CAMERON DIESEL,** marketing manager, Donaldson Filtration Systems

Donaldson Filtration Systems (Pty) Ltd provides complete filtration solutions to the agricultural, mining, transport and construction sectors. From humble beginnings in the United States in 1915 to an established filtration solutions provider across the globe, Donaldson is proud to be the driving force of innovative filtration technology for 50 years on the African continent.

Donaldson adopts a total systems approach, an important factor when one considers the vast range of vehicles and applications within the agricultural sector. The filtration system in modern agricultural equipment is complex, and specialised filtration is used throughout the machine to ensure optimum protection within the operating environment. We have a vast product range which covers air, fuel, lube and hydraulic filters.

Donaldson is also an industry leading expert in the grain handling and processing sector. Since its introduction in 2008, more than 300 Donaldson Torit® PowerCore® CP collectors have been installed in these applications worldwide and are quickly becoming the new industry standard for grain dust control.

Torit cartridge style dust collectors (DFO and DFT) in the seed-treatment industry and Dalamatic® collectors in milling and oilseed processing industries illustrate just some of the versatile collectors available from Donaldson to meet the dust collection needs of the grain and agriculture industries.

Donaldson is one of the few filtration companies that can find a product to meet almost every requirement, from agricultural to engine and various specialised industries.

Be sure to visit us at this year's Grain SA NAMPO Harvest Day at stand 97 in the NAMPO hall. ■



▲ Donaldson, partnering with the agricultural sector since 1915.





## The history continues...




For 50 years, Donaldson has provided filtration solutions across Africa in some of the harshest conditions. Our leading edge lube, fuel, coolant and hydraulic filter ranges have delivered competitive coverage, superior service and reduced downtime for a number of agricultural applications. Whether it be tractors, harvesters, material handling, silos, hoppers, or garners, we have the tried and trusted filtration solution for you.

For the next 50 years and beyond, Donaldson will continue to provide innovative filtration technology to support the demanding requirements across the African continent.

Visit us at NAMPO 12 - 15 May

Stand 97 - NAMPO Hall

Donaldson® FILTRATION SOLUTIONS

0860FILTER
www.donaldson.co.za

# TeeJet Matrix 430 provides simple, easy-to-use guidance

**TIM STUENKEL,** global marketing communications manager, TeeJet Technologies

The new Matrix® 430 is an easy-to-use and low cost GNSS guidance system. The compact unit features a graphical, touchscreen user interface that allows for fast setup and intuitive operation. The system is ideal for a wide range of field applications including spraying, spreading, tillage and solid seeding.

The Matrix 430 uses a 110 mm, high-contrast, full-colour display for excellent visibility, even in bright light conditions. It contains an integral GNSS receiver that supports both GPS and GLONASS signals with a choice of two available antennas. The standard patch antenna provides proven performance in a very compact size, while the RXA-30 antenna provides improved signal reception for more challenging conditions such as hilly terrain or heavy tree cover.

Other product features include: Return-to-point, coverage mapping, field area measurement, applied area alert, elapsed time counter, simple job reporting, and a choice of four guidance modes: Straight AB, Curved AB, Center Pivot and Last Pass.

The Matrix 430 builds upon the highly successful and proven Centerline 220 guidance product while providing an enhanced user interface and expanded capabilities. This product is designed for the grower who wants a simple, affordable guidance system – whether they are a first time buyer or experienced user of GNSS guidance products.

To locate your nearest distributor or learn more about Matrix 430 and the full line of TeeJet products, visit us at Grain SA's NAMPO Harvest Day. ■

1


2


▲ 1: The Matrix 430 setup screen.
▲ 2: The Matrix 430 operating screen.




Matrix 430 Guidance

DynaJet Flex 7120

AI3070, AITTJ60, AIXR, TTI and TTJ60 Air Induction Spray Tips

SEE WHAT'S NEW
IN PRECISION SPRAYING, GUIDANCE AND CONTROL

Visit TeeJet Technologies in NAMPO Hall, Stand 35

- Learn about our new DynaJet® Flex 7120 system that provides droplet size control at your fingertips and ensures consistent spray quality across a wide range of speeds and application rates
- See how easy and affordable GNSS guidance can be with the new Matrix® 430
- Look at our full line of precision spray tips including air induction drift control nozzles, twin spray nozzles, fertilizer nozzles and more

Visit Our Booth for a Free Sample of Our Newest Spray Tips

TeeJet® TECHNOLOGIES

www.teejet.com twitter YouTube

# ‘n Eenstop vir meganisasie-oplossings

**ANITA VAN ZYL,** namens Barloworld Agriculture

Barloworld Agriculture fokus op die daarstelling van geïntegreerde, tegnologiegedrewe meganisasie-oplossings wat produsente in staat stel om meer produktief en winsgewend te boer. In lyn hiermee word die Massey Ferguson-produkreeks voortdurend uitgebrei en dienslewering verbeter.

Barloworld Agriculture het die afgelope jaar aansienlike groei behaal met sy Massey Ferguson-reeks, veral wat hoëspesifikasietrekkers en breedwerkplanters betref. “Met die toevoeging van presisietegnologiestelsels en -produkte tot ons portefeulje kan ons nou ‘n meer geïntegreerde oplossing aan eindgebruikers bied,” sê mnr Johan Joubert, hoofbestuurder van Massey Ferguson by Barloworld.

“As Topcon-verspreider en -diensverskaffer kan ons voortaan self presisietegnologie met ons produkte integreer, installeer en ondersteun. Topcon se gevorderde tegnologie is ontwerp om opbrengste te verhoog, insetkoste te verlaag, grond en water te bewaar, en plaasbestuurstelsels oor die algemeen te verbeter. Dit maak Topcon die ideale vennoot vir ons produkaanbod.”

Die integrering van Topcon-tegnologie met Massey Ferguson en Challenger-hoëspesifikasietrekkers sal prakties gedemonstreer word by vanjaar se Graan SA NAMPO Oesdag. ‘n Wye reeks oplossings is beskikbaar om aan verskillende behoeftes te voldoen.

## Nuwe produkte

“Al meer eindgebruikers ervaar die verskil wat Massey Ferguson-tegnologie maak ten opsigte van brandstofverbruik, produktiwiteit en werksverrigting,” sê Joubert. Verdere waarde word nou toegevoeg met die bekendstelling van drie Row Crop-modelle in die hoëtegnologie MF 7600-reeks van 96 kW tot 177 kW.

Die eerste model in die nuwe Global-trekkerreeks sal ook op NAMPO te sien wees. Die MF 4708 – ‘n platformtrekker van 61 kW – is heeltemal herontwerp vir ‘n nuwe vlak van werksverrigting in sy segment.

Dit word aangedryf deur ‘n brandstofdoeltreffende AGCO Power-enjin en is beskikbaar met twee ratkas-opsies (8X8 en 12X12) en met twee- of vierwielaandrywing. Die trekker het ‘n hysvermoë van drie ton.

Veelsydige nuwe wingerd- en boordtrekkers word ook bekend gestel. Twee vierwielaangedrewe modelle is beskikbaar: Die MF 3625 GE – ‘n platformmodel van 51 kW met ‘n lae profiel, en die MF 3640 GE – ‘n kajuittrekker van 61 kW vir spuitwerk en ander take wat meer krag verg. Hierdie trekkers het ‘n buitewydte van so min as 1,15 m, met die toepaslike bandgrootte en die SuperTurn-vooras, sorg dit vir ‘n baie kort draaisirkel wanneer daar in en uit rye beweeg word.

Massey Ferguson se nuwe fynsaadplanter kom uit dieselfde fabriek waar die gewilde MF-bewaringsbewerkingsplanters vervaardig word. MF 300-fynsaadplanters is plaaslik beskikbaar met 20 rye en 26 rye, en met ‘n rywydte van 17 cm.

Afgesien van hierdie planters, val die kollig by NAMPO ook op Massey Ferguson se breedwerkplanters, wat reeds in groot aanvraag is vir die komende plantseisoen. Drie tipes breedwerkplanters is beskikbaar in opsies met 12, 16 en 24 rye en rywydtes van 76 cm of 91 cm afhangend van die model.

Massey Ferguson se volledige hooimaakreeks word ook by NAMPO uitgestal. Dit bestaan uit tolsnyers, hooilugters, kragharke, vierkant- en blokbalers sowel as ‘n tegnologies gevorderde, selfaangedrewe platsnyer uit Amerika.

Saam met die uitbreiding van Barloworld Agriculture se meganisasie-oplossings kom die uitbreiding van sy handelaarsnetwerk en naverkope-infrastruktuur. Sterk fokus word geplaas op tegniese ondersteuning en onderdeleversiening. “Ons wil ons differensieer deur dienslewering te bevorder en koste van eienaarskap te verlaag, ten einde verdere waarde toe te voeg,” sê Joubert. ■



▲ Massey Ferguson-breedwerkplanters word gekenmerk deur betroubare werksverrigting en uitsonderlike akkuraatheid.



▲ ‘n MF 7618-trekker sleep die swaardiens MF 2270 XD-blokbaler. Dié baler lewer ekstraswaar bale wat onder meer voordelig is vir uitvoer.


Barloworld Agriculture
VERLAAG JOU KOSTE VAN EIENAARSKAP
Nuutste enjintegnologie – doeltreffende kraglewering, 16% laer brandstofverbruik
Beste transmissiekeuse vir presisiewerk in strawwer toepassings
Gereed vir integrering met enige presisieboerderyproduk
7 modelle van 96 tot 177 kW
Ook met Row Crop-bande: MF 7615 van 103 kW (enkelwiele); MF 7624 van 162 kW (dubbelwiele); MF 7626 van 177 kW (dubbelwiele)
KONTAK JOU MF HANDELAAR NOU!
Of skakel 011 898 0474 vir jou naaste handelaar
MF 7600-REEKS
NOU OOK BESKIKBAAR MET ROW CROP-OPSIES
VAN MASSEY FERGUSON
MASSEY FERGUSON is 'n wêreldwye handelsmerk van AGCO.
AGCO Your Agriculture Company
MASSEY FERGUSON

# Kollig op New Holland boord- en wingerdtrekkers

**OCKERT SCHEEPERS,** New Holland Suid-Afrika

New Holland spog met 'n volledige reeks boord- en wingerdtrekkers naamlik die T4F/V/N-modelle wat al vele toekennings verwerf het asook die welbekende TDF-reeks. Met die onlangse toevoeging van die nuwe T3F-trekkers tot die segment in die Suid-Afrikaanse mark, beklemtoon New Holland hul toewyding om te voldoen aan die vereistes wat enige spesialis-applikasie verlang.

Na afloop van strawwe evalueringstoetse wat oor 'n periode van ses maande gestrek het, is New Holland se T3F-trekkers met die gesogte "Trekker van die Jaar"-titel bekroon as beste in die gespesialiseerde klas vir 2015. Hierdie goeie nuus is aangekondig tydens die jaarlikse Eima Skou in Bologna, Italië, een van Europa se bekendste skoue waar landboumasjinerie en -toerusting van regoor die wêreld ten toon gestel word.

## Nuwe T3F-reeks

Die New Holland T3F-reeks trekkers is ontwerp om aan die behoeftes van vrugte- en wingerdprodusente te voldoen, waar 'n kompakte trekker met hoë kraglewering vereis word. Met trots stel New Holland Suid-Afrika dus twee modelle uit die reeks bekend, naamlik die T3.55F (40 kW) asook die T3.75F (53 kW). Met 'n baie kompakte ontwerp, voldoen die T3F-trekkers aan die uitdaging om take te verrig waar afmetings binne wingerdrye van kardinale belang is. Hierdie trekkers word toegerus met die kragtige Iveco S8000-reeks enjins wat turboaangedrewe en tussenverkoel is en word geproduseer deur Fiat Powertrain (FPT) om aan Tier 3-emissiestandaarde te voldoen. Verder spog die enjins met lae geraas- en vibrasievlakke asook baie lae brandstofverbruik en maksimumwringkrag wat strek tot 295 Nm.

Verskeie band-opsies komplementeer die trekkers om met 'n minimumwydte van tot 1,35 m in enige ry te pas. Hierdie veelsydige trekkers spog met moeitelose hantering en effektiewe kilowattaanwending danksy meganiese voorwielaandrywing, 'n wielbasis van 1,86 m en 'n kort stuursirkel van slegs 3,4 m. Die standaard toegeruste rolbeskerming bied nie net veiligheid aan die operateur nie, maar kan ook platgevou word waar daar in boorde gewerk moet word met beperkte hoogtes.

Indrukwekkende hidrouliese olievloei van 84 liter/min word deur twee vasteverplasingspompe verkry en maak die trekkers weer eens leiers in hulle klas op dié gebied. Die stuurstelsel word konstant voorsien van 32 liter/min deur een van die pompe en die ander lewer 52 liter/min doelgerig aan slegs die driepuntstelsel en twee eksterne hidrouliese kleppe. Hierdie trekkers spog met 2,277 kg optelkapasiteit op die bal-ente van die driepunt en implemente word moeiteloos hanteer deur middel van die Lift'o Matic-kontrole wat die driepunt optel en sak vir draaie op die wenakker, sonder om enige verstellings aan die driepunt te versteur.

Beide modelle in die reeks word standaard toegerus met 'n 12x12-transmissie wat meganiese vorentoe/agtertoe-skakel insluit om operateursgerief verder te bevorder. 'n Dubbelspoed 540/540E-kragaftakker rus die trekkers verder toe vir enige applikasie en die skakeling vind plaas vanaf die nuut uitgelegde operateursplatform wat spog met nuwe, duursame, liggrys stilering. Hierdie trekkers word geken aan hulle brandstofeffektiwiteit en die ekonomiese opsie op die kragaftakker is doelgerig hiervoor in ligter applikasies, byvoorbeeld spuit.




▲ New Holland se T3F-trekkers is met die gesogte "Trekker van die Jaar"-titel bekroon as beste in die gespesialiseerde klas vir 2015.

Uitsonderlike operateursgerief en duursaamheid is die kern in die ontwerp van hierdie trekkers. Die operateursplatform wat op rubberhegstukke gemonteer is, verseker vibrasie-, hitte- en klankisolasie om aan die operateur 'n moeitelose omgewing en onvergeetlike rit te besorg. Vanuit die groot en verstelbare sitplek het die operateur 360° se onbelemmerde sig rondom die trekker en alle kontroles is beskikbaar in 'n nuut ontwerpte uitleg digby die operateur se regterhand. Hierdie modelle bou verder voort op New Holland landbou se tradisie van leierskap in die spesialiteitsegment en dus is die T3F-reeks die antwoord op die behoefte aan verhoogde produktiwiteit, veelsydigheid en maksimumgerief in enige boord- of wingerdapplikasie.

New Holland-landbouprodukte word versprei deur New Holland Suid-Afrika wat deel vorm van die suksesvolle Invicta groep en die produkte word gerugsteun deur 'n toegewyde handelaarsnetwerk met 102 bedryfspunte regoor Suid-Afrika. Vir meer inligting, kontak jou naaste NHSA-handelaar of besoek New Holland se standplaas by die Graan SA NAMPO Oesdag. ■



▲ Die T3F se ergonomiese kontrole-uitleg.

# ‘n Nommerpas-reeks vir al jou behoeftes

**Besoek ons by die Nampo-Oesdag 12 tot 15 Mei.**




Kontak vandag nog jou naaste New Holland-handelaar
of besoek ons by www.nhsa.co.za

Tindrum 15/019

# Kom kyk hoe draai die wiele!

**SA Graan/Grain redaksie**

**AL** ooit gewonder wat aan die gang is langs standplaas 152 B? As jy nog nooit kom kyk het nie, kán jy dit nie hierdie jaar mis nie, want dis hier waar die groot 4x4-menere vir mekaar tande wys!

Met 'n minimum van 15 fabrikate wat aan die demonstrasies gaan deelneem, beloof hierdie geleentheid om weer eens baie besoekers te trek, so maak seker jy is betyds daar om te sien hoe jou gunsteling voertuig op die baan vaar. Nie net gaan 'n paar nuwe 4x4-voertuie te siene wees nie, maar Landini sal ook 'n nuwe side-by-side demonstreer.

Hierdie jaar word die 4X4- en side-by-side-demonstrasies op dieselfde baan, maar apart van mekaar gehou, met die side-by-sides wat direk ná die 4x4's aan die beurt kom. Demonstrasies vind op die demonstrasiebaan reg langs standplaas 152 B plaas.


1

Uitstallers wat vanjaar demonstrasies gaan lewer is:
- Executive Toys Commercial
- Ford Motor Company
- Foton SA
- General Motors SA
- Hisun SA



COMET "World Leader in Spraying Pumps"

AGRICULTURAL DIVISION


BP 60


BP 75


BP 105-125



BP 600

Low Pressure Diaphragm Pumps - BP Range



APS 51


APS 121


APS 141


IDS 1401

High Pressure Diaphragm Pumps - APS & IDS Range


YA 65-75

High Pressure Piston Pumps - YA Range

INDUSTRIAL DIVISION

Low & High Pressure Pumps


AXD Series


RW & TW Series

GEOline

Full range of agricultural products:-
Control Units:- electric & manual control units
Filters & Ball Valves:- suction filters, inline filters & brass inline filters, ball valves
Polypropylene Fittings:- fittings, reducers, tank outlets
Tank Accessories:- lids, lid rings, baskets, gaskets
Nozzles & Nozzle Holders:- nylon body single nozzle holders, brass nozzle holders, column & T-spraying booms
Sprayer Accessories:- high pressure spray guns

FDX

HIGH PRESSURE PUMP KITS [PETROL ENGINES]



Purpose-built industrial pump kits with pump and engine fitted to sturdy tubular frame with 2 pneumatic wheels

Standard Equipment:-
10mtr high pressure rubber hose
Spray gun, Lance +Rotojet,
Lance +Variojet

| MODEL | COMET PUMP | Max. lt/min | Max. BAR | RPM | ENGINE | HP |
|---|---|---|---|---|---|---|
| FDX11/140 | AXD3020G | 11,0 | 140 | 3400 | HON160QX | 5,5 |
| FDX13/150 | AXD3522G | 13,0 | 150 | 3400 | HON160QX | 5,5 |
| FDX14/200 | AXD4030G | 14,0 | 200 | 3400 | HON390QX | 11,0 |
| FDX15/210 | ZWD-K4030G | 15,0 | 210 | 3400 | HON390QX | 11,0 |
| FDX15/276 | ZWD-K4040G | 15,0 | 276 | 3400 | HON390QX | 11,0 |

CLEANING DIVISION


Hot & Cold Water, Hobby, Semi-Professional & Professional units



K250 Cold Water High Pressure Cleaner
Single & 3 Phase - 1400RPM

NEW
K250 CLASSIC Model:- 660ltr/hr 160bar 10mtr hose
K250 EXTRA Model:- 660ltr/hr 160bar

Can be used vertically
Can be used horizontally


3" Self-Priming Diaphragm Pump
Available as per the above kit or 3" pump on its own


MTP KA 3200 Pump Kit
10ltr/m 150bar 1 Phase

Jaytrade

Contact the Sales Team for more details on the above products as well as other product ranges

Fax: 021 385 1638
Ronnie: 082 783 3836
E-mail: jaytrade@lando.co.za
Telephone: 0861 JAYTRADE or 021 385 1652
Web: www.jaytrade.co.za

# 4X4-demonstrasietye – daagliks

10:00: 4x4-voertuigdemonstrasies (4x4's en *side-by-sides*)
14:00: 4x4-voertuigdemonstrasies (4x4's en *side-by-sides*)

- John Deere
- Mahindra SA
- Mazda SA
- Mercedes-Benz SA
- Mitsubishi SA
- Nissan SA
- Smith Power Equipment
- Speedbike
- TATA SA
- Toyota SA Motors
- Volkswagen Commercial Vehicles

Besoekers kan met die betrokke uitstaller reël om 'n passasier in een van die demonstrasievoertuie op die baan te wees. Voorgeskrewe vorms moet egter voor die tyd by die uitstaller onderteken word. ❖











**1:** Ervare bestuurders toets die grense van verskeie voertuie by die 4X4-demonstrasies. Hier moet jy senuwees van staal hê.
**2:** Jy kan ook 'n passasier op so 'n demonstrasieroete wees. Boek net jou plek vooraf by die betrokke vervaardiger.
**3:** Hoe gaan dié bakkie die waterhindernis hanteer? Kom kyk gerus self by NAMPO. Dit is regtig iets om te sien!
**4:** Die *side-by-sides* sal ook weer deel van die demonstrasies wees. Moet dit nie mis nie!





# Ploegkompetisie beloof weer eens baie opwinding en aksie

**Lara de Goede, bemarkings-assistent, Tubestone**

**Die** tyd het aangebreek vir Graan SA se NAMPO Oesdag 2015 en een van die hoogtepunte hiervan is die Nasionale Ploegkompetisie in die vorm van die Graan SA, BKT en Tubestone Ploegkompetisie.

Dit sal die derde opeenvolgende jaar wees wat die ploegkompetisie deel van die NAMPO-program vorm en is nou al 'n hoogtepunt vir Oesdaggangers. In November verlede jaar het die ploegseisoen afgeskop met die eerste kompetisie wat in Hennenman, Vrystaat, aangebied is. Dié kompetisie het van 14 tot 15 November verloop waarna die tweede kompetisie op Mooirivier, KwaZulu-Natal, by die Weston Kollege gehou is. Die seniorfinaliste wat deurdring na NAMPO is sover: Mnre Paul Voster sr en Paul Voster jr – albei van Hennenman asook mnre Warren Blake en Johan Buys van Mooirivier, KwaZulu-Natal. Toeskouers sal vanjaar weer 'n paar bekende gesigte by die ploegkompetisie opmerk: Mnre Warren Blake en Johan Buys sal vir 'n tweede keer teen mekaar kompeteer en dit sal ook die Vosters se derde jaar in 'n ry by die ploegkompetisie op NAMPO Park wees.

Die Suid-Afrikaanse Ploegorganisasie (SAPO) het verlede jaar 'n juniorkategorie gestig, wat van dag een af 'n reuse-sukses was. Die jongmense het die kans aangegryp om die kuns van ploeg aan te leer en toon baie potensiaal – 'n goeie teken vir die toekoms van ploeg. Vanjaar gaan daar sover twee juniorfinaliste deur na NAMPO: Mnre Wikus Adendorff van Hennenman, Vrystaat, en Gus Alberts – 'n leerder van Weston Kollege op Mooirivier, KwaZulu-Natal. 'n Derde ploegkompetisie word beplan vir April op Magaliesburg en sal nog senior- en junior finaliste vir NAMPO oplewer.

Verlede jaar is die ploegkompetisie-finaliste behoorlik getoets deur die klipharde grond van die ploegvelde. Dit het uiterse goeie tegniek en ervaring geverg om te wen. Die manne moes behoorlik uithaal en wys, maar het hulself goed van hul taak gekwyt en weer eens bewys "'n boer maak 'n plan".

Hierdie jaar het die ploegkompetisie-span voorsorg getref en word die grond in die bekwame hande van Voster sr en sy span gelos. Hulle gaan die grond goed voor die tyd bewerk om te verseker dat alles glad verloop op die dag van die kompetisie. 2014 was 'n geskiedkundige jaar vir SAPO asook Suid-Afrika met hul eerste deelname aan die Wêreld Ploegkampioenskappe in Frankryk. Mnr Willie Ludik het Suid-Afrika verteenwoordig en het uitstekend gevaar. Vanjaar het ons twee verteenwoordigers wat aan die Wêreld Ploegkampioenskappe 2015 in Denemarke gaan deelneem. Mnr Robèrt Venema gaan in die omslagploegkategorie meeding en Voster sr, wenner van die Hennenman ploegkompetisie en finalis by NAMPO 2015, in die konvensionele ploegkategorie.



Tydens NAMPO 2014: Paul Voster sr (die tweede Suid-Afrikaanse verteenwoordiger na die Wêreld Ploegkampioenskappe in Denemarke 2015), Robèrt Venema (wenner van die 2014 Graan SA, BKT en Tubestone Ploegkompetisie en die Suid-Afrikaanse verteenwoordiger na die Wêreld Ploegkampioenskappe in Denemarke 2015), André van Rensburg (derde) en Rudi du Toit (ploegmeester van SAPO).

SAPO het baie tyd spandeer om die beoordelaars op te lei en ondervinding te bied, soveel so dat me Susan en mnr Rudi du Toit gevra is om te help beoordeel by die Wêreld Ploegkompetisie wat verlede jaar plaasgevind het. Die beoordeling by die Oesdag gaan dus op internasionale standaarde wees – en streng. Die deelnemers wissel van vaardige veterane tot beginners, maar een ding is seker: NAMPO 2015 gaan 'n tawwe kompetisie wees en besoekers moet dit nie misloop nie! Mnr du Toit is die ploegmeester by vanjaar se NAMPO Ploegkompetisie en sal ook dien as die skakel tussen SAPO en die media. Die hoofbeoordelaar by die senior ploegkategorie is mnr Roy Fuller en die medebeoordelaars is me Susan du Toit van SAPO, mnr Johan en me Irene Lötter van Tubestone en mnr Kobus van Straaten. Me du Toit sal die hoofbeoordelaar wees vir die junior ploegkategorie.

Die ploegkampioenskappe vind plaas by die Noordhek van NAMPO Park en almal word uitgenooi om te kom deel in die opwinding en om dié wonderlike sport in lewende lywe te ervaar. Toeskouers kan ook SAPO se stalletjie besoek vir meer inligting oor die sport en hoe om by ploegkompetisies betrokke te raak. Tubestone is die hoofborg van die ploegkompetisie en sal ook hul uitstekende landboubandereeks, BKT, en passasiersbandereeks, Nankang, by die Oesdag uitstal. Die maatskappy bied unieke dienste soos die TLC-program asook die Free Your Way Guarantee. Meer inligting oor hierdie dienste is op hul webtuiste beskikbaar. Vir meer inligting oor SAPO, kontak gerus vir Rudi du Toit by 079 517 3966 of rudi@tubestone.co.za of kontak Susan du Toit by 072 560 8331 of susan@tubestone.co.za. Besoek ook hul Facebook-bladsy, South African Ploughing Organisation (SAPO) en webtuiste www.saploughing.co.za. ❖

# Boerepatente bly 'n wenner

**SA Graan/Grain redaksie**

**Die** Graan SA/Omnia Boerepatentekompetisie is reeds vir meer as 'n kwarteeu 'n bewys dat die spreekwoord, "'n Boer maak 'n plan" vandag steeds geld! Produsente wat slim planne kan uitdink, kry vanjaar weer die geleentheid om tydens Graan SA se NAMPO Oesdag hul vindingrykheid hier ten toon te stel.

Nuwe asook gemodifiseerde patente kan vir een van die volgende vier kategorieë ingeskryf word:

- **Masjinerie, implemente en landboutoerusting** is patente wat boer- of plaasverwant is.
- **Gereedskap** is enige uitvinding wat innovasie in produsente se werkswinkels teweegbring.
- **Huishoudelike/tuintoerusting** is dié patente wat 'n verskil in en om die huis kan maak.
- **Ope-afdeling:** Enige uitvinding wat betrekking het op die verbetering van landbou/landboubestuur op graan- en veeplase (byvoorbeeld rekenaar- en enige bestuursprogramme, programmatuur ensovoorts).

## SPAN TEGNOLOGIE IN

Net soos verlede jaar kan inskrywings weer in videoformaat op YouTube gelaai word. Dit is egter belangrik om Wim Venter (wim@grainsa.co.za) daarvan te verwittig. Vindingrykes mag ook 'n DVD/video-opname van hul patent indien sou dit nie vervoer kan word nie. Let egter daarop dat dié opname reeds 'n maand voor die kompetisie ingestuur moet word.

Oesdagbesoekers kan gerus 'n draai gaan maak by standplaas 104 langs die Omnia-gebou om te sien met watter planne die "boere" vanjaar vorendag gekom het. ❖



Essie Esterhuizen van Leeudoringstad het verlede jaar met sy "Onkruid-gifspuit" 'n eerste plek behaal in die landboutoerusting-afdeling.



As 'n boer 'n plan gemaak het, deel hy graag sy wenresep met ander.

# Interessante NAMPO-statistiek

**SA Graan/Grain redaksie**

Meeste besoekers tot nog toe op een dag: 24 838
Meeste besoekers (totaal vir al vier dae) wat die Oesdag besoek het: 72 376 besoekers in 2013

Uitstalruimte onder dak: 17 060 m²
Uitstalruimte buite: 189 490 m²
Vierkante meter geplavei op NAMPO Park: 26 750 m²

Hoeveelheid boorgate op NAMPO Park: 12
Liters water wat tydens die Oesdag verbruik word: 450 000 liter/dag

Lengte van die hoofwaterlyn: 5,4 km
Lengte van die rioolnetwerk: 5,4 km

Kragverbruik tydens Oesdag: 1 350 kVa
Die hoeveelheid transformators op die terrein: 13 ❖

# Graan SA/Omnia Boerepatentekompetisie: Beweeg saam met die tye

**GRAAN SA SE NAMPO OESDAG 2015: 12 - 15 MEI**




27 jaar

GRAIN SA
GRAAN SA

omnia

## AMPTELIKE INSKRYWINGSVORM

**Aangebied deur Graan SA en Omnia. Vindingryke produsente kry weer geleentheid om gemodifiseerde landboutoerusting te demonstreer.**

Die doel van die Boerepatentekompetisie is om produsente met oorspronklike idees aan te moedig om toerusting wat deur hulle gebou is vir spesifieke aanwending of vir die doel om hul eie probleme op die plaas te oorkom, met hul medeprodusente te deel wat sal lei tot algemene en groter doeltreffendheid en gerief op die plaas.

**Wat is 'n boerepatent?**
Dit is 'n oorspronklike toestel of toerusting wat deur 'n individu ontwerp en gebou is om in 'n spesifieke behoefte te voorsien wat nie deur bestaande toerusting bevredig word nie. Die toestel of toerusting mag nie gepatenteer wees nie en mag deur enige persoon vir eie gebruik nageboots word. Sien ook Reël 9.

**Inskrywings**
Rig alle inskrywings aan mnr Wim Venter, Graan SA, Posbus 88, Bothaville, 9660. Daar sal dan 'n eerste keuring gedoen en 'n sertifikaat van deelname aan alle gekeurde inskrywings uitgereik word. Inskrywingsvorms is ook beskikbaar by die Graan SA-kantoor – skakel hulle by 08600 47246.

Let wel: Sou jou patent van so 'n aard wees dat dit nie voor die tyd vervoer kan word nie, is ons meer as bereid om 'n DVD/video te ontvang (ten minste 'n maand voor die kompetisie) of as jy graag van die nuutste inligtingstegnologie wil gebruik maak, kan jy dit op *YouTube* plaas – stel egter dan net vir Wim Venter daarvan in kennis.

**1. Naam:** ..........................................................

**2. Adres:** ..........................................................

**3. Kontaknommer:** ..........................................................

**4. Dui met 'n kruisie die afdeling aan waaronder jy inskryf:**

A. Masjinerie, implemente en landboutoerusting
☐ A1: Nuut ☐ A2: Gemodifiseer/aangepas

B. Gereedskap
☐ B1: Nuut ☐ B2: Gemodifiseer/aangepas

C. Huishoudelike-/tuintoerusting
☐ C1: Nuut ☐ C2: Gemodifiseer/aangepas

D. Ope-afdeling
☐ Enigiets nie hierbo vervat nie, maar wat betrekking het op die verbetering van landbou/landboubestuur op graan- en veeplase (byvoorbeeld rekenaar- en enige bestuursprogramme, programmatuur ensovoorts).

**5. Volledige beskrywing van toestel/toerusting en algemene inligting:**

..........................................................
..........................................................
..........................................................
..........................................................

**Ek onderneem om by die reëls van die kompetisie te hou.**

**Geteken:** ..........................................................

**Naam en van in blokletters:** ..........................................................

## REËLS VIR DIE KOMPETISIE

1. Ingeskrewe artikels moet op die voorgeskrewe wyse by die Graan SA NAMPO Oesdag ten toon gestel word. Daar sal van die uitstaller verwag word om sy patent prakties te demonstreer vir die duur van die NAMPO Oesdag, met ander woorde, al vier dae.
2. Inskrywings sal slegs op die amptelike inskrywingsvorm aanvaar word.
3. Inskrywingsvorms moet Graan SA se kantoor minstens twee weke voor die aanvang van die NAMPO Oesdag bereik. Behalwe in die geval van 'n DVD/video, moet dit die beoordelaars ten minste een maand voor die tyd bereik.
4. Die uitstaller is verantwoordelik vir die vervoer van en toesig oor sy patent gedurende en na afloop van die uitstalling.
5. Graan SA of Omnia kan geensins verantwoordelik gehou word vir enige verliese gely deur die uitstaller weens sy deelname aan die kompetisie nie.
6. Patente (en uitstallings) moet die oorspronklike idee van die uitstaller wees.
7. Slegs bona fide produsente of ander individue wat geen belang by die kommersiële vervaardiging van soortgelyke toerusting of toestelle het nie, mag inskryf.
8. Geen toerusting wat kommersieel bemark of in die proses van registrasie is, mag meeding nie.
9. Die inskrywing van gepatenteerde produkte wat omgeskakel word in 'n nuwe patent, sal toegelaat word mits dit nie kommersieel beskikbaar is nie.
10. Die aangewese beoordelaars se beslissing ten opsigte van die toekenning van pryse is finaal en geen appèl teen enige besluit sal aangehoor word nie.
11. Die beoordelaars sal pryse toeken na goeddunke en inskrywings afkeur wat volgens hul oordeel nie inpas nie.
12. Afdelings waaronder deelgeneem kan word:

A. Masjinerie, implemente en landboutoerusting
 A1: Nuut
 A2: Gemodifiseer/aangepas

B. Gereedskap
 B1: Nuut
 B2: Gemodifiseer/aangepas

C. Huishoudelike-/tuintoerusting
 C1: Nuut
 C2: Gemodifiseer/aangepas

D. Ope-afdeling
 Enigiets nie hierbo vervat nie, maar wat betrekking het op die verbetering van landbou/landboubestuur op graan- en veeplase (byvoorbeeld rekenaar- en enige bestuursprogramme, programmatuur ensovoorts).

13. (a) Uitstallings moet op die laatste Maandag, 11 Mei 2015, teen 14:00 op die terrein wees. Kundige teenwoordigheid vir die duur van die NAMPO Oesdag word verwag. Inskrywingsvorms moet saam met die patent by die ingangshek getoon word.
(b) Geen uitstalling mag voor Saterdag, 16 Mei 2015, verwyder word nie.
(c) Alle inskrywings word as permanente uitstallings vir die duur van die NAMPO Oesdag beskou. Waar daar byvoorbeeld van 'n voertuig soos 'n bakkie gebruik gemaak word om 'n patent te demonstreer, sal die bakkie as 'n permanente deel van die uitstalling beskou word en mag dit nié tydens die periode wat die NAMPO Oesdag duur, van die terrein verwyder word nie. *Sien 13(a)*.

**Beoordeling vind op 12 Mei 2015 plaas en produsente word genooi om patente te kom besigtig op standplaas 104 langs die Omnia-gebou. Moet dit nie misloop nie!**

# ONE CUP, ONE KLAP,
# ONE BOK!

Support your team at the semi-finals, with John Deere.



## BUY A JOHN DEERE NOW!

*Before 15th of MAY 2015.*

WIN AN ALL EXPENSES PAID 10 DAY TRIP to the Rugby semi-finals in England! Visit our stall at Nampo 2015 to find out more.

**COMMIT TO BUY A**

**• JOHN DEERE AT NAMPO •**

& WIN AN ALL EXPENSES PAID TRIP TO THE WORLD CUP RUGBY.




JOHN DEERE

The draw will be held on the 15th of May 2015. The competition is valid for the following John Deere Products: **6M, 7R, 8R, 9R Tractors, Combines & Self-Propelled Sprayers.** Terms and conditions apply.

Deere.co.za

# AGRICO Spilpunte & Lineêre Besproeiers



















NAVRAE: Alfred Andrag 082 824 1214 021 950 4111 950 4208 alfred.andrag@agrico.co.za

VERKOPE EN DIENS MET TAKKE OOR DIE LAND:

• Aliwal-Noord • Bellville • Bethlehem • Bloemfontein • Bothaville • Caledon • Ceres • Cradock • Estcourt • George • Hartswater • Humansdorp • Kakamas • Kimberley • Kroonstad • Lichtenburg • Malmesbury • Moorreesburg • Nelspruit • Nigel • Nylstroom • Pietermaritzburg • Piketberg • Rawsonville • Tzaneen • Upington • Vredendal •

AGRICO

*Meer as 100 jaar van diens!*
*More than 100 years' service!*